
REGISTERS


0 10 20 30 40 50 60 70 80 90 100
geskrewe taal
prosa
koerante en tydskrifte
belletristiese prosa
kerktaal
gepubliseerde preke
Bybelvertaling
godsdienstaal n148
nie-fiksie
belletristiese poësie
A
B
C
D
E
B-C
A = % b.vdwe.(x100)
B = % ongereg.
C = % ongereg. met stamverband
D = % ongereg. wat gereg. sou kon gewees het
E = aantal woorde in teks ÷ 5.000

Die gegewens kan op die volgende wyse geïnterpreteer word. As A, die persentasie b.v.dwe. in die teks, as kriterium vir die ingewikkeldheid van die teks geneem kan word soos in 4.2.4.1 gedoen is, dan is die ingewikkeldste tekste hier (relatief tot die ander) die preke en belletristiese poësie. Dit is vergelykbaar met die periode na 1925, waarin die preekbundels gemiddeld is, maar die poësie ook hoog.

In par. 4.2.4.1 is aangeneem dat 'n hoë D saamhang met 'n relatief "gesofistikeerde" styl; D was daar relatief hoog vir die poësie en o.m. laag vir die 1975-Bybelvertaling. Ons vind nou dat D voor 1925 ook relatief hoog is vir die poësie (maar ook vir koerante en tydskrifte en niefiksie) en relatief laag vir EVPs (die Bybelvertaling).

Waar B-C groot is, dui dit daarop dat daar 'n relatief groot persentasie gereg. v.dwe. in die teks voorkom en dat slegs 'n klein persentasie van hulle met die stam verband hou, dus òf relatief baie van die eenvoudige gereleksifiseerde tipe soos opgewonde bevat, tipies van die spreektaal, òf baie van die abstrakte tipes, bv. betrokke en verborge, soos in die regstaal (vgl. par. 4.2.4.1). B-C is na 1925 op 'n laagtepunt vir die Bybelvertalings en so ook voor 1925 vir EVPs. Terwyl B-C na 1925 laag is vir die belletristiese poësie, maar nie vir die Psalms en Gesange nie, is dit voor 1925 juis betreklik hoog vir die belletristiese poësie. Dit laat die vraag ontstaan of die poësie voor 1925 nie eerder vergelyk moet word met die Psalms en Gesange na 1925 en met die belletristiese poësie na 1925 nie.

Verder kan daarop gewys word dat koerante en tydskrifte, belletristiese prosa en nie-fiksie volgens die voor 1925-gegewens redelik goed met mekaar ooreenstem, soos verwag sou kon word.

Oor die algemeen kan dus gesê word dat ons ook in die periode 1875-1925 duidelike registerverskille vind, en dat hierdie verskille in 'n redelike mate met die verskille uit die periode 1925-1978 vergelykbaar is.

5.2.4.2 <u>Diglossie</u>

In aansluiting by par. 5.2.4.3 hierbo kan gesê word dat die gegewens uit die periode 1875-1925 net soseer op 'n afgelope proses van diglossie wys as dié vir 1925-1978. Wat byvoeglike v.dwe. betref, is daar ook uiters min fonologiese tussenstadia aangetref, vgl. <u>beskonk</u> (AFG59,r), <u>besoop</u> (PB 26,r AFG28,r en 91,r), <u>verborre</u> (PA27), <u>geskaap</u> (AFG107,r), <u>opgestook</u> (AFG29,r) - die meeste hiervan met 'n rymfunksie - en 'n aantal gevalle van die tipe <u>gebinde</u> (OKI109), wat egter ook geïnterpreteer kan word as <u>ge</u> + die gangbare stamvorm. Daarbenewens kan vir die tydperk 1875-1925 ook gewys word op die groot aantal volledig ongereg. v.dwe. in werkwoordelike funksie, in regstreekse teenstelling met die fonologiese en morfologiese aftakeling wat ons in hoofstuk 3 nagegaan het. Soos in die tydperk vanaf 1925, vind ons ook in die tydperk voor 1925 registerverskille t.a.v. die gebruik van die b.v.dw., vgl. par. 5.2.4.1 hierbo.

5.2.5 <u>Diachroniese aspekte</u>

5.2.5.1 <u>Statistiese benadering</u>

As ons met behulp van die registergrafieke in par. 5.2.4.1 en 4.2.4.1 hierbo die periodes na en voor 1925 met mekaar vergelyk, dan vind ons dat A ruweg ooreenstem, sodat die teksversamelings uit die twee tydperke waarskynlik van ongeveer dieselfde ingewikkeldheidsgraad is. B is oor die algemeen hoër en C konsekwent laer voor 1925 as daarna, sodat B-C voor 1925 òf net so groot, òf groter as na 1925 is. Dat B - die persentasie ongeregulariseerdes - hoër voor 1925 as daarna is, is soos verwag kan word; egter nie dat C laer is nie. Dat D - die persentasie ongeregulariseerdes wat gereg. sou kon gewees het - voor 1925 hoër is as daarna, stem ooreen met die verwagting. Hierdie vergelyking is egter nie baie betroubaar nie, omdat die materiaalseleksie van voor 1925 verskil van dié van na 1925.

'n Vergelyking van A,B,C,B-C en D binne die tydperk 1875-1925, waarvoor tekste gegroepeer is rondom 1880, 1890,

ens., tot 1920, het nie 'n noemenswaardige tendens oor die tydperk in sy geheel aan die lig gebring nie, behalwe dat B (en gevolglik ook B-C) relatief hoog was rondom 1880 in vergelyking met die res van die periode.

5.2.5.2 Diachroniese vergelyking d.m.v. voorbeelde

Vir die moderne taalgevoel doen sommige vorme uit die tydperk voor 1925 "konserwatief" aan en ander "progressief". Soos verwag kan word, is heelwat meer van e.g. as van lg. gevind. Daar moet egter rekening gehou word met die feit dat so 'n vergelyking subjektief is.

5.2.5.2.1 "Konserwatiewe" vorme

Sommige b.v.dwe. is in die onderhawige tydperk meer geneig om die ongereg. vorm te hê as in die tydperk vanaf 1925. Ons kan hulle in 'n paar kategorieë verdeel:

(a) Die ongereg. vorm kom waarskynlik nie meer in mod. Afr. voor nie. Voorbeelde is: van dieselfde hondji gebete (PAII:6), 'n weinig gedronke (ALI77, in resep), van skrik bekome/(CEL45), met floek belade/(AFG3), die opgesteë bloed (Toi35), mar almal is gewoge!/(r) (AFG145), was di ... beswaar van di twe lede geweke (ALI91), was die donkere wolk nie geweke nie (Toi24), van die sonde doordronge (EVO44), Georwe had hy en syn vrou maar bedroef min (Hol15), ver genote waarde (ALI96), ver waarde genote (ALI97).

(b) Die ongereg. vorm kom vandag nie meer in dié betekenis of konteks (dikwels die postnominale) voor nie. Voorbeelde: die hand aangebode hou (BR469), Ferbonde deur 'n dure eed (AFG43), sedert altyd onder syn nakomelinge geblewe (ALI91), een onreg ons kinders aangedaan (PA8), Gegewe en tog nie verdien (TOT48), hoe Martjie's hart aan hom/gegéwe was (CEL96), van haar kwaal genese (EVO20), liefde-dors, skoon ongenese,/(r) is beter dan versadigd wese/(TOT47), afgevaardigden gekose deur die Ringe (PA140 en vgl. ALI39, 2x), Bestuur verkose deur (ALI39), ver die vierde maal herkoze als President

(ALI63), haar uitverkore maat (Wa30), syn uitverkore vrind (W98), die sakie klaar beklonke is (CEL63), Die vee van Sikonyella herkreë (KE71), toegelate deur Gods hand (AFG48), Jou lyde is gelede/(AFG145,r), Haar besluit was reeds genome/(AFG97), Onder die sluitsteen weggesonke/(TOT45,r), Sina (lees: China) bly ongeskonde met Ope Deur (PAII:5, opskrif), dat die gebiid fan Sina ongeskonde blyf (PAII:5), tot die groote eetsaal ... in 'n danssaal herskape sal wees (Ho111), Di wildernis en di woestyn/Herskape in 'n liif fontyn/(AFG 34), ons opgeslote maters (AFG36), waarin al eenge brokke, halfgesmolte,/aan afsak is (TOT71,r), Dit was syn laaste woord tot haar gesproke/(AFG120,r), Die familie was in Frankryk uitgestorwe (PA135, dub.), dan is 'n sak water getrokke (d.w.s. deur die pleister, ALI79), dat die straf voltrokke is (GL32, dub.), Sekoekoeni gevange en syn berg ingeneem (ALI67, elliptics), di verlise ... deur alle boere ondervonde (ALII21), owerwonne deur geweld (AFG97), waar dit bewese is dat dit bedrog was (PA156, dub.), dat nix bewese is van (PAI:4, dub.), Kaffers verla'e (GL97, opskrif = verslaan), Om dit geskrewe te kry(GLi), volgens 'n ideaal deur die bouwers voorgeskrewe (BR421), Dit staat beskrewe in (GL80).

In baie van bostaande gevalle sou die ongereg. vorm vandag nog in prenominale vorm aanvaarbaar wees; vorme van -kose is bv. na 1925 slegs in konteks 5a aangetref. Die ongereg. b.v.dw. het in sommige gevalle postnominaal onaanvaarbaar geword omdat dit nie meer met mutatiewe is verbind nie, vgl.

dat die tyd nou angebroke is om (ALI92), hy was fan onder haar/Ferdwene (AFG100), Ek is uit hul gesig ferdwene,/(AFG146,r, en vgl. 114,136(r)), Straks ... is die putters weer verdwene (TOT37).

(c) Die ongereg. vorm is vandag nog moontlik, maar doen argaïes aan. Voorbeelde: bedorwe korrels (PA23), bedorwe eyers (GL129), omdat die kommando ... ontbonde

was (GL98), En [illegible] [illegible]de smart (AFG132), gesete an Gods regterhand (AFG133), Tans fan jou so wreed geskye/(AFG158,r), tussen die son-beskene sfeertjies (BR450), Mar in die stille droom ferskene (AFG146), toe die hemele drie jare ... geslote was (EVO45), Fan wat daar opgeslote lig (AFG132), Ni so seer om di uitgesproke woord ni (OKI111).

5.2.5.2.2 "Progressiewe" vorme

'n Aantal kere tref ons in die tydperk 1875-1925 die gereg. vorm aan waar die ongereg. vorm in die later tydperk òf algemeen òf die enigste moontlikheid is. Voorbeelde:

so bly en angedoen was hy o'er die heerlike tyding (Ne40), So spot en skerts hul onbedag,/Fan dolhyd uitgelaat/(AFG44,r), die aangeneemde seun van (Wa18 x aangenome kind, Wa34, en seun, Wa93, en elders), dat dit nou ni fer my geraai is om 'n ferbintenis met jou en Maria te laat deurgaan ni (Ne30), Maar hy was vir die oomblik versink in gedagte (Wa78), diip in haar kop weggesinkte oge (Ne98), Net nou mar is hulle heeltemal vergeet! (PA109), en zoo raak dit vergeet (PA178), Ek's glad fergeet, ek letter V (OK117), in ver gedagtes heeltemaal verloor/ (CEL94); Hy ... is so opgeblaas dat hy denk dat (PAIII :2).

Ook enigsins progressief vir die tydperk voor 1925, is die volgende:

na naburige State en Kolonies, waar die uitvoer ook verbied is (ALIV71), dit is 'n grote eer hom angedoen (OKI 104), as di diins afgeloop is nie (OKII5), Julle loop nie, na alles afgeloop is nie (BR465), Hiermee was die saak afgeloop (Toi47), die skoen ... uit fatsoen/getrek al en verslijt/(TOT55), Byna 'n halfjaar is verstryk vandat (Wa45), di ingesweerde Juri (PAIII:5), laat soek het naar die verdwynde nurse (Wa9), of daar ni nog iits fergeet gebly het ni (Ne58), dat sij alleen is ... en vergeet (CEL58).

5.2.5.3 Die ww.v.dw. gedaan

Ten slotte kan as afsonderlike diachroniese verskynsel aangetoon word hoe sterk die deelwoordsvorm gedaan nog in die onderhawige periode staan, in vergelyking met ander ww.v.dwe.

Hulpwwe. bywerkwoordelike gebruik van ongereg. sterk v.dwe.

| | V.dwe. op -daan | | | | | | Ander v.dwe. | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Koerante en tydskrifte | Belletristiese prosa | Godsdienstaal | Prosa: niefiksie | Belletristiese poësie | Totaal | Koerante en tydskrifte | Belletristiese prosa | Godsdienstaal | Prosa: niefiksie | Belletristiese poësie | Totaal |
| het | 38 | 15 | 21 | 31 | 25 | 130 | 14 | 20 | 11 | 13 | 27 | 85 |
| heef | | | | | | | | | | | 1 | 1 |
| hê,he | 1 | | 1 | | | 2 | | 1 | | 1 | | 2 |
| had | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 5 | | 9 | | | 1 | 10 |
| is | 12 | | 5 | 9 | 3 | 29 | 40 | 11 | 26 | 28 | 12 | 117 |
| was | 1 | | | 2 | 1 | 4 | 6 | 17 | 12 | 6 | 6 | 47 |
| wees | | | | | | | | | | | 1 | 1 |
| wort,wor-(d)(e), ens. | 9 | 1 | 6 | 8 | 4 | 28 | 21 | 4 | 22 | 27 | 9 | 83 |
| werd | 2 | | | 1 | | 3 | 3 | 4 | 4 | 7 | 3 | 21 |

Die ongereg. ww.v.dw. gedaan (asook vorme soos afgedaan, voldaan) is een van die laaste ongereg. vorme wat (benewens gehad) nog in werkwoordelike funksie gebruik is. Ons gegewene toon dat die keuse van -daan (t.o. -doen) vir die tydperk in sy geheel nie afhanklik is van bv. passiewe funksie nie; -daan kom geredelik saam met die tipies Afr. hulpww. het voor. Anders is dit met 'n verskeidenheid ander v.dwe. gesteld. Blykens die totale kom hulle by voorkeur saam met is en was (dus passief of mutatief) voor, en saam met

word (en variante) en werd - waar ons slegs met die passief te make kan hê - meer as met het. Aangesien die passief normaalweg in tekste veel minder as die aktief voorkom, is hier 'n duidelike voorkeur vir die ongereg. ww.v.dw. in passiewe konteks merkbaar. Hierby moet egter opgemerk word dat die ongereg. vorm by die belletristiese prosa en poësie in vergelyking met die ander registers relatief dikwels saam met het/had voorkom, al bly passief/mutatief ook daar nog in die meerderheid.

As Stoops vir 1920 aantoon dat gedaan in 'n hoër persentasie passiewe (t.o. aktiewe) konstruksies voorkom as gedoen[149], dan moet ons daarmee rekening hou dat gedaan in dié stadium op sterwe na dood is in werkwoordelike funksie, soos uit ander gegewens blyk[150]. Tussen 1930 en 1950 kom gedaan byna uitsluitlik in passiewe konstruksies voor[151].

5.2.5.4 Samevatting

Benewens die feit dat die ongereg. v.dw. in werkwoordelike funksie voor 1925 nog 'n groot rol speel en na 1925 byna volledig van die toneel verdwyn het, kan geen groot verskille tussen die gebruik van die sterk v.dw. (dus veral byvoeglik gebruik) in die twee periodes aangewys word nie[152]. Dit is moontlik dat die persentasie ongereg. b.v.dwe. en die persentasie ongereg. b.v.dwe. wat (vandag) gereg. sou kon gewees het, in tekste voor 1925 hoër was as daarna en die persentasie ongereg. b.v.dwe. met stamverband laer, maar hierdie bevinding kan, gesien die verskille tussen die twee teksversamelings, nie as baie betroubaar beskou word nie.

Uit die periode voor 1925 is daar nie alleen vorme opgeteken wat vandag "konserwatief" sal aandoen nie, maar ook vorme wat "pro gressief" sal aandoen; e.g. is egter in die meerderheid.

'n Vergelyking van gedaan met ander ongereg. ww.v.dwe., toon aan dat gedaan - anders as die ander - hoofsaaklik in die aktief (met het) voorkom en dus in die onderhawige periode nog as 'n lewende uitspraakvorm beskou kan word.

## 5.3 DIE SWAK EN ONREËLMATIGE V.DW.

### 5.3.1 Inleiding

Die sistematies versamelde gevalle is in 'n paar lyste opgeneem: 'n lys met reëlmatige v.dwe., alfabeties volgens grondwoord gerangskik, waarin 'n grondwoord slegs opgeneem word as ten minste een b.v.dw. opgeteken is wat die /t/-uitgang het (par. 5.3.2.1); 'n soortgelyke lys, maar met die gevalle waar die uitgang slegs by 'n ww.v.dw. voorkom (par. 5.3.2.2); 'n lysie v.dwe. (byv. en ww.) wat (in ten minste drie gevalle) konsekwent sonder uitgang aangetref is (par. 5.3.2.3) en die onreëlmatige v.dwe. wat opgeteken is (par. 5.3.2.4). Hierna word enkele wisselvorme behandel (par. 5.3.2.5) en vorme in Arabies-Afrikaans (par. 5.3.2.6). Hierdie materiaal word vervolgens in par. 5.3.3 tot 5.3.9 verder ontleed.

Slegs v.dwe. waarvan die stam op 'n stemhebbende klank of stemlose frikatief uitgaan, is sistematies aangeteken. Alle ww.v.dwe. wat met die uitgang voorgekom het, is opgeneem. Gevalle waar die uitgang volg op 'n stam wat op 'n stemlose konsonant uitgaan, is slegs ad hoc opgeneem, vir sowel die ww.v.dw. as die b.v.dw. Indien 'n b.v.dw. oorganklik en nie-refleksief is, is dit as normaal beskou en nie aangedui nie.

Vooraf kan kortliks gekyk word na die Afrikaanse woordelys en spelreëls (afgekort "W+S") van 1921[153] in vergelyking met latere uitgawes van die W+S en die opgetekende materiaal. W+S '31/'37 dui talle b.v.dwe. met opsionele "(d)" aan. W+S '21 is wat betref die paar gevalle wat vergelyk is, selde meer konserwatief as W+S '31/'37, vgl. bedwelmd; het in meer gevalle dieselfde vorm, vgl. bekeerd, geseën, vermoeid en bemin, en is in nog meer gevalle meer progressief as W+S '31/'37, vgl. bedroef, verbaas, gematig, geoorloof, gewaag en verkleef[154]. Dat W+S '21 redelik progressief is, blyk verder uit gevalle soos bevrees, verdeel, (on-)beleef, geseën en ongemeubileer.

'n Vraag wat gestel kan word, is in hoe 'n mate W+S '21 'n weerspieëling is van die vorme wat in die skryftaal van

die tyd voorgekom het. Ons kan W+S '21 vergelyk met die opgetekende vorme, maar dan met inagneming van die feit dat 1921 redelik na aan die einde van die bestudeerde tydperk is. Van die gevalle wat lukraak in W+S '21 nagegaan is, is die volgende in ooreenstemming met die opgetekende gegewens: belemmerd, bevrees, bedaard, bedroef, bekeerd, geleerd, bestemd, ongesteld, ongetwyfeld, gewapend en geoorloof. Nie goed in ooreenstemming met wat opgeteken is nie, is verdeel, (on-)beleef, opgeruimd en verbaas, en teenstrydig daarmee is slegs geseën, teleurgesteld en vermoeid.

### 5.3.2 Materiaal

#### 5.3.2.1 Reëlmatige b.v.dwe. en ww.v.dwe., postnominaal

Ww.v.dwe. word telkens as sodanig aangedui, d.m.v. "ww." of die betrokke passiewe hulpww.

ADRESSEER geadresseer PA49,65 geadresseerd ALII37 (k4bii) ALIII32 (k4bii) ALIV18 (k4bii)
AFSONDER afgesonderd +r PA109 (9, _ leef) EV044
AMUSEER geamuseerd* Wa96 (k9)
BAAN gebaand EV037
BASTER ferbasterd -o Ne63
BEANGS beangst* Wa7 (k9)
BEDAAR bedaard* - stamvb OKI106(k9)OKIII3(k9),14(k9)BR467(k9) ALI91 (k9) VW12 (k9) Ca36 (k9), 44 (k9),47(k9)50(k9),50,53 (k9) Ne40 Ne74 Wa15 (k4c), 21 (k9), 90 (k9) Rei39 (k9) Toi 10 (k9) AFG36 (k4c,r), 38 (k9) CEL89,98 (het), 102 (k9) doodbedaard* - stamvb. Wa89 (k2)
BEDOEL bedoel VW42 Wa43 Ree35 bedoeld PAIII:6 ALI92 (word)
BEDROEF bedroef* PA77 Ho153 n155 (k3b) Ca27 (k9) Wa21 AFG 43 (k4c) EV06 bedroefd* TOT51 (k2)
BEGRENS begrensd ALII56 (k4bii)
BEKOMMER bekommer* +r PAI:2 bekommerd* +r EV036 onbekommerd* +r VW52 (k9) Wa21 (k9) EV014 (k9)
BELEMMER belemmerd Toi13 (k9) onbelemmerd ALIII29 (k9) AL III24 (k9) Rei29 (k9)

BEMAN bemand AFG44 (k4bii,r)
BEMES bemiste ALIII22 (2x)
BEMIN bemind GL36 (k3b) Ne63 (k3b) Wa14 (ww.), 19 Rei16,31 PB3
BEPAAL bepaald PA5 ALIV72 (word, 2x) ALIV75 (word) bepaald - stamvb BR468 VW13,18 (k9), 38 (k9) KE33 Ca44 Toil. ALIII51
BEPROEF beproefd ALI82 (el.)
BEREI bereid ALII20 (het, r) toebereid BybSJ51 (het) foorberyd/voorbereid +r Ne65EVO41 (worde) onfoorberyd/onvoorbereid + r PA27 (k3a) GL42 (k4c) Ca39 (k9) Ne73 (k4bii) AFG36 (k9,r)
BESIEL besiel KE101 besield BR484 (worde) VW31
BESKOU beskou(w)d PAIII:5 (word) ALII51 (worde, 2x) Wa62 (k6)
BESLIS beslis - stamvb Toi10 (k9) EVO41,41 (k9) onbeslis AFG24 (k9,r) beslist - stamvb Wa15 (k9), 30 (k9) CEL101
BESWAAR beswaar EVPs9:32 onbeswaard* -stamvb CEL60 (k2)
BETAAL betaal GL95 HoJ ' afbetaal Toi46 betaald ALI95 (word(e), 2x), 97 (wu de) ALII24 (word(e), 2x) ALII37 (worde, 2x), 52 (worde) ALIII50 (worde), 53 (worde) bybetaald ALII36 (worde), 37 (worde) afbetaald ALII22 terugbetaald ALIV49 (worde)
BETEUEL onbeteugeld VW6
BEVESTIG befestigd PAIII:3 (dub.)
BEVOORREG bevoorregt CEL82 (k4bii)
BEVRY bevry AFG48 (k4c) befrijd/bevryd PA164 ALII30 (worde) ALIII24 (worde) ALIV75 (word) KE5 (word), 64 Ho110 (k4 bii) AFG18 (het,r), 18 (k2,r) stofbevrijd TOT58 (k2,r)
BEWAAR bewaar ALII48EVPs8:29 bewaard/bewaart PA7,10 (k2), 12 (k2), 108 (dub.), 121 (ww.), 135 (k2), 174 (k2) ALI48 (k2) ALII28 (worde)
BLAKER geblakerd TOT81 (k4bii)
BOEI geboei GL39 (k3a) geboeid VW25
BOOR deurboor AFG19 (k2,r) deurboord AFG25 (k3a)
BOU gebou(w) Rei18 EVPs4:29 bebou AFG22 (r) gebou(w)d OKII 14 (ww.) ALI62 (el.) BRK23 BRK36 (het), 42 opgebouwd BR 484 (worde) uitgeboud ALII36 onbebouwd VW14 herbouwd AFG 28 (word,r)

DAAL gedaal -o TOT90 (k4bi,r) gedaald -o AFG30 (k4bii)
DEEL ferdeel/verdeel AFG29 GL28 (k2) KE23 (vir firfirdiel, vgl. par. 5.3.2.6) verdeel - stamvb EVPs11:17,11:17 (k4bii) n156,11:18 meegedeeld OKII11 (werd) ferdeeld/verdeeld PAI:6 (k4bii) PAIII6 (werd) OKII2 ALII30 (worde) KE39 n157 verdeeld -stamvb VW10 EVPs12:52 n158, 12:53 n159 onverdeeld - stamvb EVO41
DEER ongedeer - stamvb CEL63 (k9) ongedeerd - stamvb Ho126 (k3a)
DEK bedekt CEL63 (k9)
DETERMINEER gedetermineerd - stamvb Rei48,50 EVO20,43,48
DIEN uitgedien GL34 gediend - stamvb Wa32 ingediend ALI90 (worde) toegediind ALII58 (word) verdiend EVO25 (het) onverdiend CA36 Wa12 (k9)
DOU bedouwd CEL38 (k4bi)
DRAAI afgedraai Wa69 omgedraai AFG19 (k4d,r) toegedraai TOT29 (k4bii) EVPs2:12 (k2) verdraaid VW10
DRESSEER gedresseerd AFG23 (el., r)
EER ge'eerd AFG13 (r) geëerd - stamvb Wa34 (k2), 39 (k2) AFG1 (k4bi) fereerd/vereerd OKII9 (had) ALII60 (word, r)
ERKEN erkend PA2,9,101 (wort), 180 ALII55 Wa65 (k6) AFG11 (worde)
FOLTER gefolterd Ne70 (k4c)
FORSEER geforseerd ALI50 (word) KE20
GROEI toegegroei -o OKI98,99 uitgegroei -o PA91 (r) ALII68 Ho109 begroei OKI100,118 Toi46 (k4bii) begroeid - stamvb BR450 folgroeid -o OKII14
HAAL ferhaald OKII1 (word) herhaald GL40 (k4bi) ALI84 (werd) behaald PAIII:4 (werd)
HINDER ongehinder Ne17 (k9) Ne80 (k9) verhinder Ree17 ongehinderd Toi6 (k2, 2x), 7 (k2)
HOOR verhoor EVPs1:13 gehoord ALII60 (het,r) AFG44 (word, r), 48 (het, r) TOT40 (het, r), 88 (ww) EVO17 (had), 26 (word, 2x), 48 (had) ferhoord Ne40 (dub.) AFG30 onverhoord PAI:4 (k9) n160, :3 (k9) VW10 (k3a)
HU gehuwd ALIV75 (k4a) ongehuwd ALIV75 (k4a)
HUL gehuld VW38 (k4c), Wa9,23 (werd)
JA(AG) geja GL18 (het) gejaeg BR450 (k4c) gejaag - stamvb

Ne10 (k9) ongejaag TOT6 (k4c, r) ferjaag/verjaag ALI66 (el.) AFG21 gejaagd - stamvb CEL25 (k9) ferjaagd AFG38 (het, r[161])

KEER omgekeer - stamvb Ree22 (k9) n162 gekeerd WA68 n163 omgekeerd - stamvb BR448 (k9) teruggekeerd -o ALI68 (el.) bekeerd EVO13,15 (worde), 39,44,45 (worde), 46 EVPs22:32 n164 onbekeerd EVO14 (2x), 22,50 (k3a), 52 (k9, 2x)

KEN toegeken KE14 (k4bii) gekend Ho110 (worde), 122 (had), 132 (worde) AFG23 (word, r) EVO22 (hê : ww.) ongekend TOT9 (k4a, r) erkend ALI37 (worde) AFG49 (r) miskend AFG1 (k4bi)

KEUR goedgekeurd PAI:3 (el.)

KLEE geklee Wal n165 beklee EVPs 7:25 (k4bii x gekleed) n166 gekleed +o ±r B09 VW11 (word), 11,31,38,44 KE66,93 Ho109 Ne31,33 Rei11,19 (word), 43 EVPs8:27 (x beklee) n167, 8:35 (k4c) CEL30 (k2) EVPs 16:19 aangekleed CEL17 uitgekleed CEL70 (het) beklee̲d Byb3J50 (worde) EVPS12:27,24:49

KLEUR gekleur KE102 gekleurd ALIV17

KOESTER gekoesterd TOT26 (dub.)

KOMMANDEER gekommandeerPAI:5 (word), 5 (dub.) opgekomma'deer GL91 (k4bii) opgekommandeer GL97 (el.) gekommandeerd PAI :5 (ww., 2x) opgekommandeerd PAI:5 (dub.)

LEEF beleef - stamvb VW47 (k9) OKII4 (k9) n168 Ne4 AFG23 (k2, r) onbeleef-stamvb Ho140 beleefd-stamvb BR409 (k9), 473 Toi43 Wa68 (k9) Rei34 onbeleefd-stamvb BR464 (k9) CEL7

LEER geleer ± stamvb. Ho126 n169, 127 Rei11 n170, 30 (el.) ongeleer - stamvb AFG12 (r) geleerd - stamvb PA55 (x ongeleerd) n171 PA92 (ww., r) (had) ALII60 n172 AL III57 (el.) VW9 (k2),n173 12 n174 Ho127 (x geleer) Ne22, 31 Ne64 (2x) ongeleerd - stamvb ALII63 ALIII57 (el.) VW9 Rei 33 (x geleer) AFG23 (k4a, r) wetgeleerd -stamvb Wa23

LEI opgelei VW4 afgelyd ALIV22 ferlyd Ne106 (was, ww., 2x)

MAAK gemaakt OKII12 (hê, ww.) welgemaakt - stamvb Ne61 n175 gemaakt-bestraffend - stamvb CEL25 (k9)

MEEN welgemeend Toi12

MENG gemeng ALI79 CEL43 (k4c) vermeng EVO44 (k4biii, 2x) gemengd ALII58 (k4bii) ALIII39 (el.) vermengd EVO44 (2x), 44 (k4bii)

MERK onopgemerk PA152 (k2) onopgemerkt Wa60 (k9), 94 (k4a)
MOOR fermoor/vermoor KE81 AFG21 (dub.) fermoord OKIII1 ALI 62 (el.), 65 (el.) 66 (el.), 68 (ww.) ALIII43 (werd) Ne 67 (ww.) AFG20 (dub.) uitgemoord AFG26 (het)
NOEM genoemd BR461 (k4bi) ALII30 (k4bii) ALIV22 (word x werd ... genoem) BRK45 (word) EV08 (k4bi), 43 (word) benoemd PA187 (el.) ALI85 (werd) genaamd EVPsl:26 (k4bi), 6:15 (k4bi), 7:11 (k4bi), 10:39 (k4bi), 15:21 (word x 15 :19 genoem te word), 19:29 (k4bi), 21:37 (k4bi), 22:3, 22:47,23:33 (k4bi)
OEFEN uitgeoefen VW48 (k4bii) uitgeoefend ALI89 (worde) beoefend ±o (= geoefen) Wa62 (k4bi)
OMRING omring OKII13 (k2) nl76 KE56 (k4c), 81 AFG26 (k4c) omringd PAIII:2 (k4c) VW39
ONTHUTS onthutst* Wa7
OORDEEL geoordeel -o Ree48 (k6) veroordeeld PAI:5 (ww.) PAIII:5 (ww.) ALI69 (worde) ALII52 (worde) PB58 (el.)
OORTUIG owertuig/overtuig ±r PA165,169 AFG44 o'ertuig/oortuig ±r Hol16 Wa63 oortuigd ±r Wa56 (el.)
OPEN geopen PA102 geopend PAI:6 (ww.) PAIII:5 OKII12 (worre) ALI62 (el.), 68 (el.), 68 (dub.), 69 (el.) AFG26 (el.) ongeopend WA27 (k3a) heropend ±o ALI68 (dub.)
ORGANISEER georganiseerd ALI52 (worde), 59 (k2)
PAAR gepaard - stamvb PA14 ALI44 (k2) AFG1 (k2)
PARFUMEER geparfumeerd ALIII46 (el.)
PASSEER gepasseerd OKII (dub.) ALI92 (ww.)
PLEEG gepleeg Wa16 (k4bii) gepleegd ALIV26 (k4bi)
PREEK gepreekt OKII (k4bii)
REËL geregeld PA73 (worre) geregeld - stamvb Ho139 (k9)
REFORMEER gereformeerd PA170
REGISTREER ongeregistreer ALIII32 ALIV18 geregistreerd AL III52 ALIV72
REGVERDIG geregvaardig - stamvb KE51 (k2) EVPsl8:14 (k3a) geregvaardigd - stamvb Wa45
REKEN gereken PA117 (k6, 2x) OKII7 (k6) ALIV23 (el.) Ne64 (k4c) bereken ALIII74 (wort) gerekend ALIV19 (word) bygerekend ALIV19 (k4d) (vir afgheriekent, vgl. par. 5.3.2.6) berekend PA85 (wort)

RESPEKTEER gerespekteer Rei31 gerespekteerd PAIII:5 Ne23 (werd)

ROEM beroem - stamvb ALII61 n177 PA75 beroemd -stamvb OKI 106 Ree54,57,68 AFG1 (k4bi)

ROER geroer* Ree54 onangeroer Hol35 (k3a) Ne86 (k2) ontroer* AFG37 (r) geroerd* Ne3 ongeroerd* AFG45 (k2) beroerd - stamvb BR462 (k9) ontroerd* TOT33 (k4c) EVPs 1:12 (k2), 1:29 (k2), 24:38

ROOF beroof Wa27 VW8 ontroof OKI104 beroofd VW49(k6)

RUIM opgeruim Hol11 opgeruim* - stamvb BR467 Ne57 n178 geruimd ALI92 (dub.) n179 opgeruimd* - stamvb KE57 Hol21 Ree30 (k4c)

RUS uitgerus -o BR473 AFG40 (k4c, r) toegerus EVPs1:17 (k5a: 'n toegerus volk) OKII10 (k4c) toegerust Wa62 (k4bi)

RYM ongerijmd - stamvb GL36 (k2)

SAAI gesaai ALII28 (worde, 2x), 29 (is, ww.), 29 (worde), 30 (word(e), 15x), 30 (is, ww.), 31 (worde, 3x), 31 (is, ww.) ALIII het in alle gevalle gesaai, nl. + worde: 22 (k9x), 23 (4x), 24 (12x), 25 (4x), + is (ww.): 23 (2x), 24 (1x), 25 (2x) uitgesaai VW18 (k4bii) besaai AFG27 (k2) gesaaid ALII28 (worde, 7x), 29 (worde, 5x), 29 (is, ww. 2x), 31 (is, ww.) bezaait BRK (k4bii)

SEËN gesegen AFG4 (r), 28 (r) gese'end/geseënd PA112 GL72 EVPs1:28, 1:42 (2x) 13:55,19:38 gesegend PA148

SEIL gesyld/geseild PA152 (el.) AFG17 (ww., r), 17 (ww.)

SEKONDEER gesekondeerd ALI91 (k4bii)

SKAAF beskaaf VW35 (k3a) KE56 (k2) PA19 GL14 beskaafste Ne85 onbeskaaf VW9 (k2, x beskaafdheid), 39 AFG23 (r) VW41 KE3 AFG32 (k4a, r) beskaafd Ne22

SKAAM beskaam GL7 (gewor'e) Ca24 (k3b) AFG12 (r) PAIII:2 (k3b) beskaamd - stamvb PA54 (k2), 131 (k2), 138,149 (k2) Hol11 Ca36 PB45 (k2) BybSJ35 onbeskaamd -stamvb Ne41 Ne102 (k9) Wa52 (byv, werd) BybSJ51 (k9)

SKAAR geskaar +r AFG19 geskaard +r AFG26 (k4bii, r)

SKERM beskermd PA149 (k4c) ALII28 (worde), 51

SKEUR geskeur AFG19 (r) ferskeur/verskeur AFG33 (el.) TOT 49 ferskeurd AFG19 (k3a)

SKRIK ferskrik/verskrik* EVO21:9 en 21:34 OKI107 Ne32 ALIII35 verskrikt* Wa15 (k9)

SKROOM onbeskroomd VW51 (k9)
SKRY geskry AFG35 (k4bi) geskryd AFG46 (k4d)
SMOOR fersmoor Ne63 gesmoord AFG1 (k4bi, r), 19 (word, r) half-gesmoord CEL5 (k5a)
SNEUWEL gesneuwel -o ALI66 (el.) AFG1,28 (el.), 35 gesneuweld -o PAIII:6 (ww.), :4 (ww.) PAIII:5 (ww.) Wa49 (el.)
SOEN fersoend Ne102 (k2)
SORG versorg BR470 besorg* - stamvb EVPs12:11,12:22,12:26 onbesorgd* - stamvb EV06 (k9)
SPAAR gespaard PA144 (k2) bespaard PAI:5
SPREI uitgesprei BR422 (k4d) BRK35 (r) CEL44 (k4d) versprei -o GL72 n180 Rei20 n181 gespryd AFG35 (k2, r), 47 (het, r) fersprуd/verspreid ALI38 (word), 87 (ww.) AFG36 (word, r) CEL10
SPRINKEL besprenkeld Wa37
STEL gestel BO38 gestel - stamvb PA77 (r, n182) BO37 Rei23, 36 n183 EVO38,40 angestel PA167 (ww.) teleurgestel* BR 452 Hol13 (k9) Ne2 (k9), 7 (k3a) Ne87 Wa98 Rei47,48 (4x), 49 (ww.), 48 (k2) same-/saamgestel ALII17 Bo38 PB9 welgestel - stamvb KE56 blootgestel Ne57,61 Wa89 (k2) herstel -o Ree24,16 Ne43 bestel Hol12 gesteld PAI:6 (werd) Ho (word) Ne75 EVO39 (word), 46 (worde) gesteld - stamvb PA122, 163 (r) GL61 ALII67 Ne98 AFG13 EV06,9,11,13 Hol20, 130 opgesteld PA164 angesteld ALII52 (worde) ALIII50 (worde) gerusgesteld KE39 (dub.) blootgesteld +r KE104 teleurgesteld* BR467 Wa2 welgesteld - stamvb Toi19 uitgesteld ALI91 (werd) ongesteld - stamvb Ne24 (k2), 30 (2) Wa6 hersteld -o OKI122 Toi21,39 AFG7 (k4bii, r) CEL92 ontsteld* Ca24 (k9) Ne86 (k9)
STEM bestem - stamvb BO14 gestemd Wa88 Ne34 bestemd - stamvb GL50 Hol36 (had) PA118 PAIII:2 Wa33 Toi24 onbestemd -stamvb CEL82 (k5a)
STOOR/STEUR versteur* BR426 n184 gesteurd* Ca38 (dub.), 49(9) Ca53 (k3a) ongestoord* OKII12 (k9) Wa46 (k2), 47 (k2), 61 Rei9 (k9) AFG8 (k9, r), 39 (k9, r)
STORM bestorm AFG19 (k2), 49 (k4c x bestormd) bestormd AFG 48 (k4c x bestorm)

STRAAL omstraald AFG30 (k4c)

STRAF ongestraf ALIII36 (k2) ongestraft PA29 (k2)

STREK uitgestrekt -o Wa94 (k9)

STROOI gestrooi CEL7 (k4bii) rondgestrooi TOT49 (k4c) CEL67 (k4bii) ferstrooi/verstrooi Ne28 (k2) AFG4 (r), 29 (r) bestrooi TOT58 (k4bii, r) CEL1 (el.) bestrooid AFG28 (k4c), 50 (word, r) verstrooid* - stamvb CEL83 (k9)

SUIWER gesuiwerd ALII29 (worde) ALIII46 (el.)

TEKEN opgeteken ALII63 (k4bii) afgeteken ALII68 onderteken GL87 (k4bii) opgetekend EVO22 (word) onderte(e)kend ALI 97 (k4bii) Wa51 (k4bii)

TEL getel ALII67 EVPs12:7 getelt PA166 (r) uitgeteld PA92 (het)

TROOS wel-getroost CEL96 (k4c)

TROU getrou -o PA154 n185 Wa26 n186 ongetrouwd -o GL70 (k3a) toevertrouwd EVO52

TWYFEL ongetwyfel - stamvb ALIII37 (k9) Ne8 (k9), 21 (k9) ongetwyfeld -o Ne29 (= sonder twyfel) ongetwijfeld - stamvb OKII7 (k9) BO13 (k9) VW6 (k9) KE41 (k9) Ho108 (k9) Ne4 (k9), 42 (k9), 48 (k9) Ne69 (k9), 74 (k9), 83 (k9), Wa21 (k9), 92 (k9) Toi46 (k9)

UITDOR uitgedord -o BR449 (k4c)

UITSONDER uitgesonder Ho123 (k8b), n187 uitgesonderd PA117 (k8b) n188 ALIV72 (k8a), n189 Wa61 (k8a) n190

VEL gefeld AFG35 (is, ww., r), 45 (el.) neergefeld/-veld AFG35 (k4c) Wa42 (werd)

VERANDER ferander/verander -o Ho169 (dub.) Ne56,66 Toi47 veranderd -o PA64 (k9)83 (is, ww.` ι6 (hê, ww.,) PAII: 6 ALII52 (ww.) Ne60 (dub.), 70 (k‸, onveranderd -o Wa6 (k2)

VERASSUREER verassureerd ALII51 (2x)

VERBAAS ferbaas/verbaas* ±r PA73 (k2) OKII4 ALIII39 (k4c) Ca14 (k9) Rei12(k9) PB25 (k2) AFG34 (k4c) EVPs2:47 (k2), 8:56 verbaasd* ±r BO13 Wa27 (k4c) n191 68 (k9) Rei40 (k2) CEL51 (k4c) EVO23 (k2)

VERBETER verbeterd BR484

VERBITTER verbitter* -o OKI115 (word, wrsk. koppelww.) n192 verbitterd* BR484

VERBLY verbly* ±r EVPs1:58 verblyd* ±r PA55,61 (r), 78 (r)

172 (het) OKI117 (k9, r) ALIII39 (k4c) Hol17 (het) PB 16 (k2) AFG18 (k2, r), 44 (r), 47 (k9)

VERBOUEREER ferbouwereer* AFG24 (r) verbouwereerd* BR464 (k9)

VERBROEDER verbroederd -o TOT22 (k9)

VERDEDIG verdedigd PB58 (el.)

VERDIEP verdiept +r Wa67

VERENIG ferenig/verenig AFG1 (k5a, ons – land) Hol08 AFG19 ferenigd/verenigd AFG1 (k5a, – Afrika) PA25 (k4c)

VERGESEL vergesel OKII7 (k8a) fergeseld/vergeseld PAI:6 (k4bii) PAIII:5 (werd) VW32 (k4bii) Wa'2 (k4c)

VERGRYS vergrysd -o AFG43 (k4c)

VERHEERLIK verheerlikt Toi23 (k4c)

VERHEUG verheug* PA181 n193

VERKLAAR verklaard PA157

VERKLEIN verkleind CEL60

VERMINDER verminder -o ALI79 (dub.)

VERMOEI vermoei Hol13 (k4bii) fermoeid ±r Ne74 onvermoeid ±r CEL23 (k4c)

VERNIEL ferniil Ne63 AFG33 (el.) vernield BR477

VERONTRUS veronrust* Wa6 (k4c)

VERRAS verras Toi42 verrast Wa86 (k9)

VERSADIG versadig BR471 n194 versadigd +r TOT47

VERSEËL versegeld ALII52

VERSEKER ferseker Ne61 n195 versekerd VW41 n196 CEL60

VERSILWER versilwerd TOT46 (k4c)

VERSKOON verskoon ±r PA104 (k2) ferskoond Ne55

VERSTEEN -o Ne42 (k3a) n197 Ne76 (k3a)

VERSTOM verstom -o CEL46 (dub.) verstomd* +r BRK37

VERSTYF ferstyf/verstyf -o KE10 (dub.) Ne101 (k3a) ferstyft -o Ne70

VERTEENWOORDIG verteenwoordig ALI48 (2x) verteenwoordigd ALI49 VW42 (dub.)

VERVREEM ferfreemd Ne64,67

VERWAR verward* Ca24 (k9) Ne25 (k9) n198 TOT26 (k9) 56 (k9) klank-verward* - stamvb TOT38 (k4a)

VERWILDER ferwilderd Ne76 (k9)

VERWYDER verwyder +r Ne57 n199 verwijderd ±r ALII29 (worde), 30 (k9) n200, 31 (worde) BR462 (k2, 2x)
VERWYL onferwyld - stamvb AFG17 (k9)
VESTIG gefestig/gevestig OKI111 EVPs16:26,14 WA1 gevestigd CEL103 (k4d) bevestigd PA125 (ww.)
VOER angefoer AFG51 (el., r) ingevoerd PA141 n201 PAI:4 (wordt) PB48 (word) angevoerd PAI:5 (k6) uitgevoerd Wa 54 (el.)
VORM geformd/gevormd PAIII:3 (werd) ALI47 (word) welgeformd Ne11
VREES befrees*/bevrees* -o Wa11 AFG18 (r), 41 (r) EV012 (2x) EVPs 8:25,8:35 (word, k2), 9:34 (word, k2), 24:5, 24:37 (word, k2) bevreesd* -o Wa34 BRK14
VUL gevul BO13 Wa82 ferful/vervul Ne65(k2) EVPs1:23,2:21, 2:22,4:21,21:24,22:16 gevuld Wa22 vervuld BR484 GL82 (ww.) Toi28 (2x) TOT88 (ww.) EV08 (worde, 2x), 8 (k2), 9 (worde)
WAAK ontwaakt -o PA116 (dub.)
WAARSKU gewaarschuwd/gewaarskuwd PA138 (wort) GL42 (k4c) AL II51 (ww.)
WAPEN gewapen BO13 GL91 (k4bii) gewapend ±r PAI:4 (k4c) OKI114 PAIII:3 OKII10 (k4c), 13 (k4c) GL27 (k3a) KE74 (k3a) AFG42 (k4c) EVPs11:21 (k9) ongewapend ±r GL44 ontwapend Toi5
WEK opgewekt - stamvb Wa3 (k9)
WIKKEL gewikkel +r KE80 ontwikkel ±o Ho109 Ne69 100 (k4d) gewikkeld +r Wa37 (k4bii) ontwikkeld +r PAIII:2 (k4c) VW39
WONDER ferwonder*/verwonder +r OKI109 n202 BR427 (k4c) n203, 468 n204, 486 n205 PAI1 ALII63 (k9) n206 KE16 Ho150 n207 Ho158 Ca22 (x verwonderd) Ne4 n208, 6 (x ferwonderd) TOT 81 (k9) n209 EVPs1:21 n210 ferwonderd*/verwonderd* +r OKI107 (k9) ALII23 Ca22 (k9, x verwonder), 24 (k9), 25,32 (k9), 48 (k9), 53 Ne5 (k9, ferwonder), 9 (k9) Wa5 (k9), 23 (k4c) Wa27 (k9), 33,65 (k4c), 67 (k9), 79 (k9) Toi46 (k9) AFG32 (k2) CEL6 (k9), 102 (k9) EV023,53 doodverwonderd* +r TOT43 (k9) dom-verwonderd* - stamvb TOT87 (k9)

WOON bewoon ALIII35 AFG26 bygewoond ALI67 (k4bii), 69 (werd) bewoond OKII10 AFG32 (k4bii) PA66 onbewoond ALIII 45 Ke26,35,36

WORTEL geworteld -o AFG34 (k5bi),n211

WY gewij BR484 (k4bii) gewyd PA61 (wort, r) OKII14 (k4c), ALIV19,19 (werd) ALIV22 (werd) toegewyd ALIV22 (werd, 3x), 22 ingewyd PAI:3 ALI63 (el.)

WYSIG gewysigd ALI44 (k4c)

5.3.2.2 Vorme met die /t/-uitgang slegs in werkwoordelike funksie

Vir die volgende grondwoorde is die vorm met die uitgang slegs in werkwoordelike funksie aangetref.

AANKONDIG aangekondigd BR484 (ww.)

AFBAKEN afgebakend OKII12 (ww.)

BELAS belast ALIV75 (ww.)

BELEDIG beledigd PA98 (ww.) beledig Ne62 (k2) Toi42 (k2) EVO40 (k2)

BESEER beseerd EVO18 (ww.)

BESTEE besteed ALI49 (ww.)

BEWATER bewaterd ALII29 (ww.)

BEWEER beweerd PAIII:2 (ww.), ALII58 (ww.)

DEPONEER gedeponeerd ALIII50 (ww.)

DRUK verdrukt EVO42 (ww.) gedruk PA120 (k4c) en 170 o'ergedruk PA170 bedruk* - stamvb PA77

EIS geeist OKII12 (ww.)

EMPLOJEER geëmployeerd ALIII51 (ww.)

ERG(-ER) verergerd EVO52 (ww.) ge-érg* +r CEL27 geerger* +r Ho153 n212 vererg* +r Ho125 Wa98 AFG25 TOT61 (k4c, r)

GEBEUR gebeurd PAI:2 (ww.) BRK49 (ww.)

GORREL gegorgeld ALI79 (ww., x inf. gorrel)

GUN gegund AFG (ww., r)

HANDEL behandeld PAI:3 (ww.) EVO46 (ww.) afgehandel PA115 mishandel KE83 (k4c)

HEILIG geheiligd EVO43 (ww.) gehylig AFG46

INSPEKTEER geinspekteerd ALI90 (ww.)

LEEN verleend ALI92 (ww.)

LEWER geleward OKII11 (ww.) ingelewer Wa3
LOON beloond VW24 (ww.)
LEI gelyd AFG47 (ww., r)
NAAI ingenaaid OKII13 (ww.)
OMSINGEL omsingeld AFG25 (ww.) omsingel AFG24 (r) en 25 AFG39 (k4c)
OPENBAAR geopenbaard EV08 (ww.) en 41 (ww.) ge-openbaar CEL60 (k4bii)
OPVEIL opgeveild PAI (ww.)
PUBLISEER gepubliceerd/-seerd PA163 (ww.) ALII55 (ww.)
REËN gereent -o BO14 (ww.) toegereen OKI98
ROOK gerookt AFG4 (ww.)
SKOU beskoud ALII52 (ww.)
SKROEI verskroeid ALII28 (ww.)
SLINGER geslingerd AFG36 (ww.)
SPEL voorspeld PAII:5 (ww.)
SPROEI besproeid ALII28 (ww., 3x)
STUUR bestuurd PA150 (ww.) uitgestuur PA120 (k4c) afgestuur PAIII:4 (el.)
TEER verteerd EVO30 (ww.) uitgeteer -o Ne42 verteer Ne91
TOOI voltooid EVO42 (ww.)
TRANSPORTEER getrans-porteerd ALI90 (ww.)
TREUR getreurd AFG17 (el., r)
VALUEER gevalueerd ALIII75 (ww.)
VERDUBBEL verdubbeld ALI95 (ww.), Wa55 (ww.)
VERHOOG verhoogd Toi 23 (ww.)
VERKONDIG verkondigd/verkondigt PA118 (ww.) OKII12 (ww.)
VERMINK verminkt Toi15 (ww.)
VERPLETTER verpletterd EVO30 (ww.) ferpletter/verpletter Toi17 AFG33 (el.) en 45 (el.)
VERTAAL vertaald PA183 (ww.) vertaal VW19
VERTEL verteld PAI:3 (ww.) AFG23 (ww., r)
VERWARM verwarmd ALII55 (ww.)
VOEG bygevoegd ALII55 (ww.) gevoeg VW41
VOEL gevoeld ALI36 (ww.)
VORDER gevorderd PA180 (ww.) bevorderd ALI38 (ww.)

Dit is opvallend hoeveel van hierdie gevalle uit passiewe sinne afkomstig is, wat die waarskynlikheid dat hulle

spreektaalvorme is, aansienlik verlaag.

5.3.2.3 Uitgangslose gevalle

Vir die grondwoorde wat verteenwoordig word deur die volgende v.dwe. (byv. en ww.) waarvan die stam op 'n stemhebbende of frikatiewe klank uitgaan, is in die ontlede materiaal ten minste drie vorme gevind en nooit 'n vorm met slot -/t/nie:

(on-)geag[213], uitgebloei, gego(o)i/weggegooi, (vas-)geklem, ferloof/verloof/geoorloof, opgelos/ferlos/verlos, gelaai/belaai, (on-/uit-)genooi, opgesa'el/opgesaal, (op-)gerig, op-/afgerol, ferplig/verplig (baiemaal), (weg-)gespoel/fer-/verspoel, ferstom/verstom, (on-)vervals

5.3.2.4 Onreëlmatige swak b.v.dwe. en ww.v.dwe., post- en prenominaal

BRING gebreng, asook met voorvoegsels o'er-, voor-, in-, op-, aan-, deur-, mee-, om-, terug-, uit-, rond-, tuis- en saam- as ww.v.dw.:

| | 1875-1899 | 1900-1925 |
|---|---|---|
| passief: | 7 | 10 |
| aktief: | 19 | 40 |
| nie opgeteken: | 2 | 5 |

(vir ghibreng, vgl. par. 5.3.2.6) gebreng CEL55 (k4bii) uitgebreng CEL65 (k4bii) deurgebreng KE58 (k4bi) gebrag ALII61 (het) AFG47 (het, r) BRK (het, r) duurgebrag (lees deurgebrag) ALII61 (k4bii) angebrag ALIII42 (het) omgebrag AFG22 (ww., r) EV047 (ww.) folbrag/volbrag AFG34 (ww.), TOT7 (k4d, r) EV05 (worde) EVPs12:50

DINK gedenk, asook met voorvoegsels uit- en na-, en bedenk, as ww.v.dw.:

| | 1875-1899 | 1900-1925 |
|---|---|---|
| passief: | 0 | 3 |
| aktief: | 31 | 18 |

gedag[214] PA55 (het), 113 (het) PAI:4 (het) GL98 (het)

spreektaalvorme is, aansienlik verlaag.

5.3.2.3 Uitgangslose gevalle

Vir die grondwoorde wat verteenwoordig word deur die volgende v.dwe. (byv. en ww.) waarvan die stam op 'n stemhebbende of frikatiewe klank uitgaan, is in die ontlede materiaal ten minste drie vorme gevind en nooit 'n vorm met slot -/t/nie:

(on-)geag[213], uitgebloei, gego(o)i/weggegooi, (vas-)geklem, ferloof/verloof/geoorloof, opgelos/ferlos/verlos, gelaai/belaai, (on-/uit-)genooi, opgesa'el/opgesaal, (op-)gerig, op-/afgerol, ferplig/verplig (baiemaal), (weg-)gespoel/fer-/verspoel, ferstom/verstom, (on-)vervals

5.3.2.4 Onreëlmatige swak b.v.dwe. en ww.v.dwe., post- en prenominaal

BRING gebreng, asook met voorvoegsels o'er-, voor-, in-, op-, aan-, deur-, mee-, om-, terug-, uit-, rond-, tuis- en saam- as ww.v.dw.:

| | 1875-1899 | 1900-1925 |
|---|---|---|
| passief: | 7 | 10 |
| aktief: | 19 | 40 |
| nie opgeteken: | 2 | 5 |

(vir ghibreng, vgl. par. 5.3.2.6) gebreng CEL55 (k4bii) uitgebreng CEL65 (k4bii) deurgebreng KE58 (k4bi) gebrag ALII61 (het) AFG47 (het, r) BRK (het, r) duurgebrag (lees deurgebrag) ALII61 (k4bii) angebrag ALIII42 (het) omgebrag AFG22 (ww., r) EV047 (ww.) folbrag/volbrag AFG34 (ww.), TOT7 (k4d, r) EV05 (worde) EVPs12:50

DINK gedenk, asook met voorvoegsels uit- en na-, en bedenk, as ww.v.dw.:

| | 1875-1899 | 1900-1925 |
|---|---|---|
| passief: | 0 | 3 |
| aktief: | 31 | 18 |

gedag[214] PA55 (het), 113 (het) PAI:4 (het) GL98 (het)

GL21 (het), 43 n215 Ho108,124 (had), 153 (het), 158 (had) Rei28 (het), 56 (het) CEL37 (het) gedog[214] PAI:41 n216 (ww) OKI107 (het), 118 (het) Ne88 (het), 92 (het) Wa92 (het), Toi28 (het), 38 (het) nagedag -o PAI:4 (ww.) ALI84 (had), 91 (hê:ww.) bedag CEL24 (het), 30 (had) voorbedag -stamvb KE80 verdacht - stamvb (bedoel wrsk. bedag) BR33 ferdagte OKII4 (k5a) voorbedagte KE10 (k5a) onbedagte - stamvb Wa50 (k5a) deurdagte B09 (k5bi)

KLAAG geklaag GL25 (wort) ALI90 (worde) ALII23 (word) Ca48 (het) aangeklaag GL41,47 (werd), 75 (dub.), 75 (ww.), 81 (worde)

KOOP gekog PAI:6 (werd) ALI60 (el.) Ho107 (ww.) Ho115 (het) PB29 (word) AFG4 (werd, 2x) EV026 (het), 34 (k4c) verkog PA91 (het), 146 (ww.) PAI:2 (ww.) ALI63 (el.) ALII52 (worde) Ho159 (worde x verkoop sal worde) Ca40 (het) PB25 (wort) pasgekogte Wa4 (k5a) duurgekogte AFG32 (k5a) bloed-gekogte AFG46 (k5a) verkogte ALII21 (k5a)

LÊ geo'erlê OKI106 (ww., 2x, n217) geleg, asook met voorvoegsels af-, a(a)n-, toe-, op-, neer-, voor-, uit-, heen- en weg-, as ww.v.dw.:

| | 1875-1899 | 1900-1925 |
|---|---|---|
| passief: | 6 | 5 |
| aktief: | 8 | 5 |
| nie opgeteken: | 2 | 1 |

geleg TOT11 (k4c) a(a)ngeleg Ho142 ALI91 (k4bii) neergeleg ALI45

RED geredde Ne107 (het)

SÊ gesê VW28 (k4a) gezeg/geseg, asook met voorvoegsels toe- en -aan-, en ontseg, as ww.v.dw.:

| | 1875-1899 | 1900-1925 |
|---|---|---|
| passief: | 10 | 1 |
| aktief: | 45 | 19 |
| nie opgeteken: | 4 | 2 |

gezeg/geseg Ho124 (onder ons geseg) AFG12 (r) PB11 ongeseg Ho128 (k2) gesegd PA157 (wort, x geseg) foorsegd ALIII50 (ww.) gesyd AFG35 (het, r) gesegde ALII62 (k5a) KE71 (k5a)

SET/SIT geset, asook met voorvoegsels af-, aan-, na-, uit-, uiteen- en voort-, en beset, as ww.v.dw.:

| | 1875-1899 | 1900-1925 |
|---|---|---|
| passief: | 2 | 7 |
| aktief: | 2 | 7 |
| nie opgeteken: | 1 | 0 |

geset PA111 AFG23 (r) BybSJ53 GL28 ALIV74 (k4bii) 75 Rei22 uitgeset BO16 uiteengeset ALIV (k4bii) nauwgesette -stamvb Rei9 (k5a)

SOEK gesog - stamvb CEL12 verzog/versog PA16 (word/wort, 3x), 35 (selfde, 2x), 53 (wort), 54 (wort), 144 (wort), 161 (wordt), 178 (wort) Ho154 (het) EVO33 (ww.) besog EVO7 (het), 22 (had), 28 (word) ondersog EVO11 (worde), 12 (het) gesogte Wa98 (k5a, syn _ maat) uitgesogte Toi 25 (k5a, - vrugtebome)

SJOG gesoge (Ndl. gezoogd) EVPs11:27 (het)

VERF geverwe GL14 (wort)

VRA gefraag/gevraag PA17 (wort), 78 (het), 112 (het), 140 (wort), 151 (worre), 175 (wort), 184 (wort) ALIII53 (worde) Ho170 (het) Ca7 (het), 18 (het), 22 (het), 45 (het) AFG12 (word, 2x) EVO21 (hê, ww.) BybSJ47 (het) (vir afghafaraagh, vgl. par. 5.2.2.5) ongevraagde Wa48 (k5a)

WAAG gewa GL1 (het)

5.3.2.5 Wisselvorme

'n Aanduiding van die onvastheid in die gebruik in hierdie tydperk is die wisselvorme wat ons 'n paar maal by dieselfde skrywer en dieselfde leksikale item aantref. (In enkele gevalle hieronder is dit nie seker of ons met dieselfde skrywer of eindredakteur te make het nie). Die opvallendste wisseling wat aangeteken is, is tussen gesaaid en gesaai, steeds werkwoordelik gebruik in die rubriek "Tuin- en Blomtuin Almanak": 15 gevalle met -/t/ 24 daarsonder in ALII van 1890, en slegs 34 gevalle sonder -/t/ in ALIII van 1900. Ferwonderd vind ons - steeds in

SET/SIT geset, ook met voorvoegsels af-, aan-, na-, uit-, uiteen- en voort-, en beset, as ww.v.dw.:

| | 1875-1899 | 1900-1925 |
|---|---|---|
| passief: | 2 | 7 |
| aktief: | 2 | 7 |
| nie opgeteken: | 1 | 0 |

geset PA111 AFG23 (r) BybSJ53 GL28 ALIV74 (k4bii) 75 Rei22 uitgeset BO16 uiteengeset ALIV (k4bii) nauwgesette -stamvb Rei9 (k5a)

SOEK gesog - stamvb CEL12 verzog/versog PA16 (word/wort, 3x), 35 (selfde, 2x), 53 (wort), 54 (wort), 144 (wort), 161 (wordt), 178 (wort) Ho154 (het) EVO33 (ww.) besog EVO7 (het), 22 (had), 28 (word) ondersog EVO11 (worde), 12 (het) gesogte Wa98 (k5a, syn _ maat) uitgesogte Toi 25 (k5a, — vrugtebome)

SOOG gesoge (Ndl. gezoogd) EVPs11:27 (het)

VERF geverwe GL14 (wort)

VRA gefraag/gevraag PA17 (wort), 78 (het), 112 (het), 140 (wort), 151 (worre), 175 (wort), 184 (wort) ALIII53 (worde) Ho170 (het) Ca7 (het), 18 (het), 22 (het), 45 (het) AFG12 (word, 2x) EVO21 (hê, ww.) BybSJ47 (het) (vir afghafaraagh, vgl. par. 5.2.2.5) ongevraagde Wa48 (k5a)

WAAG gewa GL1 (het)

### 5.3.2.5 Wisselvorme

'n Aanduiding van die onvastheid in die gebruik in hierdie tydperk is die wisselvorme wat ons 'n paar maal by dieselfde skrywer en dieselfde leksikale item aantref. (In enkele gevalle hieronder is dit nie seker of ons met dieselfde skrywer of eindredakteur te make het nie). Die opvallendste wisseling wat aangeteken is, was tussen gesaaid en gesaai, steeds werkwoordelik gebruik in die rubriek "Tuin- en Blomtuin Almanak": 15 gevalle met -/t/ 24 daarsonder in ALII van 1890, en slegs 34 gevalle sonder -/t/ in ALIII van 1900. Ferwonderd vind ons - steeds in

konteks 9 - in Ca22, Ne5 en OKI107, teenoor ferwonder ook in Ca22, in Ne4 (vgl. n208) en (van 'n ander skrywer) OKI 109 (vgl. n202). Aangesien die bywoordfunksie tot vormkonserwatisme aanleiding kan gee (vgl. hfst. 4), kon dit ook hier 'n rol gespeel het.

Ons vind ook nog ander wisselings by Neser, vgl. beskaafd (Ne22) x beskaafste (Ne85), ongetwyfel (Ne8,21) x ongetwyfeld (Ne4,29,42,48,69,74,83), ferander (Ne56,66) x feranderd (Ne60, dub.), ferstyft (Ne70, let.) x ferstyf (Ne101 (k3a), minder let.). Ook by De Waal vind ons meerdere wisselings, vgl. oortuig(d) (Wa56,63), teleurgestel(d) (Wa2,98), bevrees(d) (Wa11,34), gevul(d) (Wa22, 82 - albei fig.)

Verder vind ons nog gesteld (EVO39,46, ww.) x gestel (EVO38, - stamvb.), verbaas (Rei12 (k9)) x verbaasd (Rei 40 (k2)), verteenwoordig (ALI48, 2x) x verteenwoordigd (ALI49), gewapen (GL91 (k4bii)) x gewapend (GL27 (k3a)), ongewapend (GL44), verdeel (KE23) x verdeeld (KE39 n157), met moontlike betekenisverskil, rymend ferjaagd x nierymend ferjaag, albei in dieselfde gedig (AFG38) en albei met het, dus ww., in EVPs eenmaal beklee teenoor 3x gekleed en 2x bekleed, by dieselfde korrespondent (PAI:5) opgekommandeerd (dub.), gekommandeerd (ww., 2x), gekommandeer (1x ww., 1x dub.), vermeng(d) in EVO44, 2x sonder -/t/, 3x met /t/; in dieselfde gedig (AFG24,25) 2x omsingel (1x in rymposisie) en 1x omsingeld (ww.), ongeregistreer (ALIII 32, ALIV18) x geregistreerd (ALIII52, ALIV72), beroof (VW8) x beroofd (VW49(k6)). In die betekenis van vandag se geleerd het ons dié vorm in Hol26, teenoor - in dieselfde betekenis - geleer ook in Hol26 (vgl. n169) en 127 (x geleerdheid, geleerdste). Ongeleerd, in die moderne betekenis, het ons in Rei33, teenoor "of hul daarvoor geleer was" in Rei 11. 'n Wisseling van onreëlmatige v.dwe. is: BRK27 gezeg x gezêh, gezêh (bl. 49), gezeg (bl. 50).

5.3.2.6 Vorme uit Arabies-Afr. kategismus

Ons vind by Van Selms 1951 (vgl. par. 5.2.2.5 hierbo) die volgende:

is firfirdiel: is verdeel (byv.), bl. 62
afghafaraagh woert: gevra (verhoor) word, bl. 67
afghariekent woert: afgereken word, bl. 70
ghibreng hit: gebring het, bl. 75

5.3.3 /t/-behoud en verband met die stam

'n Aantal gevalle sonder verband met die stam wat in vandag se Afr. dikwels (of altyd) sonder-/t/ voorkom en wat ook in die onderhawige tekste opgeteken is (telkens in afwisseling met vorme wat die uitgang behou), is beslis (3x), bedruk, gejaag, gestel (6x, vgl. n183), besorg (3x) en bestem. Daar is egter ook 'n hele aantal gevalle opgeteken (weer naas gevalle wat die uitgang behou) waar die uitgang vandag verpligtend is, vgl. verdeel (3x in EVPs, naas 3x met uitgang, en in die Bybelvertalings na 1925 slegs met die uitgang), ongedeer, omgekeer, (vgl. n162), (on-)geleer (5x, meestal waarskynlik sonder stamverband), beroem (2x, vgl. n177), opgeruim (2x, vgl. n178), welgestel en ongetwyfel (3x).

5.3.4 Semantiese faktore

Aangesien in par. 4.3.6 hierbo bevind is dat die aan- of afwesigheid van die uitgang nie duidelik met semantiese faktore soos "letterlik" of "figuurlik" korreleer nie, is daar nie vir die onderhawige materiaal nagegaan of daar so 'n korrelasie bestaan nie.

5.3.5 Aanduiding van gemoedstoestand

As ons kyk na die aantal tokens wat 'n gemoedstoestand uitdruk en met die stam verband hou, sien ons dat slegs 71 uit die 133, d.w.s. 53%, op -/t/ uitgaan in teenstelling met 76% vanaf 1925. Kyk ons ook na gevalle sonder stamverband dan sien ons dat bedaard en verward (soos vandag) en verblyd oorwegend met die uitgang voorkom. Oorwegend sonder -/t/ is bedroef, besorg en bevrees, asook teleurgestel, wat egter vanaf 1925 oorwegend die uitgang neem. Met of sonder uitgang is fer-/verbaas(d) en fer-/verwonder(d).

E.g. kom vanaf 1925 oorwegend sonder uitgang voor, fer-/verwonder oorwegend met uitgang. Ongeveer 63% van die b.v.dwe. - met en sonder verband met die stam - wat 'n gemoedstoestand uitdruk, behou die uitgang. Dit is geen duidelike aanduiding dat die uitdrukking van "gemoedstoestand" as faktor 'n rol by die swak b.v.dw. speel in hierdie tydperk nie.

### 5.3.6 Sintaktiese konteks

Reëlmatige b.v.dwe. wat hulle verband met die stam behou het, het die volgende tokenverspreiding in die aangeduide sintaktiese kontekste (geen opname gemaak van konteks 1):

| Konteks: | 2 | 3a | 3b | 4a | 4bi | 4bii | 4c | 4d | 5 | 6 | 8a | 8b | 9 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| +/t/ | 31 | 11 | 0 | 4 | 16 | 26 | 33 | 3 | 3 | 4 | 2 | 1 | 56 |
| -/t/ | 21 | 5 | 5 | 1 | 2 | 19 | 20 | 4 | 2[218] | 4 | 1 | 1 | 10 |

Soos in par. 4.3.8 gevind is, oorheers vorme met slot-/t/ baie duidelik in konteks 9 (bywoordelike gebruik) en in 'n mindere mate ook in konteks 2. Maar terwyl daar vir konteks 4 in par. 4.3.8 'n voorkeur vir uitgangslose vorme gesignaleer is, vind ons hier (met die uitsondering van 4d) 'n duidelike voorkeur vir vorme met die uitgang. Ook by 3a, maar nie by 3b nie, vind ons 'n voorkeur vir die vorm met slot-/t/. Ofskoon hier in die meeste kontekste 'n voorkeur vir die vorm met die uitgang bespeur kan word, bly die voorkeur in die geval van bywoordelike gebruik besonder opvallend.

Die onreëlmatige v.dwe. wat in par. 4.3.8 genoem word, verskyn postnominaal nie alleen ongeregulariseerd in byvoeglike funksie nie, maar in alle gevalle ook ongeregulariseerd (en soms heel dikwels) in suiwer <u>werkwoordelike</u> funksie. In lg. funksie verskyn hulle nie alleen met die passiewe hulpww. nie, maar ook dikwels met <u>het</u>, wat daarop dui dat hierdie vorme - of altans sommige van hulle - nog tot die spreektaal moes behoort het. Die onderhawige postnominale vorme is <u>ge</u>-/voorsetsel/bywoord + <u>breng</u>/-<u>brag</u>, -<u>denk</u>/-<u>dag</u>/-<u>dog</u>, -<u>kog</u>, -<u>leg</u>, -<u>seg</u>, -<u>set</u>, -<u>sog</u> en -<u>vraag</u> (met enkele spellingvariante hiervan).

Prenominaal is gevind, met behoud van verband met die stam: -dagte, -kogte, -segde, -sogte en -vraagde, en eenmaal sonder dié verband: -sette. Alhoewel dit moontlik is dat daar postnominaal baie meer regularisering plaasvind as prenominaal, is die vormkontras tussen hierdie twee sintaktiese hoofkonteksgroepe minder opvallend in die tydperk voor as in die tydperk na 1925.

5.3.7 Morfologiese faktore: die voorvoegsel on-

V.dwe. wat die verband met die stam behou, behou in 83% (49 uit 59) van gevalle die /t/-uitgang, ook as gevalle sonder verband met die stam (34 uit 40) daarby getel word. Vergelyk hiermee die 93% wat in par. 4.3.9 gevind is. (Hier is ook na ww.v.dwe. gekyk).

5.3.8 Fonologiese konteks

Die tabel hieronder toon, soos in par. 4.3.10, aan hoeveel grondwoorde daar is wat ten minste een /t/-hebbende b.v.dw. het. Werkwoordelike gevalle en gevalle sonder verband met hulle stam, word ingesluit. Types word getel en grondwoorde as types beskou.

| | | |
|---|---|---|
| diftong | | 22 |
| vokaal | | 4 |
| liquida | r | 75 |
| | l | 33 |
| nasaal | m | 12 |
| | n | 23 |
| | ŋ | 2 |
| steml. frik. | s | 13 |
| | x | 22 |
| | f | 7 |
| steml. eksplosief | k | 10 |
| | p | 1 |

Die gevalle op -/k/ is: bedekt, verdrukt, -gemaakt, -gemerkt, gepreekt, gerookt, uitgestrekt, verheerlikt, ontwaakt, opgewekt, en die geval op -/p/: verdiept.

Vergeleke met die tydperk na 1925, word die uitgang ook hier vir die meeste types behou na liquida en veral /r/, maar is daar nie 'n belangrike verskil tussen bv. die diftong, die nasaal /n/ en die stemlose frikatief /x/ nie, sodat dit glad nie duidelik is dat stemhebbendheid/-loosheid hier 'n faktor is nie. Die vraag is dan hoe dit in die latere tydperk wel 'n faktor kon geword het. Ons vind hier ook nog veel meer uitgangsbehoud na stemlose eksplosief as na 1925.

5.3.9 Taalverandering

In die onderstaande word die tydperk 1875-1925 vergelyk met die tydperk 1925-1978 met die oog op moontlike taalverandering. Die gegewens in die materiaallyste, ook in die lyste van types wat nooit met die /t/-uitgang gevind is nie, dien as grondslag van die vergelyking. Vir die doel hiervan word grondwoorde uit die twee tydperke met mekaar vergelyk nadat die gegewens by elk in een van die volgende kategorieë tuisgebring is:

a: tokens oorwegend met /t/-uitgang;
b: tokens met en sonder /t/-uitgang, en
c: tokens oorwegend sonder /t/-uitgang.

In die noem van die vorme hieronder is van die minder belangrike spellingvariante verwaarloos en die uitgang steeds weggelaat. Vormverandering (of nie-verandering) word in drie hoofkategorieë gerangskik: A: Uitgangsverlies oor tyd; B: Geen aanduidings van 'n veranderde situasie, en C: Toenemende gebruik van uitgang oor tyd. Die eerste kategoriesimbool verteenwoordig die tydperk 1875-1925 en die tweede die tydperk 1925-1978:

A: a ⟶ b, bv. -betaal, -ge-/verhoor, -berei, ge-benoem/-naam, -ge-/-bekeer, -beskerm, -gewy, versteen, -ge-/-be-/ontwapen

a ⟶ c, bv. bevry, -gebou(w), ge-/bespaar, -gevoer, -gevorm, bepaal, -be-/ge-/ontstem, verwyder

b → c, bv. bedoel, omring, -ge/onderteken, ge-/ vervul, -ge-/ont-/beroer, -ge-/her-/verstel[219], -verbaas, ver-/gevul

B: a → a, bv. afgesonder, bedaar, (on-)bekommer, -ge-/ verdeel, -ge-/beklee, -ge-/volleer, -beskaam, -ontstel, -ge-/-versteur/-stoor, onge-/ver- twyfel, uitgesonder, (on-)verander, -vermoei, -verwar

b → b, bv. -ge-/bereken, -ge-/versprei, -verseker

c → c, bv. bedroef, ge-/vererg, -gego(o)i, -ge-/ be-/volgroei, toe-/uitgerus, -beskaaf, ge-/ verskeur, -gedraai, oortuig, -ge-/verspoel, verloof, verplig, verstom

C: b → a, bv. verwonder

c → a, bv. teleurgestel

c → b, bv. -ge-/verjaag, -ge-/ver-/bestrooi

Die neiging tot uitgangsverlies (vgl. A) is duidelik baie sterker as die neiging tot 'n toename in die gebruik van die uitgang (vgl. C). Dit is opvallend dat ons dié toename veral by v.dwe. vind wat 'n gemoedstoestand uitdruk, nl. verwonderd, teleurgesteld en verstrooid. Blykens kategorie B het die situasie met betrekking tot die gebruik van die uitgang by heelwat v.dwe. konstant gebly. Dit is opvallend dat daar onder die groep waar die uitgang in gebruik bly (a → a) ook 'n hele paar v.dwe. is wat 'n gemoedstoestand uitdruk, vgl. bedaard, (on-)bekommerd, beskaamd, ontsteld, ongestoord/onverstoord/versteurd, vertwyfeld en verward. In die meeste gevalle gaan die stam egter uit op klanke wat die behoud van slot-/t/ bevorder (vgl. par. 5.3.8), sodat dit onseker is hoe belangrik die rol is wat deur die uitdrukking van 'n gemoedstoestand gespeel word.

Waar reëlmatige ww.v.dwe. met die uitgang voorgekom het, is hulle sistematies aangeteken en opgeneem in die hooflys en die lys met slegs ww.v.dwe. Ons vind die volgende tokenverhouding:

Ww.v.dwe. : tokens

| | 1875-99 | 1900-25 |
|---|---|---|
| passief : | 111 | 49 |
| aktief : | 14 | 10 |
| nie opgeteken: | 26 | 11 |

Dié wat passief gebruik word, oortref die res (d.w.s. "aktief" en "nie opgeteken") ver, sodat die toevoeging van slot-/t/ by ww.v.dwe. moontlik saamhang met die meer skryftaalagtige gebruik van die passief.

Verder vind ons meer vorms in die eerste as in die tweede tydperk; die verskil is moontlik nog groter in die lig van die feit dat die totale aantal tokens (maar met uitsluiting van AFG) in die eerste en tweede tydperk na skatting ruweg in die verhouding 4:5 tot mekaar staan. Ons merk dus by die ww.v.dw. 'n duidelike afname in die toevoeging van slot-/t/ oor die tydperk 1875-1925.

5.3.10 Samevatting

Die afwisseling van 'n v.dw. met uitgang met dieselfde of 'n verwante v.dw. sonder die uitgang, bv. verwonder(d) by dieselfde skrywer, is in 'n hele aantal tekste aangetref en is 'n aanduiding van die onvastheid wat daar in die onderhawige tydperk op hierdie gebied was (vgl. par. 5.3.2.5). 'n Aantal gevalle sonder verband met die stam is sonder uitgang opgeteken terwyl hulle vandag feitlik konsekwent die uitgang neem, vgl. ongedeer, geleer, beroem (vgl. par. 5.3.3). Die v.dwe. met stamverband wat 'n gemoedstoestand uitdruk, het slegs in 'n bietjie meer as die helfte van die gevalle (t.w. 53%) die uitgang en met en sonder stamverband 63% (vgl. par. 5.3.5). Wat die sintaktiese konteks betref: in kontekste 2,3a,4 oor die algemeen en baie duidelik in 9 (56 uit 66 gevalle) neem die meerderheid van gevalle die uitgang. Onreëlmatige v.dwe. oor die algemeen, pre- en postnominaal, byvoeglik en werkwoordelik, is dikwels ongereg. van vorm (vgl. par.

5.3.6). Dat morfologiese faktore ook hier 'n rol speel, blyk uit die feit dat 83% van die v.dwe. met on- die uitgang behou (vgl. par. 5.3.7). Fonologies beskou, kom die uitgang dikwels voor na stemhebbende klanke, en hier veral liquidae, nasale en diftonge, maar met die uitsondering van vokale en /ŋ/, asook dikwels na die stemlose frikatiewe /s,x,f/ en selfs 10x na die stemlose eksplosief /k/ (vgl. par. 5.3.8). Vanaf die tydperk 1875-1925 tot die tydperk 1925-1978 kan 'n duidelike neiging tot die verminderde gebruik (d.w.s. die opsioneel word of verlies) van die uitgang aangetoon word, ofskoon die situasie vir baie v.dwe. konstant gebly het. Wat die ww.v.dw. met uitgang betref, is vasgestel dat dit oor die hele tydperk 1875-1925 oorwegend in die passief voorkom, en dat daar waarskynlik 'n groter aantal tokens met slot-/t/ per tekseenheid in die periode 1875-1899 as in die periode 1900-1925 voorgekom het, wat beskou kan word as aanduidings dat ons eerstens te make het met 'n afnemende neiging en tweedens met 'n uitgang wat waarskynlik nie 'n noemenswaardige rol in die alledaagse spreektaal gespeel het nie (vgl. par. 5.3.9).

## 5.4 STERK EN SWAK V.DWE. : VERNAAMSTE BEVINDINGS

Wat die sterk b.v.dw. betref, is daar reeds in hierdie tydperk by 'n aantal grondwoorde gevind dat gereg. vorme neig om let. te wees, en ongereg. vorme om fig. te wees; daar is egter ook 'n aantal grondwoorde waarvoor so 'n korrelasie nie gekonstateer kon word nie (vgl. par. 5.2.3.2). 93% van b.v.dwe. (met of sonder stamverband) wat 'n gemoedstoestand uitdruk, was ongereg. (vgl. par. 5.2.3.4). Op sintaktiese gebied was sewe grondwoorde in ooreenstemming met die implikasionele verhouding waarvolgens daar in kontekste 1-4 net soveel of meer regularisering as in 5-9 is en twee nie in ooreenstemming hiermee nie; gevalle in kontekste 8 en 9 was steeds ongereg. (vgl. par. 5.2.3.5).

Ook in die onderhawige periode het die gebruik van die b.v.dw. duidelike verskille volgens taalgebruiksregisters vertoon (vgl. par. 5.2.4.1), en dui die groot aantal "korrekte" ongereg. deelwoordsvorme - byvoeglik sowel as werkwoordelik - en die klein aantal vorme wat fonologiese tussenstadia verteenwoordig, op toevoer uit 'n "hoër" taallaag (vgl. par. 5.2.4.2). Uit 'n diachroniese oogpunt (vgl. par. 5.2.5) kon daar nie, wat die b.v.dw. betref, binne die onderhawige periode 'n opvallende tendens aangetoon word nie, ook nie eens as ons dit met die periode na 1925 vergelyk nie, want voor 1925 vind ons nie alleen vorme wat vandag "konserwatief" aandoen nie (weliswaar in die meerderheid), maar ook heelwat vorme wat "progressief" aandoen. Die opvallendste verskil tussen die twee periodes is egter geleë in die groot rol wat ongereg. werkwoordelike v.dwe. voor, in teenstelling met na, 1925 speel, ofskoon tipies in die sfeer van die skryftaal omdat hulle so dikwels in passiewe ww.-groepe voorkom, behalwe gedaan wat voor 1925 dikwels en hoofsaaklik in die aktief voorkom.

Wat die reëlmatige swak b.v.dw. betref, is die bestaan van groot onsekerheid t.a.v. die gebruik van die uitgang af te lei uit die wisselvorme wat ons dikwels selfs vir dieselfde v.dw. by dieselfde skrywer aantref (vgl. par. 5.3.2.5). 'n Hele aantal gevalle waar die uitgang vandag verpligtend is, is in hierdie periode ook daarsonder gevind, bv. verdeel, ongedeer en beroem (vgl. par. 5.3.3). Die rol van semantiese faktore soos let. en fig. is nie nagegaan nie (vgl. par. 5.3.4) en die feit dat slegs 63% van die b.v.dwe. wat 'n gemoedstoestand uitdruk, die uitgang behou, is o.m. in die lig van fonologiese oorwegings nie van belang nie (vgl. par. 5.3.5). Op sintaktiese gebied is gevind dat die vorm met uitgang baie duidelik oorheers in konteks 9 (bywoorde), nl. 56 uit 66 gevalle, maar 'n duidelike voorkeur vir die vorm met uitgang vind ons ook in kontekste 2,3a en 4 oor die algemeen (vgl. par. 5.3.6). Wat onreëlmatige v.dwe. betref, is hulle in byvoeglike sowel as werkwoordelike funksie, en presowel as postnominaal ongereg. gevind (vgl. par. 5.3.6).

Op fonologiese gebied is gevind dat die uitgang (soos na 1925) op sy frekwentste is na liquida, nasaal en diftong, maar ook dikwels na stemlose frikatief en selfs eksplosief (/k/) voorgekom het (vgl. par. 5.3.8). Wat taalverandering betref, is die periode voor met dié na 1925 vergelyk en gevind dat ofskoon die situasie by baie b.v.dwe. konstant gebly het, die neiging tot uitgangsverlies origens baie sterker is as die toename in die gebruik van die uitgang. Wat die ww.v.dw. betref, vind ons binne die tydperk 1875-1925 'n afname in die gebruik van die uitgang (vgl. par. 5.3.9).

Die verhouding tussen sterk en swak v.dwe. word in parr. 7.6 en 7.7 hieronder behandel. Hier kan net kortliks daarop gewys word dat daar by sterk sowel as swak 'n groot aantal werkwoordelik gebruikte gevalle opgeteken is wat ongereg. is resp. die uitgang behou; soms is sodanige gevalle net in werkwoordelike funksie aangeteken.

Soos daar 'n aantal sterk b.v.dwe. gevind is wat sonder verband met die stam is maar nietemin gereg., bv. opgeblaas en uitgelaat, en wat vandag ongereg. is (vgl. par. 5.2.3.1), is daar ook swak v.dwe. sonder uitgang gevind waar die uitgang vandag gebruiklik is, bv. ongedeer, beroem, ongetwyfel (vgl. par. 5.3.3).

Uit 'n sintaktiese oogpunt is dit opvallend dat die sterk b.v.dw. as bywoord feitlik altyd ongereg. is (par. 5.2.3.5) en die swak b.v.dw. as bywoord oorwegend die uitgang behou (par. 5.3.6).

Note by hoofstuk 5

1. Malherbe (1917), bl. 67.
2. Ibid., bl. 72.
3. Ibid., bl. 71.
4. Ibid., bl. 70.
5. Ibid., bl. 72.
6. Ibid., bl. 67.
7. Ibid., bl. 70.
8. Ibid., bl. 71.
9. Ibid., bl. 67.
10. Ibid., bl. 71.
11. Ibid., bl. 66.
12. TOT90,92: Hoe sal ik U besinge,/Geborene in die grot
13. OKII12: In Pretoria begonne, ... het die Genootskap haar invloed ...
14. BR469: die word geberg ver siekte (+ gebêre). In die lig van die duidelike betekenisverskil tussen berg en bêre in vandag se Afr., toon hierdie vormkeuse blyke van onvoltooide doebletvorming.
15. Hol67 en die son van geluk ... skyn vriendelik, as of hy goed wou maak dat hy so lank verborge was gewees
16. ALIV71: Om die uitvoer van Angoras te verhinder, behalwe na naburige State en Kolonies, waar die uitvoer ook verbied is
17. BR469: hoewel die ander ... die hand aangebode hou om te groet
18. Wa97: maar ek is nie hand en voet aan daardie kommando gebind nie, vgl. n145 en hfst. 4 n82.
19. KE15: dat hij aan sij woord verbind is
20. OKI109: dan foel sy fer haar met 'n band fan nasionale gefoel aan hom gebinde
21. CEL57: sijn oog gebonde in aandag op die vloer
22. AFG139: Di frou wat agtiin jaar deur Satan fasgebonde
23. GL131: Van party plase het hulle die boere gebonde megeneem, en van party ongebonde onder toesig van die slawe
24. Hol56: Syn lewenspolis ... was al verbonde in 'n bank
25. PAIII:2: Hy ... is so opgeblaas dat hy denk dat hy (Kruger) bestemd is om
26. Ree26: 'n ou kromgeboë hotnot
27. PAII:6: tot selfs Afrikaanders in di kluis ook al van diselfde hondji gebete is
28. OKI103: Wat nou gedoen?
29. OKI105: di kwaad was gedoen
30. AFG63: En so gedoen, en een, twe, dri,/Was alles kant en klaar
31. OKI104: dit is 'n grote eer hom angedoen
32. Ne40: so bly en angedoen was hy o'er di heerlike tyding
33. Vlg. die gegewens van Stoops (1972) verander die verhouding van gedoen tot gedaan in werkwoordelike funksie dramaties tussen 1920 en 1930. Sy teken in 1920 52x gedoen t.o. 37x gedaan (telkens met die samestellings waarin hierdie woorde voorkom, inbegrepe) aan, en in 1930 74x gedoen t.o. 2x gedaan, soos die prentjie daar dan ook in later jare uitsien (bl. 112).

34. OKII5: "Abi ekke kadanna (hou op) speul" (Abi, die Malbaar, soos weergegee deur Von Wielligh).
35. PA8: een onreg ons kinders aangedaan
36. Wa10: Dat die dubbele skok die hart van die ongelukkige man diep aangedaan het
37. EV045: totdat ons ook aangedaan is, met krag vir die hoogte
38. Toi16: Gedane dinge het tog geen keer nie
39. Vgl. "gedraagde klere" by Stoops (1972) uit 1921 (bl. 119).
40. EV044: somwyl heeltemaal van die sonde doordronge
41. BR421: vaat-werk, versier met gedrewe ... figure
42. BR471: ook deur die ha'el verdrewe beeste
43. EV020: ook was sy ... van haar kwaal genese
44. TOT47: liefde-dors, skoon ongenese,/(r) is beter dan versadigd wese/
45. ALI96: ver genote waarde
46. Hol15: as hy by oom Jan nie geholpe kon raak nie
47. PAI:6: voor 'n billike prys met voer ens. geholpe worde
48. CEL63: die sakie klaar beklonke is
49. BR474: In die huis gekom vind hij
50. KE71: Die vee van Sikonyella herkreë
51. Wa82: met gal was dit (=hart) belaai
52. AFG44: Fan dolhyd uitgelaat
53. Hol70: wanneer dit oom Jan gelege kom
54. OKII5: as di diins afgeloop is nie
55. BR465: Julle loop nie, na alles afgeloop is nie
56. Toi47: Hiermee was die saak afgeloop
57. In selfde gedig: Ag jare is ferlope (ww.)
58. EV030: wat is die Koningin vergeleke met God?
59. Wa84: alles in aanmerking geneem, sou sy
60. OKII2: In di begin was di frouelik geslag minder opgeneem met die rokery fan di mans (= ingenome)
61. PA30: Een genome besluit kan nie weer verander worde nie, of daar moet op die dag as dit genome word ...
62. ALI45: In anmerking genome onse dunne bevolking
63. Ne30: dat dit nou ni fer my geraai is om 'n ferbintenis met jou en Maria te laat deurgaan ni
64. ALI37: wat elke reggeaarde Afrikaner geroepe is om voor te staan
65. PA172: wort die ware soldate van Christus kruis geroepe
66. Ne59: di ... met so 'n furig ferlange tegemoet gesiinde dag. Vgl. ook 3x hersiende by Stoops (1972) uit 1920, wat sy later nie meer aantref nie (bl. 120), en die W+S van 1921 wat 'n "derde, hersiende druk" is.
67. WA78: Maar hy was vir die oomblik versink in gedagte
68. Ne98: diip in haar kop weggesinkte oge
69. Cal5: In gedagte versonke ... rij Anni voort
70. Rei43: Sij had 'n welgesete figuur
71. OK Okt.1896 bl. 148: want in di dag het ek net so hard gewerk as ek kon om die deel wat ongeskonde gebly het tussen di twee geskonde plekke klaar te kry
72. PAII:5 (opskrif) Sina bly ongeskonde met Ope Deur
73. AFG107: Wat amper net soos 'n mens is geskaap/(r)
74. GL13: hulle (= swartes) is groter van lijf en beter geskape
75. Hol11: tot die groote eetsaal ... in 'n danssaal herskape sal wees

76. Stoops (1972) teken uit 1921 geskiete (diere) aan (bl. 120).
77. AFG59: Jy is te beskonk/(r)
78. PA167: hul lot/Word akelig beskry/(r)
79. VW22: was geheimhouding nie voorgeskrijf nie
80. ALII62: As ek so 'n mooi geskrywe oplossing kry (d.w.s. waarvan skrif duidelik en netjies is - C.J.C.)
81. VW31: Kon ons Hollands of hooggeskrijwe Afrikaans ... verstaan het? (x geskrewe op selfde bl.)
82. GLi: Om dit geskrewe te kry (i.v.m. geskiedenis)
83. GL80: Dit staat beskrewe in
84. GL97 (opskrif): Kaffers versla'e (= verslaan)
85. OKII12: di inwendige beeldepragt in ons idioom opgeslote
86. PAIII:3: ingeslote steenkool
87. ALII21: siiktes - brandsiikte ingeslote
88. ALII25: ider algemene prokurasi, ingeslote volmag om te verkoop
89. ALIV77: algemene volmag, verkopings ni ingeslote
90. ALI90: Die skooldage (vakansie uitgeslote)
91. Bv. Beslote om te protesteer te'en die Sondagstreine (notule-formule)
92. PAIII:6: dat 'n fas beslote anfal gedaan werd op
93. CEL58: dat sij alleen is ... omslote in die donker
94. Stoops (1972) teken uit 1920 "verslyte klere" en "kaalgeslyte metafore" aan (bl. 122).
95. AFG142: ons is immers een ... Saam gesmelt deur die warme gloed/fan ... liifde
96. OKI111: Ni so seer om di uitgesproke woorde ni (= die woorde wat uitgespreek is)
97. AFG29: Di Kafferhordes ... Was o'eral opgestook/(r)
98. OKII7: in watter grote foorregte hulle ongetwyfeld deel waarfan ek ontstoke is
99. PA135: Die familie was in Frankryk uitgestorwe
100. Wa45: Byna 'n halfjaar is verstryk vandat
101. PB26: Die boel was daar besoop/(r)
102. Wa75: Waarom voel hy nou meer dan ooit getrokke naar haar?
103. Rei53: daarom was hy so ... in sigself getrokke
104. AFG114: Sijn voorhoof betrokke,/(r)
105. EVO25: Ons is almal in Adam gevalle
106. Ne82: di foorgefallene fan di laaste week
107. CEL31: hou hij haar hand/in sijne nou gevang/(geen rym)
108. KE91: alsof hulle met skrik bevang was
109. EVPs4:38: was met 'n grote koors bevang
110. EVPs8:37: was met groot vrees bevang. Vgl. ook EVPs 7:16: En vrees bevang hulle almal.
111. ALI67: Sekoekoeni gevange en syn berg ingeneem
112. Wa9: laat soek het naar die verdwynde nurse
113. Rei9: Die vrije, ongestremde lewe van vroër is verdwene
114. AFG114: Was ook die vrijheidsson verdwene van Transvaal?
115. PA109: Net nou mar is hulle heeltemal vergeet!
116. PA178: en zoo raak dit vergeet!
117. CEL58: dat sij alleen is ... en vergeet
118. Ca33: Hij het te veel bloed verlies. (x verloor: Ca34).
119. PB28: 'n Menigte jonge mense het al hulle gesondheid daardeur verlies
120. AFG8: Neef Theunse het ferliis

121. CEL94: in ver gedagtes heeltemaal verloor/(geen r)
122. ALII21: di verlise ... deur alle boere ondervonde
123. Toi6: julle kan mos sê, dat di voël gevloge was?
124. AFG42: Meer as twe jaar is ferfloge
125. EVPs7:13: en word innerlik met ontferming oor haar bewoë
126. EVPs21:26: want die kragte van die hemele sal bewoë word
127. PAIII12:4: di Duitse Regering onbewoge sal laat
128. KE58: 'n dag so deurgebreng, was 'n opgewonde en gevaarlike genot
129. ALI91: Na ... die opinie van andere ingewonne ... te hê
130. Wal00: Die teerling was gewerp
131. PA28: Die wil van ider kind moet an jou wil onderworpe wees
132. ALI91: Toen di komite weer vergader was di gemoedelike beswaar van die twe lede geweke
133. PA156: waar dit bewese is dat dit bedrog was
134. PAI:4: deur onbewese en onverhoord en ongegrond die blad te veroordeel
135. PAI:5: In Nova Scotia is 40 mense deur 'n mynontploffing bedolwe
136. Hol15: Georwe had hy en syn vrou maar bedroef min
137. AFG11: word geskolde en gesmaad
138. AFG36: Lang het jy fenyn gesoge,/(r)
139. Stoops (1972) het ongewaste uit 1920 (bl. 124).
140. TOT48: So wil 'n bruid verworwe wees!
141. Malherbe (1917) wys daarop dat worde (uitgespreek as worre) heel gewoon is as infinitiefsvorm (bl. 55).
142. Vgl. Van Selms (1951), bl. 14 en 22.
143. Stoops (1972) teken begonne net een keer aan, en wel in 1921.
144. OK Okt.1896, bl. 148.
145. Vgl. Fowler en Fowler (1969): "bind one hand and foot (completely)" en vgl. hfst. 4 n82.
146. Vgl. Koenen en Endepols (1956).

147. Die presiese syfers is die volgende:

| | aantal woorde | met stam-verband | kon ook gereg. wees | sonder stamvb. | totaal onge-reg. | totaal gereg | tot. b.v. dwe. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1)Koerante/ tydskrifte: | 132.700 | 41 | 57 | 29 | 127 | 57 | 184 |
| 2)Belletr. prosa: | 162.300 | 31 | 33 | 69 | 133 | 44 | 177 |
| 3)Gepubl.preke (EVO): | 25.000 | 15 | 12 | 36 | 63 | 5 | 68 |
| 4)Bybelvert. (EVPs): | 25.875 | 9 | 2 | 14 | 25 | 27 | 52 |
| 5)Godsdienstaal (=3&4+BybSJ): | 54.875 | 24 | 14 | 50 | 88 | 35 | 123 |
| 6)Nie-fiksie: | 120.450 | 29 | 56 | 27 | 112 | 47 | 159 |
| 7)Belletr.poësie | 77.700 | 33 | 49 | 50 | 132 | 68 | 200 |

148. 'n Kombinasie van bost. Evangeli in di Volkstaaluittreksel en die boek Lukas uit Die vier Evangelië en die Psalme, plus die kortere "Dri Proewe" van S.J. du Toit se Bybelvertaling.
149. Stoops (1972), bl. 115.
150. Ibid., bl. 112.
151. Ibid., bl. 114.
152. Volgens Stoops (1972) wil dit egter "voorkom of daar in die beginperiode (= einde van 1875-1925-periode in terme van hierdie studie - C.J.C.) meer gebruik gemaak is van sterk vorme met klankwisseling as later" (bl. 124).
153. Vgl.(Bosman)1921
154. In al hierdie gevalle blyk dit eksplisiet of implisiet uit W+S '21 dat dit nie die ww.v.dw. is wat bedoel word nie.
155. Hol53: om myn bedroef te maak
156. EVPs11:17: Elke koninkryk wat teen homself verdeel is, word verwoes; en 'n huis teen homself verdeel, val.
157. KE39: op 'n oomblik toe hulle van mekaar verdeel was in drie klompies
158. EVPs12:52: sal daar vyf in een huis verdeeld wees
159. EVPs12:53: die vader sal teen die soon verdeeld wees
160. PAI:4: deur ... onverhoord ... die blad te veroordeel
161. x ferjaag (ww.) in vlg. strofe.
162. Ree22: en omgekeer sal dit waarskynlik maar ook so wees dat
163. Wa68: was hy ... stil en in sigself gekeerd
164. Lu22:32: as u eenmaal bekeerd sal wees
165. Wa1: die alreeds klaar geklee was
166. EVPs7:25: 'n Mens met sagte klere beklee?
167. EVPs8:27: en was met geen klere gekleed
168. OKII4: fra hy beleef an meneer Wahl
169. Hol26: David was voor 'n boer ordentlik geleer, (x geleerd)
170. Rei11: of hul daarvoor geleer was
171. PA55: Ik denk, de spelling o'er goed genoeg; maar de lezing nie, en dit is aan de een kant te geleerd, en aan de ander kant weer te ongeleerd of vreemd (uit brief aan PA).
172. ALI160: goed geleerd in Mozes wet/Wi was di man tog
173. VW9: hoe geleerd hul daar uitsien
174. VW12: Die plattelander is minder Hollands en Engels geleerd
175. Ne61: omdat hy so frindelik, welgemaakt, en innemend fan manire is
176. OKII13: siin hy sig in 'n oogwenk omring fan
177. ALII61: 'n Bejaarde weduwe, beroem om haar lewe duurgebrag (sic) met vaste en bidde
178. VW57: hoe frolik en opgeruim hy anders gewoonlik is
179. ALI92: tot die verskil uit die weg geruimd was
180. GL72: die Hugenote is nou die heele kolonie ... deur versprei
181. Rei20: haar broers en susters was oor die wêreld versprei
182. PA77: hoe dit was gestel
183. Rei36: hoe dit met mij gestel is

184. BR426: Ook Abram is net baje versteur als hij hoor van
185. PA154: Op den ... is Godfriet Gabriel getrou met
186. Wa26: Was sy nie ... in gemeenskap van goedere getrou nie?
187. Hol23: 'n Paar Afrikaanders soos Jan H. uitgesonder
188. PA117: Slegte nog uitgesonderd
189. ALIV72: uitgesonderd die diamant en Kopermijn Maatskappije
190. Wa61: uitgesonderd soldate
191. Wa27: verbaasd oor die houding van haar ... seun
192. OKI115: dan word die ontevrede party nog meer verbitter
193. PA181: hoe verheug dat ek was
194. BR471: toen hul versadig ge-eet was
195. Ne61: hy is fan haar onwankelbare liifde ferseker
196. VW41: Hiervan kan ons versekerd wees
197. Ne42: en hy bly as fersteend staan
198. Ne25: stamel Eduard half ferward
199. Ne57: dat ... Leentji ... so fêr fan hom moet ferwyder wees
200. ALII30: mar di slakke ... moet verwyderd gehou worde
201. PA141: Mar alles moet mos te'enswoordig ingevoerd wees!
202. OKI109: Dani was glad ferwonder om te siin hoe
203. BR427: Tant Sina ... kom uit, verwonder en verskrik
204. BR468: Menig leser sal altemit verwonder wees dat
205. BR486: sal verwonder wees om te sien welke
206. ALII63: "Bybelse Raaisels?" vra hy verwonder
207. Hol50: Daarom was hy so verwonder dat David kan sê
208. Ne4: en jy sal ni ferwonder wees ni
209. TOT81: wat of sij dan verwonder kijk
210. EVPsl:21: en was verwonder dat hy so lang in die tempel vertoef
211. AFG34: di diip geworteld Fryhyds boom
212. Hol53: wat al lanktyd geerger was om syn Afrikaans
213. Eenmaal as agtersetsel: CEL94: "die folterpijne onge-ag"
214. Vlg. die syfers van Stoops (1972) het gedag en gedog relatief tot gedink (+ het) nie in 1920 noemenswaardig sterker gestaan as later nie (bl. 96). Vgl. ook bl. 109. Wel vind sy egter gedag in die samestelling goedgedag in 1921 (2x) en later nie meer nie (bl. 109-10).
215. GL43: sodat hulle bes gedag het om
216. PAI:4: hy het tog gedog om die mense daarmee 'n grote diens te doen
217. OKI106 (ou Danster): ek is uit myn goed geo'erlê; om so uit jou goed geo'erlê te worde
218. Vgl. bv. "'n toegerus volk" (EVPsl:7).
219. Uitgesonderd ont-/teleurgestel.

# HOOFSTUK 6: DIE BYVOEGLIKE V.DW., 1652-1875 : DIFFERENSIASIE VAN DIE WW.V.DW. EN AANLOOP TOT 'N VORMALTERNANSIE

## 6.1 INLEIDING

In die Afr. van na 1925 is daar by die v.dw. formele differensiasie aanwesig tussen die v.dw. in sy suiwer werkwoordelike en sy byvoeglike gebruik, en by die byvoeglike gebruik 'n sistematiese vormalternansie wat veral deur sekere semantiese en sintaktiese faktore beheer word. In die periode 1875-1925 is die vormalternansie by die b.v.dw. al taamlik duidelik aanwesig, maar is die formele differensiasie tussen ww.v.dw. en b.v.dw. minder markant omdat soveel ww.v.dwe., in die geskrewe taal altans, die Ndl. vorm het. In die periode wat hier aan die orde kom, t.w. 1652-1875, en uiteraard veral in die laaste gedeelte van dié periode, is daar reeds tekens van 'n differensiasie tussen ww. en b.v.dwe. en selfs aanduidings dat daar by die sterk v.dw. sintaktiese vormalternansie bestaan het.

Die bestudering van die periode 1652-1875 is aan 'n paar beperkings onderhewig. Daar is relatief min tekste tot ons beskikking en omdat b.v.dwe. baie minder as ww.v.dwe. voorkom, lewer sommige tekste te min voorbeelde om duidelike afleidings uit te maak. Bowendien is baie van die tekste uit die tydperk nog Kaaps-Ndl., en is slegs 'n klein persentasie v.dwe. gereg. of sonder uitgang, sodat dit dikwels onmoontlik is om differensiasie of die bestaan van 'n alternansie aan te toon.

Om hierdie rede word in hierdie hoofstuk beperkter analisedoelwitte nagestreef as in die vorige, en word sterk en swak v.dwe. in enkele afdelings gesamentlik behandel. In hierdie hoofstuk word, eers vir die sterk en daarna die swak v.dwe., nagegaan in watter sintaktiese kontekste daar b.v.dwe. voorkom en of hulle ook ongereg./sonder uitgang kan wees, word die vorm van die b.v.dw. met dié van die ww.v.dw. vergelyk in chronologies opeenvolgende tekste en as so 'n

vergelyking moontlik is, en dan gekyk na morfologies en fonologies afwykende vorms en die gebruik van vaste uitdrukkings of formules. Uiteindelik word, vir sterk en swak v.dwe. gesamentlik, nagegaan wat die rol van aktief/passief as konteks van die ww.v.dw. is.

Die tekste/tekskomplekse waarna gekyk word, word uit hoofstukke 2 en 3 as bekend veronderstel; in die geval van Trigardt se joernaal is slegs die eerste 100 bl. geëkserpeer. Daar moet weer eens op gewys word dat dit nie altyd moontlik is om duidelik tussen die byvoeglike en suiwer werkwoordelike gebruik te onderskei nie; waar daar onsekerheid bestaan, word dit hieronder aangedui. Ook moet daarop gewys word dat dit in baie gevalle onmoontlik is om vas te stel of 'n bepaalde v.dw. vir die taalgebruiker 'n verband met die stam het; hoe ouer die teks is, hoe moeiliker is dit om hieroor sekerheid te hê.

Ofskoon daar nie voldoende materiaal is om tussen 'n aantal registers te onderskei, soos in die vorige twee hoofstukke gedoen is nie, is dit tog moontlik om tussen 'n paar styltipes te onderskei. En terwyl ons in die vorige twee hoofstukke met mod. Afr. te make gehad het, is die onderwerp van studie hier 'n hele spektrum wat strek vanaf "Ndl. met foute" tot "Afr. met Ndl. afwerking". Die vernaamste tekste kan soos volg ingedeel word volgens die kriteria van styltipe en taalvorm:

## Indeling van tekste volgens styltipe en taalvorm

| STYLTIPE → / TAALVORM ↓ | 1. Persoonlik (dagboektrant) | 2. Na buite gerig: (a) Pers. betrokkenheid/ ernstig/betogend | 2. Na buite gerig: (b) Gedistansieerd van owp./ spottend/joernalisties |
|---|---|---|---|
| 1. Kaaps-Ndl. (a) Ndl. met "foute" | Wikar | KA | |
| (b) Gebrekkige Ndl. | Duminy<br>Trigardt<br>KT:pers. briewe | KT, TA (P.E. Scholtz)<br>AWJ Pretorius<br>Barbier | |
| 2. Vroeë Afr. (a) met Ndl. toevoeging | | Bezuidenhout "Verdrukte Grikwa" | De Lima |
| (b) met Ndl. afwerking | | | Meurant<br>Zwaartman |

As ons na die sintaktiese verspreiding van die opgetekende voorbeelde kyk, is dit opvallend dat daar 'n hele paar kontekste is wat goed verteenwoordig is terwyl hulle waarskynlik hoegenaamd nie funksies van die v.dw. in die spreektaal verteenwoordig nie.

In verband met die kontekstipes afsonderlik, kan die volgende opgemerk word:

(i) Die onuitgebreide nabepaling (konteks 4a) is beperk tot enkele voorbeelde en kom hoofsaaklik in inventarisse en soortgelyke lyste voor. Dit is dus, selfs as skryftaalkonstruksie, [illegible] nie-bestaande.

(ii) Die uitgebreide nabepaling (kontekste 4bi en 4bii) is veel meer frekwent, maar figureer in tekste waar dit dikwels voorkom hoofsaaklik in formuleagtige uitdrukkings. Ons vind dit veral in Kaaps-Ndl. teksversamelings van 'n 2.(a)-styltipe.

(iii) Die uitgebreide voorbepaling (veral konteks 5bii) is in selfs 'n hoër mate tot Kaaps-Ndl. en styltipe 2.(a) beperk; dit verteenwoordig dikwels 'n heel ingewikkelde stelwyse, vgl. by Barbier: <u>het in het voormelte placcaat geschrevene</u> (waar v.dw. bowendien s.nw. is).

(iv) Perifere groepe is o.m. die tipe participium conjunctum/absolute deelwoordgroep en voor- en agtersetsel (kontekste 6,7,8a en 8b onderskeidelik). Dit is opvallend dat e.g. beperk is tot Kaaps-Ndl. en (feitlik tot) styltipe 2.(a), terwyl voor- en agtersetsels met een uitsondering na 1850 voorkom (in meer as een styltipe en taalvorm).

(v) Die s.nw. is goed verteenwoordig in die Kaaps-Ndl. teksversameling, styltipe 2.(a). Ons vind egter ook, buite die amptelike sfeer, dat substantivering redelik spontaan plaasvind (styltipes 1. en 2.(b)).

Verder kan opgemerk word dat ofskoon die onuitgebreide nabepaling in al die taalvorme en styltipes frekwent is, tekskomplekse soos die dagboek van Johanna Duminy en die stukkies van De Lima bewys dat dié kontekstipe by 'n bepaalde skrywer se lopende relaas nagenoeg afwesig kan wees.

Uit die oogpunt van styltipes is dit duidelik dat ons oor die algemeen die meeste kontekstipes by 2.(a)-skrywers aantref; dit is dan ook die ingewikkeldste tipe tekste. Meurant, ingedeel by 2.(b), vertoon egter ook heelwat kontekstipes.

Daar is nie 'n duidelike korrelasie tussen taalvorm (d.w.s. Kaaps-Ndl. en vroeë Afr. en hulle onderafdelings) en rykheid aan kontekstipes nie: Barbier en Wikar gebruik die v.dw. in meer uiteenlopende kontekste as Johanna Duminy en P.E. Scholtz; Meurant in meer kontekste as Zwaartman.

## 6.2 STERK V.DWE.

### 6.2.1 <u>B.v.dwe. in verskillende sintaktiese kontekste</u>

In konteks 2 (ander koppelwwe. as <u>wees</u>) vind ons, in 'n brief

(iii) Die uitgebreide voorbepaling (veral konteks 5bii) is in selfs 'n hoër mate tot Kaaps-Ndl. en styltipe 2.(a) beperk; dit verteenwoordig dikwels 'n heel ingewikkelde stelwyse, vgl. by Barbier: het in het voormelte placcaat geschrevene (waar v.dw. bowendien s.nw. is).

(iv) Perifere groepe is o.m. die tipe participium conjunctum/absolute deelwoordgroep en voor- en agtersetsel (kontekste 6,7,8a en 8b onderskeidelik). Dit is opvallend dat e.g. beperk is tot Kaaps-Ndl. en (feitlik tot) styltipe 2.(a), terwyl voor- en agtersetsels met een uitsondering na 1850 voorkom (in meer as een styltipe en taalvorm).

(v) Die s.nw. is goed verteenwoordig in die Kaaps-Ndl. teksversameling, styltipe 2.(a). Ons vind egter ook, buite die amptelike sfeer, dat substantivering redelik spontaan plaasvind (styltipes 1. en 2.(b)).

Verder kan opgemerk word dat ofskoon die onuitgebreide nabepaling in al die taalvorme en styltipes frekwent is, tekskomplekse soos die dagboek van Johanna Duminy en die stukkies van De Lima bewys dat dié kontekstipe by 'n bepaalde skrywer se lopende relaas nagenoeg afwesig kan wees.

Uit die oogpunt van styltipes is dit duidelik dat ons oor die algemeen die meeste kontekstipes by 2.(a)-skrywers aantref; dit is dan ook die ingewikkeldste tipe tekste. Meurant, ingedeel by 2.(b), vertoon egter ook heelwat kontekstipes.

Daar is nie 'n duidelike korrelasie tussen taalvorm (d.w.s. Kaaps-Ndl. en vroeë Afr. en hulle onderafdelings) en rykheid aan kontekstipes nie: Barbier en Wikar gebruik die v.dw. in meer uiteenlopende kontekste as Johanna Duminy en P.E. Scholtz; Meurant in meer kontekste as Zwaartman.

## 6.2 STERK V.DWE.

### 6.2.1 B.v.dwe. in verskillende sintaktiese kontekste

In konteks 2 (ander koppelwwe. as wees) vind ons, in 'n brief

van Grandpreez in 1758, die ongereg. vorm: "bollen waar inne het zaad van cipresse of ceder boom in geslooten Legt"[1]. Regularisering vind ons in hierdie konteks in "Daar leg de ding op papier uitgeschryf", in Meurant se "Zamenspraak"[2]. Die voorbeelde in konteks 3 (bepaling van gesteldheid) is byna konsekwent ongereg., vgl. by Wikar: "Ik hebbe mijn kliphagadis ... aan een pakriem vastgebonden laaten weyen"[3] en by Bezuidenhout: "alwaar wy ... behouden kwam"[4]; regularisering kom voor in: "ik verklaar die byeenkomste opgebreek", by Meurant[5].

As onuitgebreide nabepaling van 'n naamwoord vind ons in inventarisse: "een wage half sleet" (1769)[6], en: "2 Nuwe voorwielen onbeslagen" (in 1771, en verbeter tot: "2 nieuwe onbeslagen voorwielen")[7], en meer spontaan by Wikar: "de rest gemaalen word een welriekende olie"[8]. Kreuzman spesifiseer (uitgebreide nabepaling, konteks 4bii): "een fles wein in mein hus gedroncken"[9]. Geleege(n) kom dikwels in formuleagtige wendings voor; in "dat ik ... in het huy(s) van Ari derks van Ek geweest ben geleegen aan draaken Stijn" (1773)[10] is die nabepaling van sy antesedent geskei, en so ook by De Lima (1826), waar ons bowendien regularisasie het: "een Engelsche Koopmanschip is gekoome gelaeyd met sulke geld"[11]. A.W.J. Pretorius het in 1847: "het vermelt v(ee), verniel, verjaag en aan stukken gestooken"[12]. 'n Halfgeregulariseerde vorm van hierdie tipe, duidelik uit die spreektaal, kry ons in "toe sij sij daar op dat ik en hottentot ben, uijt en hottentot uijtgesneje" - lg. uit die verklaring van Elsie Vlotman[13] (c1790 - 'n Hottentot uitgeknip?).

In die voorbepaling (kontekste 5a, 5bi en 5bii) is die volgende regulariserings aangeteken: uit 1755: "2 Eynden geweefde Canten"[14]; uit 1839: "by de reeds vergaande leyken" (by A.W.J. Pretorius)[15] en in Meurant se "Zamenspraak": "een ouwe stukkie opgedraagte goet"[16]. 'n Aantal afwykende vorme, waaronder daar bv. gevalle is wat gedeeltelik swak en gedeeltelik sterk is, kom hieronder in par. 6.2.3 aan die orde. Dit is opvallend dat hierdie regularisering of gedeeltelike regularisering uitsluitlik in konteks 5a, wat 'n spreektaal-

konteks is, aangetref is. Ook die ander uiterste van die morfologiese spektrum is egter goed in ons tekste verteenwoordig, t.w. die toevoeging van -ne(n), wat in (geskrewe) Ndl. wel in sommige funksies toelaatbaar is. Enkele van die talle voorbeelde wat uit die 18e eeu opgeteken is, is: "in een uijtgeloopene sloot" (1733)[17]; "diergelijke gestolene Leijwaeten" (1739)[18]; "van de overledene Stephanes du Toit"[19] (asook elders baie dikwels overle(e)dene(n) as prenominale vorm); "de laatste aan UE gesondene Raporten" (1779)[20]; "allerhande kromgewassene houtjes" (Wikar)[21]; (met verskil tussen nom. en obliq.): "als de broer komt te sterven moet de overgebleeven broer zijn overleedene broeders weduwee trouwen" (Wikar)[22]; "de weg geloopene hott ntotten"[23]; by Johanna Duminy een (hiperkorrekte) voorbeeld (waar probeer word om iemand te beïndruk): "weet iij wel dat het de geweesenen landros is van graaf renet"[24]; by A.W.J. Pretorius 'n hele aantal voorbeelde, onder meer: "de aangebodene vee"[25]; by Zwaartman: "met zy verlorene zaak"[26].

Enkele voorbeelde van prenominale konstruksies, waarvan sommige uitsluitlik skryftaalvorme is en sommige selfs nie eers as sodanig in Afr. aanvaarbaar is nie, is die volgende: "de raport der gedaane Commando op den twentigste Augustus 1793" (waar die "gespletenheid" van die bepaling bydra tot die vreemdheid)[27]; "den aan de deur ... staan gebleevene Jongen" (1767)[28]; by Barbier: "in een aan haar geschrevene brief"[29]; "met de hem voor sijne mondprovisie gegeevene kost" (1760-2)[30]; in die Kasboek van Johanna Duminy: "aan duminy gegeven contant"[31]; uit 'n rekening van 1755: "in syn siekte aen hem in viermaalen aen de Caap gegeven contant"[32].

Ons vind die uitgebreide voorbepaling dus hoofsaaklik in die meer amptelike stukke van die KA; in enkele gevalle weet ons dat dit deur 'n sekretaris geskryf is. Na alle waarskynlikheid het ons hier met 'n kontekstipe te doen wat wel vroeër in amptelike Kaaps-Ndl. aangetref is, maar blykens ons tekste later uit die geskrewe taal (selfs die amptelike briewe van die veldwagmeesters) verdwyn het; deel van die gesproke taal was dit waarskynlik nooit.

Voorbeelde van die participium conjunctum (konteks 6) is: "en sulx vernomen, tot antwoord bequam" (Barbier)[33]; uit 1770: "bij de Schape gekome heeft hij zijn roer genomen en ..."[34].

As voor- of agtersetsel vind ons die v.dw. in die volgende: in die KT, 1779: "uijt genome(n) anthonie botes hendrik hatting en Casper Labuschanjen"[35]; in 'n koerantbrief van "Pouwel Grootschoen", 1845, maar in Ndl. konteks: "de goede uitgesloten"[36]; in 'n Zamenspraak uit 1849, ook in Ndl. konteks: "uitgenomen een stuk of wat nietsnutse"[37]; by Bezuidenhout (1851): "de meeste mense ... was Aferkaanders, - uitgenome neef Kirkwood"[38]; by P.E. Scholtz (1852-3): "ontstoken (= verstoken?) van Burgervoorregt"[39]; in Meurant se "Zamenspraak": "en hy trap allemaal doot, uitgenomen één"[40]; en in sy "Brieve": "uitgenome Colesberg en Burghersdorp"[41] "uitgenome die steek"[42].

Die v.dw. is bywoord in: "kwam onverziens een renosterkoey op 't lijf" (Wikar)[43]; "ek het vergange meijn toevlugt tot UE genoomen"[44].

As s.nw. kom ingesetene dikwels voor, o.m. in 1670[45] as mv.; ingesetenen passim by Barbier, maar ook: ingesettene, ingeseetene, ingezeete(n) (mv.)[46], ens.; in 1784[47]; in 1817: die ingeseten[48].

Van die v.dw. gevangen is daar in 1786: "De gevangene gedeeld"[49]; in 1793 "de gevange" (mv.), naas "daar word nog gevange" - die s.nw. skyn hier soms nog nader aan sy deelwoordelike oorsprong te staan, dus eerder mod. Afr. "gevangdes" as "gevangenes" te wees[50] - vgl. ook, in 1828: "van de gevangenen", naas 2x "gevange geven"[51]; by Trigardt: "de gevangene"[52].

Ander voorbeelde is: "het ... geschrevene" (Barbier)[53], "'t voorgevallene"[54], "de overgeschotene"[55], "geen besneden" (Trigardt)[56], "blykens toegezondene aan UE" (A.W.J. Pretorius)[57].

### 6.2.2 Vormteenstellings in verskillende tekste

In mod. Afr. kan of moet die b.v.dw., in sommige kontekste,

en pre- eerder as postnominaal, die nie-gereguleriseerde vorm aanneem. In die periode voor 1875 vind ons reeds enkele aanduidings van die bestaan van so 'n toestand.

Ofskoon talle wisselvorme by Barbier voorkom, is nie aangetoon dat hulle in hulle verspreiding op enigerlei wyse grammaties bepaald is nie. Barbier[58] het (ww. en byv.) dikwels gestool(t) en af en toe gestoole(n), soms ook prenominaal; hierteenoor slegs eenmaal gesteelt[59] en wel in kombinasie met hebben, dus 'n ww.v.dw. Vir gelezen het hy 6x geleest(e), 4x geleezen/geleesen - die meeste hiervan ww., postnominaal. Die v.dw. kombineer tweemaal met zijn(-de); in albei gevalle vind ons geleesen: "die gedatteert zijn den ... en hier aen deese Vergadering geleesen jn het jaar 1707"[60]; "Nu dan het Selve duijdelijck, artikel voor artikel, geleesen zijnde"[61]. Verskillende vorme van gekregen, t.w. gekre(e)gen, gekrijgen, gekreegt, gekreekt, kom altyd met 'n vorm van hebben en (dus) altyd werkwoordelik voor. Slegs in die drie gevalle waar die v.dw. voorafgegaan word (altyd indirek) deur heeft en net in dié gevalle, kry ons gekrijgen[62]. Ook die v.dw. van trekken kom steeds ww. voor: afgetro(c)k(t)/getrocken 4x met 'n vorm van hebben; eenmaal in "souden betreckt worden"[63]. Vir houden vind ons 5x gehoud, 2x gehouden, almal ww.; lg. vorm kom egter eenmaal in 'n uitgebreide nabepaling voor[64].

Trigardt het vlg. Smuts[65] 4x geloop (t.o. elders gelope); vgl. egter prenominaal: "een weg geloope vrouw"; "de wegeloope vrouw"[66]. Trigardt het oor die algemeen te min v.dwe. wat na hulle vorm van Ndl. afwyk om 'n ontleding die moeite werd te maak; ook Wikar en Johanna Duminy se v.dwe. is in die meeste gevalle Ndl. By A.W.J. Pretorius wyk net vier v.dwe. van Ndl. af[67].

Die koerantbrief van veldkornet H. Bezuidenhout (aan die Grensblad, in 1851[68]) is as gevolg van die samespel van 'n aantal faktore 'n duidelike voorloper van die toestand in mod. Afr. Dié faktore is die volgende: 1. Terwyl die taalvorm beie na aan mod. Afr. is, is die toonaard dié van 'n ernstige betoog. 2. Die styl is nie arm aan grammatiese konstruksietipes nie. 3. 'n Bepaalde ww., t.w. neem, word

dikwels gebruik. Die brief stel ons in staat om 'n redelik volledige paradigma van die v.dw. van neem te konstrueer; al die gevalle word hieronder agtereenvolgens in konteks aangehaal:

1) toe wy de osse in Zuurberg afgeneem het (suiwer ww. gebruik)
2) want de meeste van die patrolje was Aferkaanders, - uitgenome neef Kirkwoord (voorsetsel)
3) net vertel hoe dat (= dit) met hulle osse van de Kaffirs afgeneem gegaan is (kern van uitgebreide nabepaling)
4) dat de Kaffers twaalf span ossen op Addo van wagens afgeneem had (suiwer ww. gebruik)
5) van waar de Kaffers hulle geneem had (suiwer ww. gebruik)
6) en al de van de Kaffers genomen perde (kern van uitgebreide voorbepaling)
7) niet omdat ik het zou geneem hebbe (suiwer ww. gebruik)
8) om een van de genome perde gevra het (onuitgebreide voorbepaling)
9) en al zyn vee weggenomen had (suiwer ww. gebruik).

Die v.dw. word 5x suiwer werkwoordelik gebruik, en 4 uit die 5 keer vind ons -geneem soos in mod. Afr. (vbe. 1,4,5 en 7 t.o. 9). In albei die gevalle waarin die v.dw. in die voorbepaling gebruik word (vbe. 6 en 8), vind ons die ongereg. vorm, wat in mod. Afr. gangbaar sou wees; ook - en miskien juis - in die uitgebreide voorbepaling (vgl. 6), wat nie so algemeen in mod. Afr. is nie. Uitgenome as voorsetsel (vb. 2) is by 'n aantal ander skrywers ook opgeteken (vgl. par. 4.2.2.3 hierbo); ofskoon dit nie meer mod. Afr. is nie, is dit tog vergelykbaar met uitgeslote en uitgesonderd, waarvan die ongeregulariseerde vorm algemeen is in mod. Afr. Die uitgebreide nabepaling (vb. 3) is - soos die uitgebreide voorbepaling - nie (meer) algemeen in mod. Afr. nie; tog sou die gebruiker van so 'n konstruksie in mod. Afr. waarskynlik die gereg. vorm van die v.dw. verkies.

In die lig hiervan kan ook die volgende opgemerk word.

(a) Die vorm van die v.dw. van neem is hier nie aantoonbaar afhanklik van die aanwesigheid van 'n partikel nie, vgl.

| | |
|---|---|
| afgeneem | uitgenome, weggenomen |
| geneem | genome(n). |

(b) in -geneem/-genome(n) het ons 'n suiwer formele kontras, sonder die moontlike tussenstadiums -genoom of -geneme. (Die tussenstadiums geschreef (4x), gekreeg en moontlik gegeef kom wel voor).

(c) Die inf. wissel t.o.v. sy uitgang: afteneem (2x), opneem, afneme.

(d) In bost. nege vbe. het drie 'n kontekstipe wat gewoon is in mod. Afr. (vbe. 1,7 en 8) (asook in Ndl.); die ander gevalle kan miskien as meer tipies Ndl. beskou word (o.m. die plusquamperfectum). As hierdie verdeling aanvaar word, blyk dit dat dit nie die verspreiding van gereg./ongereg. onderskeidelik, verklaar nie:

| | /o/-stam | /e/-stam |
|---|---|---|
| "Afr." | 1 vb. | 2 vbe. |
| "Ndl." | 2 vbe. | 4 vbe. |

(e) Aangesien die Bezuidenhout-brief so 'n kort teks is, kan ons (buite die ww. neem om) byv. en ww. slegs met mekaar vergelyk as ons ook die swak v.dwe. by die vergelyking betrek. Ons kry dan die volgende:

Byvoeglik: die ongereg. vorm 3x (verstronid, verschrikt, behouden); die gereg. vorm 2x (afgezaal, bezorg).

Werkwoordelik: die ongereg. vorm 22 x (met inbegrip van gedaan (5x), gemaakt, gezegd, geleerd); die meer "Afr." vorm 38x (met inbegrip van gebloo, gezeg/geseg (12x), -geleg (2x), gevra (2x), gezog[69]).

Al is die b.v.dwe. te min in getal om 'n vergelyking sinvol te maak, is daar 'n geringe aanduiding dat die ongereg. vorm buite die suiwer ww. gebruik om die voorkeur geniet.

Indien sterk sowel as swak v.dwe. in ag geneem word, is

nog 'n teks wat relatief ryk aan kontekstipes is, dié van Van Jaarsvelt, uit 1779[70], met "uijt genome(n) anthonie botes" (ens.) (voorsetsel); "andere staat by namen aan geteken op den raport" (ander kww. as wees); "in het laatste door mij gedane opgaf" (uitgebreide voorbepaling); "met den laast gepaseerden Commandos" (uitgebreide voorbepaling); "wegens het verbeurte der op gaven van een velt Corporaal door mij gedaan" (uitgebreide nabepaling).

In Meurant se "Zamenspraak" en "Brieve" word die Ndl. sterk v.dw. in die volgende gevalle byvoeglik gebruik (tensy anders aangedui): "Zamenspraak": "en onze grond op de grens, wat nog nie uitgegeven (byv.?) is, wordt verkog"[71]; "die Kaapenaars is toch gesleepe (stamverband?) goet"[72]; "hy trap allemaal doot,uitgenomen één"(voors.)[73]; "ons moat heeltemal van de Kaap afgeschei wees"[74]; "dat's mooi gevang" (uitgevang? byv.?)"[75]; afgeschei[76]; "Goed gespreek! neef Andries" (byv.?)[77]; "Mense! ik verklaar die byeenkomste opgebreek"[78]; Daar leg de ding op papier uitgeschryf ... dits Hollands geschryf" (byv.?)[79]; ingespannen (byv.?)[80]. "Brieve": "en de ding is afgedaan met een korte proces" (byv.?)[81]; "om van de ding ontslage te wees" (v.dw.?)[82]; "en daarmee is het afgedaan"[83]; "en dat het net verlore werk is om te klage"[84]; "dan weet ons waar onse £200,000 leg. Dan is dit mos nie verloor nie"[85]; "dan is hulle al doodgeskrik al"[86]; "van ontslage wees" (v.dw.?)[87]; "hy was in zyn eige strik gevang"[88]; "uitgenome Colesberg en Burghersdorp" (voors.)[89]; "De zaak is zoo goet als gewin"[90]; "wil afgeschei wees"[91]; ontslage (v.dw.?)[92]; "uitgenome die steek" (voors.)[93].

Uit ± 14 duidelike gevalle van nie-ww. gebruik, kry ons slegs 4x die ongereg. vorm van die v.dw. : 3x as voorsetsel, 1x die prenominale vorm verlore. Lg. stem met mod. Afr. ooreen; die postnominale byv. vorm verloor kontrasteer met verlore in mod. Afr.

Uit 'n steekproef uit die "Zamenspraak" (bl. 1-30) het geblyk dat die ww.v.dw. 4x ongeregulariseerd en 25x geregulariseerd was[94]. Ww.v.dwe. wat in albei werke voorgekom het,

was in die "Zamenspraak" o.a. geworde[95], uitgegeven[96], gebleve[97], afgescheide[98], ontvangen[99] en gedaan (passim); in die "Brieve" o.a. vertrokke[100], ontvangen[101], gedaan en geworde (elk 'n paar maal).

By Zwaartman is sterk b.v.dwe. skaars; slegs die volgende is gevind: "Daar deur is baaijang van ons boere gedaan gemaakt" (in dié betekenis waarsk. suiwer b.nw.)[102]; "met zij verlorene zaak in de Parlement"[103]; "nou is mijn tijd gedaan" (ook b.nw.)[104]; "is dit gedaan met de aartappels" (waarsk. ook b.nw.)[105]; "kerels ... wat net zoo's predikante aangetrek is"[106]; "en makkou ... wat met afgesnijde vlerke is"[107]. Ongeregulariseerde v.dwe. in werkwoordelike gebruik (ook weer verreweg in die minderheid) is: "wat ver taal door Genesis gesproke was"[108]; "dat hij getroffe is deur middel van zijn zagte hart" (miskien byv.?)[109]; "of hij voor dit of dat distrik gekoze is" (byv.? t.o. gekies)[110]; "gevonde wort"[111]; 'n paar maal gedaan.

By Bezuidenhout vind ons vir die ww. neem 'n vormteenstelling tussen gereg. en ongereg. in verskillende kontekste wat goed met dié vir die mod. Afr. b.v.dw. ooreenstem; ons vind ook vir hierdie ww. - asook, maar minder duidelik, vir al die ander wwe. in die teks gesamentlik - 'n byvoeglik/werkwoordelike vormteenstelling. Van die laaste tipe teenstelling is daar ook by Zwaartman tekens.

### 6.2.3 Morfologies en fonologies afwykende vorme of oorgangsvorme

In postnominale konteks is slegs die volgende afwykende vorme gevind: "een ... Koopmanschip ... ge laaud met sulke geld" (De Lima)[112]; geschreeft (Barbier)[113]; en: "uijt en hottentot uijtgesneje"[114].

Prenominaal kom daar meer afwykende vorme voor; gedeeltelik sterk en gedeeltelik swak van vorm is by Barbier o.m.: "de gestoolt goederen"[115]; "een geswoord Secretaris"[116]; "vijftig gekisen Soldaete"[117] en "ons gestoolt Beesten"[118]. Uit 1759: "aan verloopt intrest"[119]. In 1762: "dese gestoolde gelt"[120]; in 1783: "de gewesende plaas van albart

van Zijl"[121]; in 1794: "ook een beij getrokte plaas"[122]; in 1823: "gestoolde goud" (= goed)[123]. Met weglating van die -e: (by Hugot): "de nagelat goeder van"[124].

Intervokaliese /d/ word /j/: In 1772: "gela(a)je roor" (2x)[125]; by Wikar: "de gebraavde sprinkane"[126]; en in die KT, 1772: "en gelaye gewees". Ander afwykende vorme is: "nalaate goederen"[127]; "dit is die op genomme goedere van"[128]. Dit is opvallend dat 'n halfregularisering van gestolen, nl. gestoolt of gestoolde, meermale hierbo voorkom.

### 6.2.4 Vaste uitdrukkings en formules

Ondergeschreven en sy spellingsvariante kom meermale voor; die ondeursigtigheid van die vorm vir die skrywer blyk uit 'n geval soos onder geschreewende: "Ick onder geschreven mae(r) tien van Staed" (1715)[129]; "Ick ondergeschreven bekenne hiermeede" (1715)[130]; "door d' ondergeschreevene" (1722)[131]; "ek und der ge schrefen" (1762)[132]; "Ik ondergeschrevene Jan Spendelaar" (1772)[133]. Afwykings is bv., uit 1717: "ich under geschrieven bekenne"...[134]; uit 1738: "van ons onder geschreve nae gesien" (eintlik die "korrekte" vorm?)[135]; uit 1770: "Ik ondergeschrevener betuige dat"...[136]; uit 1745: "wij onder geschreewende"[137]; uit 1758: "(i)k onder geschreewen" (naas: van die owerledene)[138] - in die laaste gevalle met intervokaliese /v/.

Vgl., as ander soort formule: "tot bij den voorschreve Wagtmeester Botma" (1784)[139].

## 6.3 SWAK V.DWE.

### 6.3.1 B.v.dwe. in verskillende sintaktiese kontekste

In konteks 2 kry ons gevalle soos: "blijven allegaards gepardonneert" (Barbier); "sal sig verpligt vinden"[140]; "alle Passasies lijt besit" (= lê beset)[141]; "mijn dus doende genootsaakt vindende"[142]; "gaat familjaar gekleed" (De Lima, 1828)[143]; "met de Kaapstad vereenigd blyf" (Meurant)[144]. In konteks 3 vind ons gevalle soos "ver leent ge Cregen heef" (1774)[145]; "gekwetst in de rivier koomende"

(Wikar)[146]; "kwam een ouwe kaffer ongewaapend naar mij"[147]; by Johanna Duminy: "de coorin die gewenst staat"[148], en: "het stond geseegent"[149]; in die "Zamenspraak" van Meurant: "ziet het bedaard na"[150], "bedaard en koel ... aangetoond"[151] en "hoe kryg ons die memories getykend"[152]. In dieselfde konteks (nl. 3) vird ons ook heelwat gevalle sonder die uitgang (dikwels by dieselfde woord); Trigardt het o.m.: "als de osse onbeschadig gevonden word"[153]; "dog onbeschadig uitgekregen"[154]; "bevrees maak"[155]; "krijg zij de paarden ombeschadig"[156]. By A.W.J. Pretorius vind ons (1839-48), naas "vind ik my ... verplegt"[157]: onbeschaadig[158], gewa(a)pen[159], ongestraf[160] en onbescherm[161].

In die nabepaling vind ons met die uitgang gevalle soos "Een (s) mans slaef genaamt pieter door mijn schoonvader aen mijn vrouw tot Een nuwjaar vereert, getaxeert op f250 (1738)"[162]. E.g. kom telkens voor, vgl. vir afwykende vorms ook nog par. 6.3.3 hieronder. Johanna Duminy spesifiseer in haar Kasboek: "aan hennin de looier voor twee vellen gebrijt en eenige gerepareert"[163]. Wikar het: "karosse aanmalkander genaayt"[164], "van karee houte latte gemaakt"[165] en "zo zalf als zeemsleer gebreyd"[166]. By Samuel Cilje vind ons in 1812 gewaapend[167] en in Zwaartman se "Boerenbrieven" vermoort[168]. Gevalle sonder die uitgang is reeds uit 1713 die volgende uit 'n doktorsrekening: "een Cataplam geaplikeer op sijn borst"; "2 packis antimoni met de polver van gout ge composeer"[169]. A.W.J. Pretorius het in 1847: "het vermelt v(ee), verniel, verjaag en aan stukken gestooken"[170].

Die afwykende vorms wat ons in die voorbepaling vind, word hieronder in par. 6.3.3 behandel. Die volgende is gewone wisselvorme: "van den gezeijde Joris van Straalen" (1696)[171]; "ingeleide paling" (1728)[172] en "ingelyde vis" (1776)[173].

Enkele voorbeelde van uitgebreide voorbepalings, minder of onaanvaarbaar in mod. Afr., is: "een met pijl gekwetste Hartebeest"[174]; "buyten desselfs koorn lant langens gemaakte nuwe wagen weg" (1790)[175]; "een dor Hörling van de wed$^{e}$ Pieter van der Westhuijsen gekogte paard" (uit 1748)[176];

met gesplitste bepaling: "een gekwetste eland van de leuwen" (Trigardt)[177].

'n Voorbeeld van die participium conjunctum is: "en in stukken gestampt zoeken sy de buytenste schil daaruyt" (Wikar)[178]. 'n Absolute dw.-groep vind ons ook by Wikar: "dat ... kort gezeyd leelyk gegroeyd is"[177]. As voorsetseluitdrukking vind ons in Meurant se "Zamenspraak": "het is klein gerekent by wat de werk zal koste"[180], en by Zwaartman: "De magistrate ... die krij min gelt gerekent bij de jutse"[181]. In bywoordelike funksie vind ons by Wikar: "dat dit mijn verhaal zo eenvoudig en ongereguleerd geschreeven is"[182], en by Trigardt, sonder uitgang: "pakte hij hem onvermerk weg"[183].

Die volgende is van die s.nwe. wat opgeteken is: Vir Ndl. gezaai/gezaaide het Afr. slegs lg. E.g. kom in ons tekste meermale voor: in 1708: "vier mudden gezaay"[184]; "gesaij"[185]; in 1812: "de gesaij, naas gesaijijen"[186]; daarteenoor: "de gesaijde beloof niets"[187]; in 1735: "het geesaaij"[188]; by A.W.J. Pretorius, 1847: "gesaayde"[189].

Ook frekwent is gekwe(t)ste (op diere, maar ook op mense van toepassing, vgl. "Die gekwesten man", by P.E. Scholtz[190], ook by Barbier en Wikar). Barbier het: "voor Haer leeve Sullen zij gequeste blyven"[191]; Wikar: "de gekwetste", naas (2x) "de gekwetste zeekoey"[192]; ook in 1779: "niet meer gekregen als twee gekweste" (= osse), naas: "8 gekweste" (= beeste)[193]; en by Trigardt gekwetste, gekwitste (ekv. en mv.)[194]. Geïsoleerde voorbeelde is verder, by Wikar: "de gal van 't geslagte" (d.w.s. skape en beeste)[195]; (jonk-) getroude, as mv. (2x)[196]; uit 1799: "nog hoop voor ons bedrukte"[197]; by A.W.J. Pretorius: "den beenderen der gemartelden"[198].

### 6.3.2 Vormteenstellings in verskillende tekste

#### 6.3.2.1 Swak v.dwe. met stemlose stameinde

Genoodsaak staan by Barbier sonder slot-/t/[199], maar ook met slot-/t/[200] (een geval moontlik nie byvoeglik nie: "zijn genoodsaakt geworden"); daar is geen ander duidelike gevalle van slot-/t/-verlies by postnominale b.v.dwe. nie. By die ww.v.dw. is daar 21% slot-/t/-verlies.

'n Brief uit 1752[201] het: "Ik ben genootsaak", t.o. geweest (ww.-2x), verwittig (ww.). 'n Verklaring[202] uit dieselfde jaar het naas geweest (ww.), gesoght (ww.): "met de ousten doghter ver loof was". Ook uit 1752[203]: "dat sij ver loof was aen", t.o. ww. gefraegh, gevraegh (2x), gedaght. (In 1756[204] kry ons: "mijn zeelve verlooft (ww.) en ondertrouwt (ww.) te hebbe"; bekragtig (ww.).). In 'n soort gesamentlike verklaring[205] uit 1758, fragmentaries geëkserpeer, vind ons weer drie vbe. van genoodsaak: "wij ondergetekende nog genoodsaak zijnde"; "zullende ons ... genoodsaak vinden"; "dat wij ons genoodsaak vond"; hiernaas, ook byv.: "wijl wij ons overtuigd vond", en ww. geplaats (2x). 'n Brief[206] uit 1761 het byv.: "sal ik genootsak sijn", en (waarsk. byv.) Gemaakt, t.o. ww. gemakt, verkogt (2x) en gedagt. Verder ook in 1762[207]: waarsk. byv. genoot saak, genootsaak, t.o. ww. "gekogt te hebben"; in 1776[208]: "dan sal wij genoot saak weese", t.o. ww. geweest, versogt, gemaakt. In 1779[209] vind ons: "was jk genoot saakt", en: "soodat wij genootsaak was" (albei waarsk. byv.), naas ww. geweest (4x), gewees, gevlugt.

By Wikar is slot-/t/ by die v.dw. altyd aanwesig, sodat vergelyking nie moontlik is nie. By Joh. Duminy vind ons slot-/t/-verlies by ww. sowel as byv.v.dwe.; vir lg. vgl. "tou was rijnoo genootsaak om"[210]; "dat het (= die koring) bij alle de mense verdroog was"; "dat bij martenis teunis alles verdroog was"[211].

In 1810 vind ons weer in die KT[212]: byv. genootsaakt; ww. aangesegt, geseg.

By Trigardt (volledig geëkserpeer tot bl. 100, verder slegs oppervlakkig) kom die b.v.dw. soms wel sonder slot-/t/ voor, vgl. "als de osse onbeschadig gevonden word"[213]; "krijg zij de paarden ombeschadig"[214]; "genootsaak"[215]; "genootsak"[216]; "ik was bevrees dat ..." (dikwels)[217]; "Wat uit gemaak is, is uit gemaak" (byv.? - by Albach)[218]; verplig[219]; gegrontves[220]; verheug[221]; "pakte hij hem onvermerk weg"[222]. Hierteenoor kry ons o.m. telkens verpligt met /t/[223]. By die ww.v.dw. is daar 45% slot-/t/-verlies (vgl. par. 2.4.4.2).

A.W.J. Pretorius het geoorloof[224]; verplig[225]; verjaag (moontlik byv.)[226]; "dat den anderen ongestraf toe gelaaten wort"[227]; omdat gy overtuyg syd"[228]; "ik wiert ook bevrees"[229]; "ook waare wy nog van geen bedrog ... overtuyg" (waarsk. byv.)[230]; "Is het geen harde saak voor my verjaag te syn en verstrooyd van myne maagschap?"[231]; "hartelyk bedroef ben ik te verneemen dat ..."[232]. Hierteenoor met /t/: verplicht[233]; verpligt[234]. Byv. is daar dus by hom minstens 71% verlies; dit stem nagenoeg ooreen met Smuts se 76% verlies by die v.dw. oor die algemeen (vgl. par. 2.4.4.2 hierbo).

Bezuidenhout[235] het byv. slegs verschrikt en bezorg: te min gevalle om 'n vergelyking sinvol te maak.

By P.E. Scholtz vind ons: "Die paarden zyn in dit gewesten bykans uitgevrek"[236]; "ik was bevrees"[237]; "6 gekwes"[238]; "zal verplig weesen"[239]; "ik is verplig om"[240]; overtuig[241]; "ik is in myn geheugen gekrynk"[242]. By die ww.v.dw. is daar 77% slot-/t/-verlies (vgl. par. 2.4.4.2); dus hoër verlies by die byv. as ww.v.dw.

By Meurant het slot-/t/ baie skaars geword. B.v.dwe. in sy "Zamenspraak" is slegs die volgende: vasgeknoop[243]; geplaag[244]; verplig[245]; belast[246]; aangeplak[247], overtuig[248] gemaak[249]; opgemaak[250]; vereenigd blyf[251]; opgewek, overtuigd[252]; en in die "Brieve": verneuk[253]; gemaak[254]; gedruk ziet[255]; overtuigd[256]; verplig[257]; opgedroog[258]; belast[259]. Slot-/t/ is dus betreklik skaars, selfs by b.v.dwe.; seker gevalle van slot-/t/-verlies in die "Zamenspraak" en "Brieve" is dus ongeveer 14/19 of 74%.

Hierteenoor is daar in die "Zamenspraak" heelwat gevalle waar slot-/t/ wel na werkwoordelike v.dwe. voorkom, bv. verwagt[260], (op-)gemaakt[261]; geweest[262], gedicht[263]; vastgesteld[264]; ingestampt[265]; gedraagd[266]; gezegd[267]; uitgedrukt[268]; afgeschaft[269]; verkocht[270]; uitgelegd[271], en in die "Brieve": gemaakt[272]; geweest[273]; gezegt[274]; "uitgelegd (byv.?) geweest hebbe"[275]; geëindigd[276]; weggeraakt[277], gevraagd[278], ens. Uit 'n steekproef in die "Zamenspraak" (bl. 20-40) blyk egter dat daar 38/40 of 95% slot-/t/-verlies

by die ww.v.dw. is; die 74% by die b.v.dw. suggereer dus wel dat slot-/t/ meer dikwels by die byv. as ww.v.dw. behou word.

Zwaartman (1870) het die volgende b.v.dwe.: verpligt[279], t.o. 10x verplig[280]; geoorloof[281]; verlos[282]; "bedroef weinig"(v.dw.?)[283]. Teenoor slegs een duidelike b.v.dw. met slot-/t/, is daar die vlg. werkwoordelike v.dwe. met slot-/t/: gemaakt[284]; verwacht[285]; geweest[286]; neergedrukt[287]. 'n Vergelyking van die ww. met die b.v.dw. sou hier nie sinvol wees nie.

Oor die algemeen kan ons stel dat sodra slot-/t/ in 'n teks by die v.dw. begin wegval, dit nie alleen die ww.v.dw. nie, maar ook die b.v.dw. tref; vanaf die middel van die 18e eeu - en selfs vroeër by Barbier - kom slot-/t/-verlies by albei soorte v.dwe. naasmekaar in tekste voor. Daar is 'n geringe aanduiding by Meurant dat slot-/t/ gereedeliker by die byv. as ww.v.dw. behoue bly; by P.E. Scholtz kan ons egter selfs die teenoorgestelde waarneem.

6.3.2.2 Swak v.dwe. met stemhebbende stameinde

Slot-/t/ verval oor die algemeen na 'n stemhebbende klank later as na 'n stemlose klank; 'n vergelyking is dus wat die vroeër dokumente betref besonder moeilik.

By Barbier vind ons (in die meeste gevalle waarsk. byv.): "off belastingen niet gepermitteerde waaren"[288]; "blijven allegaards gepardonneert"[289]; "en Selve soodanig gepardonneert"[290]; "Want Wij ben goed gewaep"[291]; "ben je niet verdoemt tot Euwigheijt"[292]; "ik was verzeekert dat"[293]; "dat ik gecondamnrer was een schelm te Erkennen"[294]; "de Selve Ordere, zijn gevioleert geblyft"[295]; "een boek dat ik gemaek heb, die jn drie deelen is verdeel"[296]. Indien gewaep verontagsaam word, is daar slegs twee duidelike gevalle van slot-/t/-verlies, d.w.s. 2/10 of 20% verlies, t.o. 26% by die ww.v.dw. (vgl. par. 2.4.4.2).

In die hele KA en KT is slegs een brief gevind wat 'n vergelyking moontlik maak. Van Jaarsveld[297] het in 1779 b.v.dwe. in "andere staat bij namen aan geteken op den

raport", t.o. die ww.v.dwe.: "versekert (geworden)"; aan/voor gesteld; ge-/verantwoort.

By Wikar, Joh. Duminy en De Lima is die slot-/t/ by die b.v.dw. sowel as die ww.v.dw. steeds aanwesig. Ook by Trigardt is (in die eerste 100 bl.) geen b.v.dwe. met slot-/t/-verlies gevind nie, wel 'n aantal gevalle met /t/. Ons weet dat ww.v.dwe. by hom ook byna altyd die /t/ behou het (vgl. par. 2.4.4.2 bo).

"Verdrukte Grikwa" (1830) het as b.v.dw.: "om over sommige dingen beschaam te wees"[298]; bepaalt[299], t.o. ww. gewei. By A.W.J. Pretorius (1838-49) is 'n paar gevalle van slot-/t/-verlies by die b.v.dw. gekonstateer, vgl. gewaapen[300]; gedompel (byv.?)[301]; gewapen[302]; verniel[303]; omring[304]; onbescherm[305]; hierteenoor met /t/ o.m.: "stil en bedaart"[306]; gepaseert[307]; verwondert[308]; byeenversaameld[309]; verwydert[310]; verstrooyd[311]; verblyd[312]; gesteld[313]. (By die v.dw. oor die algemeen was daar vlg. Smuts [illegible] verlies, vgl. par. 2.4.4.2 hierbo). Bezuidenhout[314] (1851) het byv. verstrooid en afgezaal, t.o. ww. verstomd; gestuur (3x); gestuurt; gehoor (2x); geleerd; vermoord, waarin geen differensiasie tussen byv. en ww. gesien kan word nie. By P.E. Scholtz is byv. slegs twee gevalle sonder /t/ gevind, nl. in: "omring is van vyanden"[315]; "ik sta(a)t verstom"[316]; t.o. (ook byv.): vervult[317]; verzeekert[318]; verblyd[319]. Verlies is dus 2/5, t.o. 3/20 by die ww.v.dw. (vgl. par. 2.4.4.2). Oor die algemeen kan van hierdie tekskomplekse niks afgelei word nie.

In Meurant se "Zamenspraak" is daar die vlg. b.v.dwe.: geleen[320]; getrouwt[321]; gesteld[322] (v.dw.?); verstom[323]; gestem[324]; veranderdt[325]; bewoont[326]; bedaard[327]; getykend[328]; in sy "Brieve": verstomt (2x)[329]; toegetakel[330]; getrouwt[331]; bedaart[332]; getekend (2x)[333]; verbouwereert[334]; gekleet[335]; mislei (byv.?)[336]; gewaardeert[337]. Hier vind ons - selfs met die uitsondering van twyfelagtige gevalle - ongeveer tweemaal soveel gevalle met as sonder /t/.

Ter vergelyking hiermee is gekyk na die werkwoordelike v.dwe. in die "Zamenspraak". Met die uitsondering van tipes

soos besteed en verpant (stam-/t/) en getrouwt (soos mod. Afr.), is daar ongeveer 17 gevalle met en 111 gevalle sonder /t/, dus sowat 87% slot-/t/-verlies. Ofskoon b.v. dwe. in die "Zamenspraak" en "Brieve" min in getal is, bespeur ons tog wel 'n neiging tot groter /t/-behoud by die byv. as die ww.v.dw.

By Zwaartman is die volgende gevalle aangeteken: "De magistrate ... die kry min geld gerekent bij de jutse"[338]; "Piet Theron ... wat ook geleert is" (naas: geleerdheid, en: "al is ik nie in die boek geleer" - byv.?)[339]; "de rondavel, wat laans de kruit huis gebout was ver hulle" (byv.?)[340]; "kijk hij heel verwondert ver Witlok aan"[341]; "Ou Oom Hans Riekert, wat eers veltkornet was, en Epwin Debbenis, wat in zijn plaas aangestel (byv.?) was"[342]; "Toe seh Neef Sagrijn ver mij ... dat dit wit mense was wat zwart gesmeer (waarsk. byv.) is"[343]; "Ons is al zoo getaxeer in de lant" (waarsk. byv.)[344]; "dit is anders omgekeer"[345] (moontlik 'n samesmelting van mod. Afr. andersom x omgekeerd, en as sodanig: vb. van slot-/t/-verlies waar mod. Afr. dit sou behou[346]); verwondert[347]; geëert[348]; "geleerd en slim en verstandig"[349]; "Hy kom met zijn mantel en bef en alles gekleet daar achter de skerm uit"[350]; "als hulle, wat wet geleert is, zoo veel foute maak"[351]; "als wij net beetje beter geleerd was" (byv.?)[352]; "nie alleen geleerd, maar ook respektabel"[353]; "dat een soldaat ... in zijn jonge daaë goed geleert was" (hier moontlik ww.)[354].

Van die gevalle wat na alle waarskynlikheid byv. is, het ongeveer 10 - d.w.s. die meerderheid - die /t/ en is 3 daarsonder, dus 3/13 = 23% slot-/t/-verlies. In 'n willekeurige gedeelte van die "Boerenbrieven", bl. 42-59, is 23 ww.v.dwe. sonder /t/ en slegs 3 met /t/ gevind, dus 23/26 = 88% slot-/t/-verlies. Ook hier is daar dus 'n neiging tot groter /t/-behoud by die byv. as die ww.v.dw. te bespeur.

Die paradigma van 'n v.dw. soos geleer(d) begin in die rigting van Afr. te ontwikkel: byv. geleerd, ww. geleer; uitsonderings of onsekere gevalle kom op bl. 33,95 en 96 van die "Boerenbrieven" voor.

6.3.3 Morfologies en fonologies afwykende vorme

'n Epentetiese /p/ vind ons in: "den plaats ... genaampt de hoeyie (= Koeie-)Kraal" (1754)[355], en so ook: genaampt[356], genaamp[357], Genamp[358] - telkens by verskillende skrywers. Dit lyk asof die verlies van slot-/t/ by hierdie woord met assimilasie gepaard gaan.

Verwarring van -de en -te vind ons in 1671 in: "het gemelte werk" (by Jean du Pre[359]); by Barbier: "het voormelte placcaat"[360]; in 1770: "dit bedroefte batavia"[361]; in 1739: "den voor genoemten knegt"[362]; in 1754: "een oude af geleefte Man"[363]; in 1762: "mijne uijt getrouwte Dogter"[364]; in 1765: "4 elle gestreepde baaij"[365]; in 1767: "en wit gekipperte (= gekeperd?) kamesool"[366]; in 1770: "tetafel met gesweefte (?) pote"[367]; in 1777: "1 partheij gezaagte lady en Cousijn Hout"[368]; By Joh. Duminy: "en ... liederlik gekleete bouer" (= boer)[369]; by Trigardt: "de verlegte kalf"[370]; by Zwaartman: "ingelegte snoek"[371]. -de/te weggelaat: Barbier het[372] "de gedruijck Regelmenten", "de gemel Kok" (naas gemeld(e) en: "de Be Eedig Verklaaring"; Kreuzmann net: vordinlon (naas vordinde lon)[373]; uit 1765 is daar: "1 stuk gestreep goet" (naas: 4 elle gestreepde baaij")[374]; uit 1812 is daar: "de agter Bleyvende ge kommadeer manschappe" (naas: "Ge kommadeerde Man schap" - dus moontlik blote skryffout)[375]; uit 1816: "de geroof vee"[376]; by Trigardt (Albach): "verdom Vrans man"[377], en: "De verdoem Boesman"[378]. -e weggelaat: Uit 1692 is daar: "en voor het huijs geploecht ende ongeploecht Lande" en "twee ongeleert ossen"[379]; as aanhef van 'n brief deur J. Hugot in 1710: "Ser bemind vrind"[380]; by Barbier talle voorbeelde[381], o.m. "het ... Verdoemt Weetenschap"; "gegeeselt gebrandmerkt sneesen"; "van ongedoopt hotentoten"; "de geleveert koorn"; "geleent plaatsen". Uit 1754 is daar: "van voornoemd Schoeman" (naas voornoemde)[382]; uit 1769: "een stuk gerookt biltong" (ook de-klas, soos tong?)[383]; uit 1776: "1 lb. gedroogd piteseelij"[384].

Wat die verbuiging van die b.nw. as sodanig in gebroke taal betref, sê Pheiffer "dat gebroke taal veel verder in

die rigting van defleksie van die byvoeglike naamwoord gaan as wat Kaapse taal dit ooit gedoen het"[385]. -e toegevoeg: Uit 1767: "en wit gekipperte kamesool"[386]; uit 1768: "een stuk gesoute rundvleesch"[387]. Joh. Dunimy voeg in haar Kasboek altyd die -e toe, vgl. bv.: "voor geleeverde broot" (meermale); "voor gekogte pampier"; "voor geleverde kaf"; "voor geleeverde vlees"[388]. Wikar het: "van alle andersgemaakte goed"[389]; A.W.J. Pretorius het: "met een gewonde aangeseg"[390]; Meurant in sy "Zamenspraak": "een ouwe stukkie opgedraagte goet"[391].

Enkele verdere vorme van belang is: "van de verkofte slavinne" (1707)[392]; "1 stuk gestreep goet" (1765)[393]; in die KT: "9 vris gewapenne bastaarts" (naas hanne = hande)[394], en weer by Zwaartman: "een gebreidde schaapvel"[395]. Die mv. gecommitte(e)rdens kom voor by Barbier: "haer gecommitterdens Hottentoten"[396], en in 1775 in die KA: "en ge Commeteerdens heemraden"[397] - in albei gevalle hiperkorrek.

Die volgende kan i.v.m. bostaande tipes opgemerk word: Ons vind meer dikwels -te i.p.v. -de as omgekeerd; vgl. vir die situasie in mod. Afr. par. 4.3.13 hierbo. Enkele male vind ons egter -te waar Afr. duidelik /də/ het, bv. getrouwte. Ons vind meer dikwels -e- weglating (strydig met Ndl. én Afr.) as -e- toevoeging; die weglating is moontlik hiperkorrek.

### 6.3.4 Vaste uitdrukkings en formules

Verklarings begin dikwels met formules soos die volgende, uit 1757: "ik ondergeteekende (s.nw.) bekenne"...[398]; uit 1760: "Bekenne ik onder getekende getuijge als dat"... (prenominaal)[399]; uit 1771: "Ik ondergetykende johan Hendriks Tuijtman" (prenominaal?)[400]; uit 1728: "jk onder getekent bekenne" (postnominaal?)[401]. (Van Dale gee: "ik ondergetekende"; "wij ondergetekenden"). Naas 'n mv. soos in: "Wij ondergeteekende wijnant Louw en Pieter: du Toit" (1746)[402], vind ons ook: "wij ondergeteekendens" (1771)[403]. Afwykings van die aanvaarbare vorme, wat heel dikwels voorkom, dui in baie gevalle op grammatiese ondeursigtigheid van die formule vir die skrywer, of blote onnadenkendheid,

vgl. in 17[illegible] o[illegible] on geteken (ondergetekende?) bekenne te wete dat" [illegible] in 1754: "Ick onder Gedeekent Johan George [illegible][405]; in 1760: "ik onder geteken verklaren met"...[406]; in 176[illegible]: "Ik ondergeteken persoon..."[407] (en passim sonder -de (n)); in 1767: "Ik hier onder getekenen bekennen ..."[408] (verwarring met ondergeschrevenen?); in 1772: "(i)k onder tekentde"[409]; in 1773: "ik on der getegende"[410]; en: "Ick oon der Gee theeken Joo Hanna"[411]; in 1775: "wy Onder Getekene"[412]; en in 1777: "ik onder geteken den"[413].

Vir die begrip "(bo-)genoemde" word talle woorde - in talle vorme en met talle afwykings - gebruik: op sigself al 'n aanduiding van die omvang wat die amptelike taalgebruiksregister aangeneem het. Die volgende is 'n uittreksel: gezeijde[414], voornomde[415], bowengenoemde[416], gemelten[417], boven gemelde[418], voor genoemten[419], voornoemd[420], geciteerde[421], voorseijde[422], vernoemden[423], veelgeciteerde[424], meergemelde[425], boove vernoemde[426], voorgemelde[427], Voorgenoemde x Voornoemde[428], gesegde[429], Genaamde x Genaamt[430], gerepte[431], voorsegde[432], evengemelde x voorsijde x Even genoemde x boven gemelde (s.nw.)[433], gemelde[434], opgemelde[435], lesgenoemde (s.nw.) (Trigardt)[436], voornoemende[437].

Op enkele ander uitdrukkings kan nog gewys word: "den gedaagden (owp., ekv.) bekent dat ..." (1711)[438]; gedaagderesse (1719)[439]; "berijdt ... zijn geseghden... nader gestampt te doen" (1737)[440]; "zoogenaamde grove Lastering" (Barbier)[441]; "de helefte van de gesyde" (1778)[442]; by Wikar: "Gepasseerde jaar"[443]; by Trigardt: "een aan gepresenteerde die [n] st"[444]; by A.W.J. Pretorius: "alle perzonen, hoe ook genaamd" (hoegenaamd?) (1848)[445]; in Meurant se "Zamenspraak": "al de benoodigde kantore"[446].

## 6.4 AKTIEF EN PASSIEF

Die ww.v.dw. is, blykens die voorbeelde wat opgeteken is, tot aan die einde van die onderhawige periode, dus 1875, in baie gevalle ongereg. (waaronder vir die doel hiervan ook

verstaan kan word: sonder slot-/t/-verlies). In hfst. 5 het ons gesien dat hierdie ongereg. ww.v.dwe. met die uitsondering van gedaan baie dikwels in die passief voorkom. Hierdie v.dwe. verteenwoordig dan ook blykens hulle spelling in die meeste gevalle die korrekte Ndl. klankvorm, al het hulle nie noodwendig die korrekte Ndl. spelling nie. As ons aanneem dat passiewe konstruksies eerder in die skryftaal as die spreektaal floreer en ons vind die ongereg. ww.v.dw. dikwels juis in die passief, dan lyk dit asof die gebruik van die ongereg. ww.v.dw. veral 'n skryftaalaanwendsel is. En die byvoeglike kontekste van die v.dw. sluit formeel by die passief aan en staan miskien ook op dieselfde vlak van ingewikkeldheid en taalsofistikasie. Om dié redes is dit dus ook belangrik om vir die onderhawige periode na te gaan wat die verspreiding van die ww.v.dw. ten opsigte van aktief en passief is.

In die "Zamenspraak" van Meurant bly die ww.v.dw. meer dikwels ongereg. in die passief as in die aktief. (Die sterk v.dwe. van Zwaartman - vgl. die einde van par. 6.2.2 hierbo - is met die uitsondering van gedaan almal in die passief.) In 'n steekproef uit die "Zamenspraak" (bl. 1-50) is in die aktief gevind 182 geregulariseerde vorme (met inbegrip van -zeg, -leg, -geef, -vraag, -dag, -brag) t.o. 17 ongeregulariseerde vorme (met ingebrip van gehad), dus 182/182+17 = 91% regularisasie, en in die passief 34 geregulariseerde vorme (met inbegrip van -kog, -leg, -plaag, -geef), t.o. 10 ongeregulariseerde vorme, dus 34/34+10 = 77% regularisasie. (Die hele mutatief en b.v.dw. is buite rekening gelaat, asook die aktiewe vorme overwege en geschreef.)

## 6.5 BEVINDINGS

In die inleidingsparagraaf is o.m. 'n indeling van die vernaamste tekste volgens drie styltipes en vier taalvorme, vanaf "Ndl. met foute" tot "Afr. met Ndl. afwerking" gemaak. Sonder om verder daarop in te gaan, kan daarop gewys

word dat wat die verspreiding van voorbeelde oor die verskillende sintaktiese kontekste betref, dit oor die algemeen blyk dat die onuitgebreide nabepaling beperk is tot inventarisse, ens., dat uitgebreide voor- en nabepalings veral in ernstige/betogende Kaaps-Ndl. teksversamelings voorkom en dat die v.dw. eers na 1850 as voor- en agtersetsel begin optree.

Sterk b.v.dwe. is in baie verskillende sintaktiese kontekste aangetref, en enkele ongereg. vorme is in elke konteks gegee om dit te demonstreer. In konteks 5 (prenominaal) is selfs heelwat ongereg. vorme met -ne(n)-toevoegings, Ndl. skryftaalvorme dus, aangetref. Gereg. vorme is in geen konteks volop nie; enkele voorbeelde is egter wel gevind in kontekste 2,3 en 5. In verband met die vorm van die b.v.dw. as voorbepaling kan die volgende opgemerk word: geen voorbeeld is gevind waar 'n swak v.dw. die vorm van 'n sterk v.dw. het nie; van die omgekeerde is slegs enkele voorbeelde gevind.

Die sterk v.dw. (vgl. par. 6.2.2) kom in baie vorme (van ongeregulariseerd tot geregulariseerd) by Barbier voor; nogtans kon geen neiging tot 'n formele byv./ww.-differensiasie gekonstateer word nie. Geen ander teks voor 1851 maak 'n vergelyking moontlik nie. Deur die saamval van verskillende faktore maak die betreklike kort teks van H. Bezuidenhout egter 'n vergelyking moontlik en kan ons daaruit 'n paradigma van -geneem/-genome aflei wat merkwaardige ooreenkoms met die toestand in mod. Afr. vertoon. By Meurant en Zwaartman leen die ongeregulariseerde b.v.dwe. hulle kwantitatief en andersins nie tot 'n vergelyking met ww.v.dwe. nie.

Uit par. 6.2.3 het geblyk dat meer morfologies en fonologies afwykende vorme pre- as postnominaal voorgekom het. Die morfologiese afwykings behels hoofsaaklik gevalle wat gedeeltelik sterk en gedeeltelik swak is, soos gestoolt en gekisen, en die fonologiese afwykings gevalle waar /d/ intervokalies /j/ geword het.

In par. 6.2.4 is 'n paar variante van -geschreven soos dit in vaste uitdrukkings en formules aangetref word, aangeteken.

Ook die swak b.v.dw. kom in verskillende sintaktiese kontekste voor (vgl. par. 6.3.1); vorme sonder die uitgang doen hulle in konteks 2 veral in tekste soos dié van Trigardt en A.W.J. Pretorius voor en by lg. ook in konteks 4a, terwyl daar enkele voorbeelde van uitgangsverlies in konteks 4bii uit 1713 aangeteken is.

Wat die swak v.dwe. met stemlose stameinde betref (vgl. par. 6.3.2.1) is van vroeg af voorbeelde sonder slot-/t/ (veral die v.dw. genoodsaak) gevind; daar is selfs geen aanduiding dat slot-/t/-verlies by die b.v.dw. anders verloop het as by die ww.v.dw. nie. 'n Mate van differensiasie vind ons by P.E. Scholtz (1852-3), by wie slot-/t/ meer konsekwent by die byv. as die ww.v.dw. wegval. By Meurant ("Zamenspraak" en "Brieve") is daar aanduidings dat slot-/t/ na verhouding meer dikwels by die byv. as die ww.v.dw. behou word.

Die swak v.dwe. met stemhebbende stameinde (vgl. par. 6.3.2.2) vertoon 'n soortgelyke patroon, ofskoon slot-/t/ daar oor die algemeen later begin verval. By Meurant is daar weer 'n geringe aanduiding dat slot-/t/ eerder by die byv. as die ww.v.dw. behou word; ook by Zwaartman is daar so 'n neiging te bespeur.

Morfologies en fonologies afwykende vorme by die swak b.v.dw. is in par. 6.3.3 behandel. Daar is o.m. voorbeelde gevind van 'n epentetiese /p/ soos in genaamp(t), die verwarring van -de en -te by prenominale vorme en die weglaat van -de, -te en -e by sulke vorme, asook van die toevoeging van -e. By swak v.dwe. vind ons - in samehang met die verdwyning van die nominale tweeklassesisteem - weglating sowel as toevoeging van slot-/ə/. Die gevalle van weglating - strydig met Ndl. sowel as Afr. - kan moontlik as hiperkorrek beskou word. In formuleagtige gebruik is veral gevind (par. 6.3.4) variante van ondergetekend(e) en verskillende variante en ander woorde vir "(bo-)genoemde".

In par. 6.4 is ten slotte gewys op enkele aanduidings dat die ongereg. ww.v.dw. baie geredelik in die passief voorkom, sodat ongeregulariseerdheid hier 'n skryftaalkenmerk kan wees.

Note by hoofstuk 6

1. MOOC 14/229.
2. Nienaber (1940), bl. 63.
3. Mossop (1935), bl. 72.
4. Nienaber (1971), bl. 171.
5. Nienaber, G.S. (1940),bl.48.
6. MOOC 8/13, Inv. no. 4.
7. MOOC 8/14, Inv. no. 6.
8. Mossop (1935), bl. 188.
9. MOOC 14/212.
10. St. 6/11.
11. Nienaber (1971), bl. 17.
12. VA,bl. 277.
13. KT no. 111.
14. MOOC8/8, Inv. no. 34 1/2.
15. Pretorius en Kruger (1937), bl. 60.
16. Nienaber,G.S.(1940),bl. 17.
17. CJ 337.
18. CJ 344.
19. St. 6/1.
20. St. 10/164 no. 16.
21. Mossop (1935), bl. 152.
22. Ibid., bl. 28; vgl. tewens <u>broer</u>/<u>broeders</u>.
23. KT no. 97: 1787.
24. Franken (1938), bl. 85.
25. VA, bl. 98.
26. Nienaber,G.S.(1942),bl. 26.
27. KT no. 110.
28. CJ 391.
29. Pheiffer (1976II), bl. 19.
30. CJ 377.
31. Franken (1938), bl. 349.
32. MOOC 2/1.
33. Pheiffer (1976II), bl. 3.
34. CJ 399, bl. 1005.
35. KT no. 301.
36. Nienaber (1971), bl. 104.
37. Ibid., bl. 137.
38. Ibid., bl. 171.
39. TA, bl. 231.
40. Nienaber,G.S.(1940),bl. 28.
41. Ibid., bl. 41.
42. Ibid., bl. 55.
43. Mossop (1935), bl. 43.
44. KT no. 165, 1802.
45. MOOO 23/5.
46. Vgl. Pheiffer (1976).
47. KT no. 73.
48. KT no. 259.
49. KT no. 84.
50. KT no. 119 (b).
51. KT no. 277.
52. Le Roux (1966), bl. 64.
53. Pheiffer (1976II), bl. 23.
54. CJ 384.
55. ST. 6/1.
56. Le Roux (1966), bl. 16.
57. VA.
58. Pheiffer (1976II).
59. Ibid., bl. 27.
60. Ibid., bl. 41 (waarsk. ww.)
61. Ibid., bl. 124 - byv.?
62. Ibid., bl. 43,85 en 128.
63. Ibid., bl. 69.
64. Ibid., bl. 98.
65. Smuts (1968), bl. 30.
66. Le Roux (1966), bl. 14.
67. Smuts (1968), bl. 31.
68. Nienaber (1971), bl. 171-4.
69. Benewens genoemde "tussen-stadiums", is verder buite rekening gelaat: <u>geleest</u>, <u>-gegaan</u>, <u>gezien</u>, <u>gepraat</u> en prenom. <u>veroverde</u>.
70. KT no. 301.
71. Nienaber,G.S.(1940), bl. 7. LW: By die "Brieve" begin die bladsynommers van voor af.
72. Ibid., bl. 18.
73. Ibid., bl. 28.
74. Ibid., bl. 33.
75. Ibid., bl. 34.
76. Ibid., bl. 36.
77. Ibid., bl. 47.
78. Ibid., bl. 48.
79. Ibid., bl. 63.
80. Ibid., bl. 74.
81. Ibid., bl. 11.
82. Ibid., bl. 15.
83. Ibid.
84. Ibid.
85. Ibid., bl. 19.
86. Ibid., bl. 20.
87. Ibid., bl. 29.
88. Ibid., bl. 35.
89. Ibid., bl. 38.
90. Ibid., bl. 47.
91. Ibid., bl. 53.
92. Ibid., bl. 54.
93. Ibid., bl. 55.
94. <u>Besteed</u>, <u>gegeef</u> en <u>gedraagd</u> is nie getel nie.
95. Nienaber,G.S. (1940), bl. 8, 35 en 44.
96. Ibid., bl. 11.
97. Ibid., bl. 22.

98. Ibid., bl. 32.
99. Ibid., bl. 44.
100. Ibid., bl. 11.
101. Ibid., bl. 26.
102. Nienaber,G.S.(1942),bl. 28.
103. Ibid., bl. 29.
104. Ibid., bl. 58.
105. Ibid., bl. 71.
106. Ibid., bl. 74.
107. Ibid., bl. 79.
108. Ibid., bl. 32.
109. Ibid., bl. 57.
110. Ibid., bl. 94 en 90.
111. Ibid., bl. 80.
112. Nienaber (1971), bl. 17.
113. Pheiffer(1976II) bl. 37 en 48.
114. KT no. 111.
115. Pheiffer (1976II), bl. 27.
116. Ibid., bl. 108.
117. Ibid., bl. 121.
118. Ibid., bl. 140.
119. MOOC 8/9 Inv. no. 3.
120. CJ 1086 no. 332.
121. KT no. 69.
122. KT no. 316.
123. KT no. 273.
124. Pheiffer (1976I), bl. 55.
125. CJ 408, bl. 931,933.
126. Moscop (1935), bl. 1[illegible]
127. MOOC 3/4.
128. MOOC 8/15, inv. no. 38.
129. St. 18/63.
130. Ibid.
131. MOOC 8/4 Inv. 34.
132. MOOC 8/10 Inv. 29.
133. St. 11/48.
134. MOOC 12/35.
135. MOOC 8/6 Inv. 9.
136. St. 5/20.
137. CJ 1059 no. 189.
138. RLR 44.
139. KT no. 70.
140. KT no. 73, 1784.
141. KT no. 136, 1798.
142. KT no. 173, 1803.
143. Nienaber (1971), bl. 22.
144. Nienaber,G.S.(1940),bl. 37.
145. RLR 44 no. 43.
146. Mossop (1935), bl. 102.
147. KT no. 257, 1816.
148. Franken (1938), bl. 88.
149. Ibid., bl. 98.
150. Nienaber,G.S.(1940),bl. 63.
151. Ibid., bl. 68.
152. Ibid., bl. 72.
153. Le Roux (1966), bl. 46.
154. Ibid., bl. 114.
155. Ibid., bl. 36.
156. Ibid., bl. 142.
157. VA,bl. 60.
158. Ibid., bl. 105.
159. Ibid., bl. 180 en 191.
160. Ibid., bl. 280.
161. Ibid., bl. 297.
162. MOOC 8/75.
163. Franken (1938), bl. 343.
164. Mossop (1935), bl. 54.
165. Ibid., bl. 114.
166. Ibid., bl. 142.
167. KT no. 237.
168. Nienaber,G.S.(1942),bl. 41.
169. Pheiffer (1976I), bl. 61.
170. VA, bl. 277.
171. MOOC 8/1 Inv. 21.
172. MOOC 8/6 Invv. 19,191/2.
173. MOOC 14/214.
174. Mossop (1935), bl. 32.
175. St. 6/90.
176. CJ 2980.
177. Le Roux (1966), bl. 56.
178. Mossop (1935), bl. 188.
179. Ibid.
180. Nienaber,G.S.(1940), bl.44.
181. Nienaber,G.S.(1942),bl. 15.
182. Mossop (1935), bl. 200.
183. Le Roux (1966), bl. 137.
184. MOOC 8/2 Inv. 23.
185. KT no. 171, 1803; ook in KT nos. 165 en 179.
186. KT no. 213.
187. KT no. 269.
188. CJ 1051 no. 25.
189. VA, bl. 280.
190. TA,bl. 310.
191. Pheiffer (1976II), bl. 119.
192. Mossop (1935), bl. 36 en 40.
193. KT no. 302.
194. Le Roux (1966), bl. 45 en 67.
195. Mossop (1935), bl. 82.
196. Ibid., bl. 88 en 90.
197. KT no. 153.
198. VA,bl. 51.
199. Pheiffer (1976II), bl. 34, 56,102(2x),104(2x),117 (2x - naas genoodsaake).
200. Ibid., bl. 12,35 en 58(2x).
201. CJ 1065 no. 7.
202. CJ 1067 no. 46.
203. CJ 1067 no. 49.
204. CJ 1073 no. 32.

205. S'dam 11/1.
206. CJ 1082 no. 30.
207. CJ 1083 no. 317.
208. KT no. 23.
209. KT no. 302.
210. Franken (1938), bl. 86.
211. Ibid., bl. 99.
212. KT no. 198.
213. Le Roux (1966), bl. 46.
214. Ibid., bl. 142.
215. Ibid., bl. 66.
216. Ibid., bl. 70.
217. Ibid., o.m. bl. 86,93,99 en 136.
218. Ibid., bl. 92 en vgl. bl. 111.
219. Ibid., bl. 95 en 111.
220. Ibid., bl. 109.
221. Ibid., bl. 127.
222. Ibid., bl. 137.
223. Ibid., bl. 88,121,133(2x) en 136(2x).
224. VA, 1838-49, bl. 63.
225. Ibid., bl. 191,122 (byv.?) en 316.
226. Ibid., bl. 277.
227. Ibid., bl. 278.
228. Ibid.
229. Ibid., bl. 343.
230. Ibid., bl. 353.
231. Ibid., bl. 354.
232. Ibid., bl. 382.
233. Ibid., bl. 100.
234. Ibid., bl. 365.
235. Nienaber (1971), bl. 171-4.
236. TA (1852-3), bl. 190.
237. Ibid., bl. 234.
238. Ibid.
239. Ibid., bl. 255.
240. Ibid., bl. 256.
241. Ibid., bl. 303 en 310.
242. Ibid., bl. 310.
243. Nienaber,G.S.(1940),bl. 13.
244. Ibid., bl. 15.
245. Ibid., bl. 19.
246. Ibid., bl. 21.
247. Ibid., bl. 29.
248. Ibid., bl. 33.
249. Ibid., bl. 35.
250. Ibid., bl. 37.
251. Ibid.
252. Ibid., bl. 41.
253. Ibid., bl. 6.
254. Ibid., bl. 7(2x) en bl. 8.
255. Ibid., bl. 8.
256. Ibid., bl. 39.
257. Ibid., bl. 53 en 60.
258. Ibid., bl. 68.
259. Ibid., bl. 74.
260. Ibid., bl. 5.
261. Ibid., bl. 7,32 en 54(2x).
262. Ibid., bl. 11 en 53.
263. Ibid., bl. 16.
264. Ibid., bl. 18.
265. Ibid., bl. 19.
266. Ibid., bl. 30.
267. Ibid., bl. 43.
268. Ibid., bl. 46.
269. Ibid., bl. 55.
270. Ibid., bl. 57.
271. Ibid., bl. 59.
272. Ibid., bl. 13(2x),35 en 58.
273. Ibid., bl. 5,12 en 62.
274. Ibid., bl. 10.
275. Ibid., bl. 12.
276. Ibid., bl. 31.
277. Ibid., bl. 67.
278. Ibid., bl. 69.
279. Nienaber,G.S.(1942),bl. 6.
280. Ibid., bl. 10,32,40,44,47, 58,68,70,79 en 89.
281. Ibid., bl. 58.
282. Ibid., bl. 62.
283. Ibid., bl. 78.
284. Ibid., bl. 56 en 67.
285. Ibid., bl. 57 en 61.
286. Ibid., bl. 84 en 95(3x).
287. Ibid., bl. 65.
288. Pheiffer (1976II), bl. 4.
289. Ibid., bl. 32.
290. Ibid.
291. Ibid., bl. 69.
292. Ibid., bl. 72, en vgl. bl. 132 en 133.
293. Ibid., bl. 93.
294. Ibid.
295. Ibid., bl. 86.
296. Ibid., bl. 121.
297. KT no. 302.
298. Nienaber (1971), bl. 49.
299. Ibid., bl. 47.
300. VA, bl. 180.
301. Ibid., bl. 190.
302. Ibid., bl. 191.
303. Ibid., bl. 277.
304. Ibid., bl. 278.
305. Ibid., bl. 297.
306. Ibid., bl. 51.
307. Ibid., bl. 220.
308. Ibid., bl. 277.
309. Ibid., bl. 297.
310. Ibid., bl. 350.

311. Ibid., bl. 354.
312. Ibid., bl. 364.
313. Ibid., bl. 365.
314. Nienaber (1971), bl. 171-4.
315. TA, bl. 304.
316. Ibid.
317. Ibid., bl. 234.
318. Ibid., bl. 256.
319. Ibid., bl. 310.
320. Nienaber, G.S.(1940), bl. 9.
321. Ibid., bl. 28.
322. Ibid., bl. 39.
323. Ibid., bl. 40.
324. Ibid., bl. 44.
325. Ibid., bl. 52.
326. Ibid., bl. 53.
327. Ibid., bl. 63 en 68.
328. Ibid., bl. 72.
329. Ibid., bl. 3.
330. Ibid., bl. 7.
331. Ibid., bl. 9.
332. Ibid., bl. 10 en 30.
333. Ibid., bl. 14.
334. Ibid., bl. 23.
335. Ibid., bl. 24.
336. Ibid., bl. 38.
337. Ibid., bl. 42.
338. Nienaber, G.S.(1942), bl. 24.
339. Ibid., bl. 33.
340. Ibid., bl. 36.
341. Ibid., bl. 40.
342. Ibid., bl. 51.
343. Ibid., bl. 53.
344. Ibid.
345. Ibid., bl. 61.
346. Vgl. ook, buite die v.dw.: "Kaapse mense wat...breedie <u>gewoon</u> is"(Nienaber, G.S.1942, bl. 46). Hierdie b.nw. ook in "Brieve van ander een Zwaartman" (bl. 100); <u>verwonder</u> (b.v.dw.)(bl. 99).
347. Nienaber, G.S.(1942), bl. 64.
348. Ibid., bl. 72.
349. Ibid., bl. 73.
350. Ibid., bl. 87.
351. Ibid., bl. 92.
352. Ibid., bl. 95.
353. Ibid., bl. 96.
354. Ibid., bl. 96.
355. RLR 44 no. 276.
356. KT no. 29, 1777, en no. 76, 1784.
357. KT no. 62, 1783.
358. KT no. 67, 1783.
359. Pheiffer (1976I) bl. 52.
360. Pheiffer (1976I), bl. 23.
361. MOOC 14/213, omslag 1777.
362. CJ 345 Ao. 1740.
363. CJ 1069 nos. 331-2.
364. MOOC 2/1.
365. MOOC 14/213.
366. MOOC 8/10 Inv. no. 24.
367. MOOC 14/214 Omslag 1777.
368. MOOC 8/16 Inv. no. 54.
369. Franken (1938), bl. 85.
370. Le Roux (1966), bl. 12, naas "Die nagt is een kalf de nek <u>verlegt</u>".
371. Nienaber, G.S.(1942), bl. 46.
372. Pheiffer (1976II), bl. 26, 90 en 95.
373. MOOC 14/212.
374. MOOC 14/213.
375. KT no. 225.
376. KT no. 256.
377. Le Roux (1966), bl. 61.
378. Ibid., bl. 91.
379. MOOC 8/1, Inv. no. 3.
380. MOOC 3/3.
381. Pheiffer (1976II), bl. 26, 27,28 en 47.
382. CJ 1069 no. 313.
383. St. 3/11.
384. MOOC 14/214.
385. Pheiffer (1976I), bl. 182.
386. MOOC 8/10, Inv. no. 24.
387. CJ 395.
388. Franken (1938).
389. Mossop (1935), bl. 110.
390. Pretorius en Kruger (1937), bl. 191.
391. Nienaber, G.S.(1940), bl. 17.
392. MOOC 14/196.
393. MOOC 14/213.
394. KT no. 236, 1812.
395. Nienaber, G.S.(1942), bl. 27.
396. Pheiffer (1976II), bl. 39.
397. St. 6/1.
398. Stel. 6/90.
399. Ibid.
400. St. 6/1.
401. MOOC 8/4 Inv. 111.
402. St. 3/8.
403. MOOC 8/14 Inv. 35.
404. MOOC 8/6 Inv. 42.
405. CJ 1069 nos. 331-2.
406. St. 6/90.
407. Ibid.
408. Ibid.
409. RLR 44.
410. St. 11/48.

411. MOOC 14/197.
412. MOOC 8/15 Inv. 33.
413. RLR 44 no. 85a.
414. MOOC 8/1 Inv. 21.
415. MOOC 3/3.
416. By G. Willer, Duitste stamvader; MOOC 3/7 no. 33.
417. CJ 344.
418. Pheiffer (1976II), bl. 87.
419. CJ 345.
420. CJ 1069 no. 313.
421. CJ 1072 no. 241.
422. MOOC 14/229.
423. St. 6/90.
424. CJ 377.
425. CJ 387.
426. MOJC 8/16.
427. RLR 44.
428. CJ 339 bl. 1005.
429. CJ 400.
430. CJ 400 bl. 380.
431. CJ 402/3.
432. CJ 408.
433. St. 6/1.
434. KT no. 70.
435. KT no. 277.
436. Le Roux (1966), bl. 80.
437. VA,bl. 343.
438. St. 5/7.
439. St. 5/11.
440. CJ 341.
441. Pheiffer (1976II), bl. 1.
442. KT no. 32.
443. Mossop (1935), bl. 176.
444. Le Roux (1966), bl. 19.
445. VA,bl. 343.
446. Nienaber,G.S. (1940), bl. 45.

# HOOFSTUK 7: DIE VOLTOOIDE DEELWOORD, 1652-1978 - VERNAAMSTE MOMENTE

## 7.1 INLEIDING

Die vernaamste momente in die geskiedenis van die Afr. v.dw. word hieronder samevattend bespreek en waar moontlik met mekaar in verband gebring. Daar word ten slotte nagegaan of die studie nie lig werp op vrae soos die volgende nie:

(a) Wat is die verhouding tussen die vormverandering by die ww.v.dw. soos dit in hoofstukke 2 en 3 beskryf is en die vormteenstellings wat by die b.v.dw. ontwikkel het, soos in hoofstukke 4-6 beskryf? Anders gestel: kan die vorme en alternansies waarmee ons vandag nog te make het, gesien word as eindpunt van tendense wat kort na die volksplanting al aanwesig was of ontstaan het?

(b) Wat is die verhouding tussen ontwikkelinge by die sterk en ontwikkelinge by die swak v.dw.?

(c) Wat is die verhouding tussen ontwikkelinge by die v.dw. en ontwikkelinge in die taalsisteem buite die v.dw.?

(d) Het die v.dw. as skryftaalverskynsel en as spreektaalverskynsel dieselfde status?

(e) Verteenwoordig die veranderings wat plaasgevind het 'n vereenvoudiging of simplifikasie van die Afr. taalsisteem? En het Afr. as kommunikatiewe sisteem by die veranderings gebaat?

## 7.2 SLOT-/t/-VERLIES

Die verlies van slot-/t/ - <u>t</u> of <u>d</u> gespel maar stemloos in die uitspraak - is hoofsaaklik 'n fonologiese maar ook in 'n hoë mate 'n meer-as-fonologiese proses wat na Middelnederlands teruggevoer kan word, wat reeds in Nederland en later konsekwent aan die Kaap die uitgang van die swak

v.dw. laat verval en so dikwels ook die res van die deelwoordstam aan apokopee blootgestel het, en wat ten slotte in mod. Afr. 'n vormdifferensiasie tussen die werkwoordelike en byvoeglike v.dwe. moontlik gemaak het wat in Ndl. onbekend is.

Ondersoekers soos Koelmans, Raidt, Scholtz, Van den Berg, Snyman en andere het reeds duidelik aangetoon dat slot-/t/-verlies in verskillende dele van Nederland van die Middeleeue af voorgekom het en vandag nog voorkom, en nie alleen wyd verspreid in die spreektaal nie, maar ook in die beskaafde omgangstaal, al is dit dan later teëgewerk in die A.B.N. (vgl. par. 1.2.5.2.2). In par. 1.2.5.2.3 word die vernaamste gegewens opgesom; dit is opvallend dat daar teenoor voorbeelde van die verlies van slot-/t/ byna net soveel voorbeelde, en dikwels in dieselfde kontekste, gegee word van die (hiperkorrekte) toevoeging van slot-/t/. Ons vind al voorbeelde van slot-/t/-verlies in Utrechtse tekste wat vanaf 1262 dateer; die oudste voorbeelde geld byna uitsluitlik die v.dw. en s.nw./eienaam, en die fonologiese konteks is 'n voorafgaande /x/ of /s/. Voorbeelde in tekste uit die Suid-Hollandse stede wat vanaf 1391 dateer, is nie woordsoortlik en fonologies so beperk nie, want ons vind hier ook apokopee by die persoonsvorm van die ww. en na 'n stemhebbende klank. Die verskynsel kom volgens Ausems nog in ons tyd uitgebreid in Culemborg voor, en hier ook, blykens sy voorbeelde - na 'n stemlose klank - nie net by die v.dw. nie, maar ook by talle ander woordsoorte, en veral ruimskoots by die persoonsvorm na 'n stemhebbende klank. Dit lyk dus asof hier twee faktore is wat slot-/t/-verlies bevorder: 'n voorafgaande stemlose klank en die funksie van persoonsvorm. Bekyk ons die Ndl. gegewens oor die algemeen (vgl. par. 1.2.5.2.4) dan bemerk ons o.m. dat wat die v.dw. betref, slot-/t/-verlies na 'n stemlose klank oor 'n lang tydperk wydverspreid voorgekom het, en dat, sc[illegible]n Suid-Afrika, slot-/t/-verlies (en toevoeging) meer dikwels na 'n stemlose as na 'n stemhebbende klank voorgekom het - maar

tog ook dikwels na /n/ en /r/, nie noodwendig soos by ons nie - en meer dikwels na 'n stemlose frikatief (veral /x/ as eksplosief (in lg. konteks byna nie voor 1800 nie) - ook weer anders as by ons. Terwyl die verskynsel van slot-/t/-verlies aan die Kaap en soos ons dit uit Nederland ken, in hoofsaak soveel ooreenstemming vertoon dat ons die een as 'n voortsetting van die ander kan beskou, is daar tog ook enkele verskille wat saamhang met die feit dat slot-/t/-verlies aan die Kaap sy eie gang gegaan het.

Die beeld wat ons van slot-/t/-verlies uit die belangrikste Kaaps-Ndl. en vroeë Afr. tekskomplekse waarin die verskynsel statisties nagegaan kan word, kry (vgl. par. 2.4.5.1.3), is een wat nogal ooreenstemming met die Culemborgse patroon vertoon, t.w. baie verlies by die pv., na stemlose klank, minder by v.dw. en nie-wwe. na stemlose klank en by die pv. na stemhebbende klank, en heelwat minder by die v.dw., na stemhebbende klank. Die voor-die-handliggende interpretasie is hier ook dat daar twee faktore werksaam was: 'n voorafgaande stemlose klank en die funksie van die persoonsvorm.

Die kwantitatiewe beperktheid van ons gegewens en hulle beperkte verspreiding oor tyd maak enige gevolgtrekkings in verband met taalverandering baie tentatief; die volgende opmerkings moet dan ook in dié lig gesien word. 'n Bestendige kwantitatiewe me van slot-/t/-verlies oor tyd vind ons slegs by die v.dw., na stemhebbende klank; in ons vroegste tekste is verlies in hierdie konteks meestal heeltemal afwesig (vgl. par. 2.4.5.2.1). As ons na al die kontekste van slot-/t/-verlies kyk, kan ons drie stadia in die ontwikkeling van die patroon onderskei (vgl. par. 2.4.5.2.2), t.w. 'n stadium A met nog geen verlies by vdw SH nie en heelwat meer as elders by pv SL, wat dui op die werking van die twee faktore wat hoërop genoem is; 'n stadium B wat reeds blyke gee van verlies by vdw SH, sodat dit lyk asof die funksie van v.dw. as sodanig (soos die funksie van pv. van die begin af) 'n faktor begin word wat verlies bevorder; en 'n stadium C

waar verlies by vdw SH sterk begin ooreenstem met verlies by vdw SL, en tewens verlies by pv SH met verlies by pv SL, sodat dit duidelik is dat die funksie van v.dw. 'n sterk faktor geword het (ofskoon nog nie so sterk soos pv nie), terwyl die fonologiese faktor (d.w.s. voorafgaande stemlose klank) byna geen rol meer speel nie.

Dit bring ons ongeveer by die middel van die 19e eeu, steeds met inagneming van die feit dat die skryftaal meer konserwatief is as die spreektaal, maar dat 'n skryftaalpatroon uiteindelik tog teruggevoer moet kan word na die taalvermoë/sisteemkennis wat die taalgebruiker ook in sy spreektaal aan die dag lê. In die tydperk wat ongeveer die middel van die 19e eeu eindig, is ww.v.dwe. en b.v.dwe. gesamentlik - d.w.s. sonder onderskeid - ondersoek, ten eerste omdat lg. so 'n klein persentasie van alle v.dwe. uitmaak dat dit nie nodig was om te onderskei nie en ten tweede omdat geen aanduidings van 'n differensiasie tussen die twee soorte v.dwe. gevind kon word nie.

Reeds by Barbier en ander vroeë tekste vind ons voorbeelde van slot-/t/-verlies na 'n stemlose klank by die b.v.dw. (vgl. par. 6.3.2.1) sodat dit duidelik is dat in tekste waar slot-/t/ begin wegval, dit sowel by die ww. v.dw. as die b.v.dw. gebeur. Terwyl ons by P.E. Scholtz (1851-3) vind dat die slot-/t/ geredeliker by die b.v.dw. as die ww.v.dw. verval, vind ons by Meurant 'n aanduiding van die omgekeerde.

Na 'n stemhebbende stameinde begin slot-/t/ veel later wegval, sodat daar so te sê geen vergelykingsmateriaal is nie (vgl. par. 6.3.2.2). By Meurant vind ons egter weer 'n aanduiding dat slot-/t/ geredeliker by die b.v.dw. as by die ww.v.dw. behoue bly, en so ook by Zwaartman. Ons het dus in die tydperk onmiddellik voorafgaande aan 1875 aanduidings (veral by Meurant) van 'n differensiasie tussen ww.v.dw. en b.v.dw., in albei fonologiese kontekste, met meer /t/-behoud by b.v.dw. as by ww.v.dw. Ons kan die volgende syfers met mekaar vergelyk, egter met inagneming van die feit dat die 95% 'n steekproef uit die "Zamenspraak" verteenwoordig en die 74% die hele "Zamenspraak" en "Brieve",

terwyl die ander twee persentasies elk op die hele "Zamenspraak" gebaseer is, sodat hierdie syfers streng gesproke nie goed vergelykbaar is nie.

Slot-/t/-verlies by Meurant

| | ww.v.dw. | b.v.dw. |
|---|---|---|
| na stemlose klank | 95% | 74% |
| na stemh. klank | ±87% | ±33% |

Benewens die differensiasie tussen ww.v.dw. en b.v.dw. is daar ook meer /t/-verlies na 'n stemlose as na 'n stemhebbende klank, maar dit is opvallend dat die fonologiese kontras heelwat kleiner by die ww.v.dw. is as by die b.v.dw.

Die kontras ww.v.dw./b.v.dw. is nie vir die tydperk na 1875 nagegaan nie omdat aangeneem word dat die regularisasie van die ww.v.dw. (in die spreektaal altans) nagenoeg volledig is. Vir dié tydperk is veral op die b.v.dw. gekonsentreer. Vir die tydperk 1875-1925 (vgl. par 5.3.8) vind ons by die b.v.dw. 'n duidelike fonologiese onderskeid tussen stemhebbend en stemloos, en by lg. meer behoud na frikatief as na eksplosief, maar in elk geval behoud in al hierdie kategorieë. Faktore wat - ook in die tydperk na 1925 - /t/-behoud bevorder, is o.m. moontlik die aanduiding van 'n gemoedstoestand (vgl. bedaard), die funksie van bywoord en 'n morfologiese faktor soos die voorvoegsel on-. In die tydperk 1925-1978 (vgl. par. 4.3.10) is daar ook nog 'n duidelike verskil tussen stemloos en stemhebbend, maar veral die liquidae - /r/ in die besonder - word prominent as faktor in /t/-behoud, terwyl na stemlose eksplosief nagenoeg geen /t/-behoud meer voorkom nie.

## 7.3 SLOT-/ə/-VERLIES

Anders as slot-/t/-verlies in die geval van die swak v.dw., maak slot-/ə/-verlies (vgl. veral par. 3.4) wat die vormwysiging van die sterk v.dw. betref, slegs 'n deel

van die prentjie uit. (Die verandering van die stam kom hieronder ter sprake). By die b.v.dw. na 1875 vind ons òf volledige regularisering òf die gebruik van die v.dw. so na as moontlik aan sy Ndl. vorm, sodat slot-/ə/-verlies as outonome proses nie meer bestaan nie.

Slot-/ə/-verlies is vir Scholtz nie - soos hy slot-/t/-verlies beskryf het - 'n "fonetiese proses" nie. Vir Van Haeringen het dit (in Ndl.) die reëlmatigheid van 'n klankwet, maar dit werk nie "blind" nie: funksionele faktore speel ook 'n rol, bv. by die verdwyning van die uitgang van die 1e pers. ekv.: (ik)neme. Anttilla wys daarop dat die plek wat 'n woord op die werkwoord-naamwoord-as inneem, 'n faktor kan wees wat die inwerking van 'n klankwet daarop medebepaal. Iets daarvan het ons reeds by slot-/t/-verlies gesien, want 'n pv. is meer werkwoordelik as 'n v.dw. In soverre slot-/ə/-verlies in Ndl. duidelik nie so 'n dinamiese proses is/was as slot-/t/-verlies nie, kan ook nie beweer word dat slot-/ə/-verlies by ons 'n regstreekse voortsetting is van 'n Ndl. proses in volle gang nie. Uit die oogpunt van funksionaliteit en die werkwoord-naamwoord-as sluit /ə/-verlies egter direk aan by 'n moontlike ontwikkelingsgang wat reeds in Ndl. bestaan het en gedeeltelik gevolg is.

Slot-/ə/-verlies is in parr. 3.4.3 (vgl. veral tabel 2) en 3.4.4 bespreek. Uit die gemiddelde verliespersentasies wat vir al die tekste gevind is, nl. pv. 77%, inf. 17% en v.dw. 19%, blyk 'n duidelike teenstelling pv. t.o. inf./v.dw. en ooreenstemming tussen inf. en v.dw. Soos by slot-/t/-verlies is die pv. hier ook weer die voorloper; dit is vir al die tekskomplekse afsonderlik - behalwe dié van Barbier - waar.

'n Verdere vraag is nou: wat is die verhouding van inf. tot vdw. met betrekking tot slot-/ə/-verlies? Ons vind dat by meer as die helfte van die tekste albei so na aan 0% lê dat ons geen afleiding kan maak nie. By drie tekskomplekse, t.w. (11), (14) en (15) is daar 'n goeie korrelasie, en by twee ander, t.w. (12) en (17), is daar

meer verlies by die v.dw. as by die inf. By Barbier het ons duidelik kwantitatief en patroonmating 'n afwyking: die hoeveelheid verlies by die v.dw. word eers in 'n teks van ongeveer 90 jaar later geëwenaar, en daar is meer verlies by v.dw. as pv.

Die volgende kan o.m. uit ons gegewens afgelei word: Soos by slot-/t/-verlies in die vdw SH, het ons hier ook 'n kwantitatiewe toename saam met die tydsverloop. Plaas ons die verliespersentasies van die swak v.dw. (slot-/t/-verlies na stemhebbende klank) en sterk v.dw. (slot-/ə/-verlies) vir die verskillende TKe naasmekaar, vind ons 'n redelike mate van reële korrelasie deurdat dit dieselfde TKe is wat vir albei soorte v.dwe. min of geen verlies toon, en dieselfde TKe wat meer of heelwat verlies toon.

As ons in ag neem dat in die inf.-kategorie na infe. van sterk en swak wwe. gekyk is en by die v.dw. slegs na die sterk ww. en dat daar op die twee kategorieë verskillende stelle faktore ingewerk het, dan is die korrelasie tussen inf. en v.dw. m.i. tog so goed dat dit op 'n klankwettige proses kan dui. Daar is egter wat die v.dw. betref, reeds gewys op die feit dat ons TKe in twee kampe verdeel is, deurdat hulle òf minder as 10% òf meer as 40% verlies toon, en dat hierdie verdeling ook met die doel en aard van die TK korreleer : lg. is nl. tot die breër publiek gerig en het 'n meer emotiewe trant. Ons kan dus vermoed dat skrywers die aan- of afwesigheid van die slot-/ə/ van die v.dw. (en waarskynlik ook van die inf.) meer bewustelik kon beheer as die slot-/t/ van die swak v.dw.

## 7.4 SLOT-/t/- EN /ə/-VERLIES : 'N VERGELYKING

Ons kyk eerstens na apokopee by die ww.v.dw., en vergelyk op hierdie punt die verskillende tekskomplekse met mekaar.

Slot-/ə/-verlies by die <u>persoonsvorm</u> korreleer in die geval van sommige TKe met slot-/t/-verlies na stemlose klank en in die geval van ander met slot-/t/-verlies na

stemhebbende klank. As ons dié TKe se gegewens met mekaar vergelyk waar al drie persentasies gebaseer is op 15+ tokens (t.w. B, 1, 7, 9, 10, 13, 14 en 17), vind ons dat die gemiddelde verliespersentasies die volgende is:

| | | |
|---|---|---|
| persoonsvorm | /t/-verlies na stemlose klank | 7 % |
| | /t/-verlies na stemhebbende klank | 52% |
| | /ə/-verlies | 65% |

Omdat die gemiddelde verliespersentasie vir /ə/ presies tussen dié vir /t/ lê, lyk dit asof slot-/ə/-verlies by die persoonsvorm ruweg korreleer met slot-/t/-verlies (ongeag voorafgaande fonologiese konteks).

Slot-/ə/-verlies by die v.dw. korreleer in die geval van ses TKe met slot-/t/-verlies na stemhebbende klank en in die geval van slegs drie TKe met slot-/t/-verlies na stemlose klank. Stel ons, soos hierbo, weer vas wat die gemiddelde verliespersentasies is - en die vergelykbare TKe is B, 1, 3, 5, 7, 8, 9, 10, 13, 14 en 16 - dan kry ons die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| v.dw. | /t/-verlies na stemlose klank | 57% |
| | /t/-verlies na stemhebbende klank | 13% |
| | /ə/-verlies | 20% |

Hieruit blyk dus dat slot-/ə/-verlies by die v.dw. 'n proses is wat veral vergelykbaar is met slot-/t/-verlies na stemhebbende klank.

Oor die algemeen kan van sowel slot-/t/- as slot-/ə/-verlies gesê word dat die v.dw. konserwatiewer is as die pv. Wat /t/-verlies betref, is nie-uwe. oor die algemeen konserwatiewer as die pv., en wat /ə/-verlies betref, is die inf. konserwatiewer as die pv.

'n Verskil tussen slot-/ə/-verlies en slot-/t/-verlies is dat by lg. die fonologiese konteks 'n rol speel, by e.g. nie. Dit is egter - soos elders al betoog is - geen bewys dat e.g. nie 'n fonologiese proses is nie.

Betrek ons nou ook die b.v.dw. by die vergelyking, dan kan ons konstateer dat apokopee by dié twee klanke in die

tweede helfte van die 19e eeu verskillende rigtings begin opgaan: slot-/t/ (soos veral by Meurant gemerk kan word) begin volledig verdwyn by die ww.v.dw. (anders as by die b.v.dw.) sodat daar 'n differensiasie tussen werkwoordelik en byvoeglik ontstaan. Voorts vind ons by die b.v.dw. (tot vandag toe) meer verlies na 'n stemlose as na 'n stemhebbende klank, d.w.s. die voortsetting van 'n ou differensiasie. Slot-/t/-verlies (ofte wel slot-/t/-behoud) is by die b.v.dw. nog nie iets van die verlede nie.

Dit is met slot-/ə/-verlies (resp. -behoud) anders gesteld: slot-/ə/-verlies is by die v.dw. altans as proses afgelope, vgl. gesing. Die slot-/ə/ is egter (soos ook by die ww.v.dw.) bestendig in wisselvorme soos geskrywe, en waar ons dit vandag by gevalle soos gebroke aantref (t.o. veel vroeër oorgangsvorme soos gebrook), het ons waarskynlik te make met 'n kunsmatige instandhouding (bv. onder invloed van die skryftaal) van A.B.N. vorme.

## 7.5 VERANDERING VAN DIE DEELWOORDSTAM

Die stam van byna alle v.dwe., sterk sowel as swak, wat vokalies of konsonanties van die stam van die pres./inf. afwyk, het in die loop van die geskiedenis 'n gelykskakeling ondergaan. Ons moet verder (vgl. par. 2.3.1) in ag neem dat die pv./inf.-stam self kon verander het, bv. braden na braaien, geloven na glo. 'n Belangrike vraag - maar een waarop dikwels nie 'n antwoord gevind kan word nie - is of die v.dw. bloot 'n samevoeging van ge + pres./inf.-stam is soos waarskynlik met ge + braai (+ d) die geval is en eintlik in alle gevalle kon gebeur het, en of die v.dw. self stap vir stap, parallel met die pres./inf., of via 'n tussenstadium, verander het, moontlik soos volg: gereden, geryde, gerye, gery. V.dwe. kom oor die algemeen net so dikwels soos presensvorme voor, sodat veranderinge van hierdie aard hulle ewe goed in die v.dw. as in die presensvorm kon voltrek het.

Veranderinge in die stam van die swak v.dw. is in par. 2.3 behandel en die verhouding tussen veranderings in die

stam en die uitgang in par. 2.5. Verskillende los groeperings is onderskei, maar afsonderlike v.dwe. kon dan nog hulle eie geskiedenis hê. Dit het o.m. vir die tipe gedacht, gebracht, gezocht, ens. gegeld (vgl. par. 2.3.2.1). Uit die opgetekende voorbeelde blyk dit dat die Ndl. dialektiese vorm -koft in die 18e eeu naas -kocht voorgekom het, ofskoon dit miskien nie tot die algemene spreektaal deurgedring het nie; verder was daar 'n neiging tot die volledige analogiese gelykskakeling van -zocht, terwyl gelykskakeling by -bracht/brocht en -dacht/docht eers vanaf die 19e eeu aan te toon is (en in lg. geval vandag nog nie voltooi is nie). Wat die tipe gezeg/geseg betref (vgl. par. 2.3.2.2) dui gegewens daarop dat dit tot ten minste die middel van die 19e eeu die gebruiklike vorm moes gewees het. Ander gevalle het in par. 2.3.2.3 ter sprake gekom, o.m. 'n verwarring tussen vorme van die wwe. schreeuwen en schrijven.

In par. 2.3.3 is bevind dat die swak v.dw. in tekste geneig is om konserwatiewer van vorm (d.w.s. nader aan die Ndl. vorm) as die pres./inf. te wees, sodat ons bv. seg/seh t.o. slegs geseg in 'n teks kry - 'n implikasionele verhouding.

Uit die verhouding stam/uitgang (vgl. par. 2.5) kan heelwat afgelei word ten aansien van die relatiewe chronologie van verskynsels. Op grond van die feit dat ons vir Ndl. gezegd (en dit geld ook soortgelyke v.dwe.) altyd in Afr. die tussenstadium geseg vind (en nooit gese(e)t nie) en vir gevraagd naas dikwels gevraag, net eenmaal gevraat (en net so gejaat en geklaat), maar vir gebracht sowel gebrag as gebrengt, kon afgelei word dat die regularisering van gebracht waarskynlik gelyktydig met die proses van slot-/ə/-verlies plaasgevind het, dié van gejaagd, ens., waarskynlik daarna, en dié van geseg, geleg, ens., beslis daarna.

Origens is daar 'n aanduiding dat hierdie onreëlmatige stamme, bv. -koch en -brag, skrywers behulpsaam was in die toevoeging van 'n slot-/t/, omdat hierdie /t/, in die tekste waarin dit nagegaan kon word, meer dikwels by onreëlmatige as reëlmatige stamme voorkom.

**Author** Conradie C J
**Name of thesis** Die Diachronie van die Afrikaanse voltooide deelwoord 1979

*PUBLISHER:*
**University of the Witwatersrand, Johannesburg**
**©2013**

*LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.